Praktiese Wenk: Gebruik rolspel waar die dissipel oefen om geestelike konsepte te verduidelik. Dit help om beide selfvertroue en bevoegdheid te bou in die oordra van die beginsels.

Oordraagbare onderrig hou ook die dissipelleier gefokus op eenvoud en duidelikheid. Wanneer ons onderrig met die doel om ander te bemagtig om te onderrig, verseker dit dat die boodskap gegrond, verstaanbaar en toepaslik bly. Deur dit te doen, vervul ons Jesus se oproep om dissipels te skep wat weer ander dissipels skep—en God se koninkryk uitbrei deur getroue gehoorsaamheid aan Sy Woord.

Ter opsomming: hier is die ses mees kritiese praktiese kwessies met dissipelskap:

1. **Gebed:** Soek God se leiding en bedek die dissipel in gebed.
2. **Leiding deur die Heilige Gees:** Luister aandagtig na die Gees vir rigting en onderskeiding.
3. **Gereelde Ontmoetings:** Beplan 'n gereelde tyd vir Bybelstudie, gebed en bespreking.
4. **Geslagspesifieke Dissipelskap:** Verseker dat dissipelskapverhoudings geslagspesifiek bly om versoeking te vermy.
5. **Tydsbestuur:** Prioritiseer dissipelskap deur effektiewe skedulering en wedersydse toewyding.

6. **Oordraagbare Onderrig:** Verseker dat alles wat geleer word eenvoudig, duidelik en ontwerp is om oorgedra te word. Bemagtig die dissipel om hierdie beginsels van die begin af met ander te deel.

Deur op hierdie praktiese kwessies te fokus, kan dissipelleiers 'n omgewing skep waar geestelike groei floreer. Dissipelskap is nie net 'n program nie, maar 'n reis van verandering wat Christus se oproep om dissipels te maak, eer. Meer spesifiek, oordraagbaarheid verseker die voortgesette siklus van dissipelskap wat die Groot Opdrag vervul.

Die dissipelleier moet fokus daarop om die dissipel betrokke te kry by al drie van die verhoudingsplatforms. Dit moedig die dissipel aan om deel te wees van 'n plaaslike gemeente en om gereeld dienste by te woon, waar die dissipel by 'n kleingroep wat gereeld vergader kan aansluit, sowel as om weeklikse persoonlike ontmoetings met die dissipel te hou. Dit sal 'n gebalanseerde gemeenskap met ander gelowiges verseker wat die dissipel positief kan beïnvloed. 

Persoonlike notas:



Hoofstuk Vier

Die Maak van Dissipels: Uiteensetting van die 3 Pilare

Dissipelskap is die kern van die Christelike lewe. Dit is die proses om ander in hul geloof te voed en om hulle te help om volwasse volgelinge van Christus te word. Regdeur Sy bediening, het Jesus die belangrikheid daarvan om 'n intieme pad te stap met mense, uitgebeeld, om hulle sodoende te help om God se waarheid in die alledaagse lewe te verstaan en toe te pas. Om dit effektief te doen, fokus ons op drie noodsaaklike pilare: **Gebed**, **Verhouding**, en **Inhoud**. Kom ons verken elke pilaar met toepaslike Skrif en praktiese voorbeelde.

1. Gebed

Gebed is die grondslag van enige dissipelskapsopvoeding. Dit nooi die Heilige Gees om te werk deur harte sag te maak en deur beide die dissipel en die mentor te lei. Hier is drie sleutelverse wat die krag van gebed in dissipelskap beklemtoon:

- **Kolossense 4:2** “Volhard in die gebed, en waak daarin met danksegging.”
- **Jakobus 5:16** “Die vurige gebed van 'n regverdige het groot krag”.
- **Mattheus 9:37-38** Toe sê Hy vir Sy dissipels: “Die oes is wel groot, maar die arbeiders is min. Bid dan die Here van die oes, dat Hy arbeiders in Sy oes mag uitstuur.”

Praktiese Toepassing:

1. **Bid vir Leiding:** Voordat jy met dissipelskap begin moet jy vir wysheid en onderskeiding bid. So ook vir wie jy gaan dissipel en hoe jy hulle sal lei.
2. **Tree in vir die Dissipel:** Dra jou dissipel gereeld in gebed op. Bid dat hulle in geloof sal groei en lewensuitdagings sal oorkom.

3. **Gebeds Onderrig:** Moedig jou dissipel aan om hul eie gebedslewe te ontwikkel deur gebed te beoefen, saam te bid, en te leer hoe om in verskillende situasies te bid.

Sarah mentor 'n jong gelowige, Ronel. Sy begin elke dissipelskap-sessie met gebed en vra die Heilige Gees om hul gesprek te lei. Sy moedig Ronel ook aan om 'n gebedsjoernaal te hou waarin sy haar gebede neerskryf en dan met tyd, God se antwoorde bepeins.

2. Verhouding

Dissipelskap is diep verhoudingsgebaseerd. Jesus self het aansienlike tyd spandeer om verhoudings met Sy dissipels te bou deur maaltye met hulle te deel, saam met hulle te stap en daaglik met hulle te gesels. Hier is drie verse wat die belangrikheid van verhoudings in dissipelskap beklemtoon:

- **Johannes 13:34-35** “n Nuwe gebod gee Ek julle, dat julle mekaar moet liefhê; soos Ek julle liefgehad het, moet julle ook mekaar liefhê. Hieraan sal almal weet dat julle my dissipels is, as julle liefde onder mekaar het.”
- **1 Thessalonicense 2:8** “Terwyl ons so na julle verlang het, was dit ons aangenaam om aan julle nie alleen die evangelie van God mee te deel nie, maar ook ons eie lewe, omdat julle vir ons dierbaar geword het.”
- **Sprenke 27:17** “Yster slyp yster, so slyp die een mens die persoon van die ander.”

Praktiese Toepassing:

1. **Spandeer Tyd Saam:** Kwaliteitstyd is noodsaaklik vir die bou van vertroue en vir kwesbaarheid om te gebeur. Dit mag maaltye saam geniet, geleenthede saam bywoon, of bloot net teenwoordig wees, insluit.
2. **Wees Oprek:** Deel jou eie geloofsreis met eerlikheid, insluitend jou worstelinge en oorwinnings. Hierdie deursigtigheid sal dissipels help om veilig te voel om oor hul eie uitdagings te praat.

3. **Bied Ondersteuning:** Wees daar vir jou dissipel op praktiese maniere—dit kan wees deur te help met ‘n persoonlike behoefte, mylpale te vier, of net te luister wanneer hulle wil afpak.

David bou ‘n sterk verbouding met sy dissipel Johan, deur weekliks vir koffie te ontmoet en die Bybel saam te bestudeer. Mettertyd deel Johan sy worsteling met angs. As gevolg van die vertroue wat David met hom gebou het, kan hy Bybelse bemoediging en gebed bied.

3. Inhoud

Inhoud verwys na die waarhede van die Skrif en noodsaaklike leerstellings van die Christelike geloof. Jesus het Sy dissipels deur gelykenisse, preke, en persoonlike gesprekke geleer, sodat hulle gegrond sou wees in die waarheid. Hier is drie verse wat die belangrikheid van gesonde leerstelling beklemtoon:


- **2 Timotheus 3:16-17** - “Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus.”
- **Mattheus 28:19-20** “Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.”
- **Psalm 119:105** - “U woord is ‘n lamp vir my voet en ‘n lig vir my pad.”

Praktiese Toepassing:

1. **Bybelstudie:** Bestudeer gereeld die Skrif saam. Kies gedeeltes wat beide geestelike groei en praktiese lewenskweptes aanspreek.
2. **Gee onderrig in Kernleerstellings:** Maak seker dat jou dissipel basiese Christelike oortuigings verstaan soos verlossing, genade, geloof, en gehoorsaamheid.
3. **Memoriseer Skrif:** Moedig jou dissipels aan om sleutel Bybelverse te memoriseer wat hulle in hul daaglikse lewe kan lei en troos.

Maria lei 'n dissipelskapgroep vir jong volwassenes. Sy ontwikkel 'n leerplan wat die lewe van Jesus bestudeer, die vrug van die Gees, en hoe om die Skrif in die werklike lewe toe te pas. Maria moedig groeplede ook aan om elke week 'n vers te memoriseer en dan te deel hoe dit hul week beïnvloed het.

Om dissipels te maak is 'n allesomvattende proses wat **gebed**, **verhoudingsbou**, en **inhoudsaflerwing** behels. Deur op die Heilige Gees deur gebed te vertrou, diep en egte verhoudings te koester, en dissipels in Bybelse waarhede te grond, kan ons Jesus se oproep om dissipels van alle nasies te maak, beantwoord. Soos ons ons voorneem om liefde in ander te belê, help ons hulle om volwasse volgelinge van Christus te word wat op hul beurt ander dissipels sal maak.



Ons kan aan hierdie pilare dink as die bene van 'n driepootstoel. Elke been is ewe belangrik en dra die gewig van die opdrag om dissipels te maak wat weer dissipels maak.

Gebaseer op hierdie fondament, is dit belangrik om inligting op die mees doeltreffende manier oor te dra. Mense leer egter nie almal op dieselfde manier nie—elkeen het 'n unieke styl om inligting te ontvang en te verwerk.

Daarom moet ons bewus wees van die verskillende leerstyle wat bestaan, sodat ons die inhoud so effektief moontlik kan oordra.

In die volgende hoofstuk gaan ons kyk na die verskillende leerstyle. 

Hoofstuk Vyf

Verskillende Leerstyle: Lineêre en Spirale Leerstyle

Christelike dissipelskap is 'n lewenslange reis van groei in geloof, kennis en geestelike volwassenheid. Die onderrig en mentorskap van gelowiges—hetsy nuwe bekeerlinge of ervare Christene—vereis 'n benadering wat beide begrip en toepassing van Bybelse beginsels bevorder.

Onderwys het oor die jare aansienlik ontwikkel en verskeie onderrig benaderings ingesluit om uiteenlopende leerbehoefte te akkommodeer. Een van die mees bestudeerde aspekte van onderwys is die konsep van leerstyle, wat daarop dui dat mense inligting op verskillende maniere inneem, verwerk en behou. Hierdie verskille benodig spesifieke onderrigmetodes om opvoedkundige doeltreffendheid te verhoog. Twee hoof benaderings tot leer is **Lineêre leer** en **Spirale leer**, elk met sy unieke struktuur en voordele.

Lineêre leer volg 'n aaneenlopende pad en vorder stapsgewys sonder om vroeëre konsepte te herbesoek. In teenstelling hiermee, besoek spiraal leer onderwerpe herhaaldelik en versterk en brei dit uit op verskillende vlakke van ingewikkeldheid. Hierdie hoofstuk sal verskeie leerstyle ondersoek, lineêre en spiraal leer vergelyk, en dan skat watter metode meer effektief is om langtermyn kennis te behou en 'n dieper begrip te bevorder.

Om verskeie Leerstyle te begryp

Leerstyle verwys na die verskillende maniere waarop mense verkies om inligting te verkry en te verwerk. Die mees erkende teorieë verdeel leerders as volg:

1. Visuele leerders – Verkies diagramme, grafieke en beelde.
2. Horende leerders – Leer die beste deur te luister en met verbale besprekings.
3. Kinestetiese/Fisiese leerders – Onthou inligting doeltreffender deur praktiese toepassings.

4. Skriftelik aangespoorde leerders – Absorbeer inligting deur alles neer te skryf.

Benewens hierdie, is daar modelle soos Kolb se Proefnemings leer teorie en Gardner se Meervoudige Intelligensie-teorie, wat beweer dat leerstyle meer ingewikkeld en van persoon tot persoon verskil. Ongeag individuele voorkeure, speel die struktuur van inhoudsaflewering—soos lineêre of spiraal leer—’n deurslaggewende rol in opvoedkundige uitkomst.

Lineêre Leer

Lineêre leer volg ’n vorderende volgorde waar nuwe inligting eers ingebring word nadat vorige inhoud bemeester is. Hierdie model kom algemeen voor in tradisionele onderwysstelsels, waar vakke georganiseerd onderrig word sonder gereelde hersiening van vorige materiaal.

Voordele van Lineêre Leer

1. Duidelike Struktuur – Onderwerpe word in ’n georganiseerde volgorde aangebied, wat verseker dat leerders nie oorweldig voel nie.
2. Voorspelbaarheid – Studente weet wat om volgende te verwag, watangs kan verminder en fokus kan verbeter.
3. Doeltreffend vir Sekere Vakke – Vakke soos wiskunde, programmering en voortgaande take, baat by lineêre ontwikkeling, waar basiese kennis noodsaaklik is voordat daar verder gevorder word.
4. Korttermyn Bemeester – Moedig bemeestering van onderwerpe aan voordat daar aanbeweeg word, wat voordelig kan wees vir vasgestelde toetse.

Nadele van Lineêre Leer

1. Vergeet vorige Les inhoud– Aangesien vorige onderwerpe selde herbesoek word, kan leerders vroeëre onderwerpe vergeet.
2. Moeilik om by Nuwe Uitdagings aan te Pas – As ’n student met een afdeling sukkel, kan dit moeilik wees om by te bly, aangesien die stelsel nie voorsiening maak vir hersiening of versterking nie.

3. Gebrek aan ooreenstemmende Begrip – Inligting kan in afsondering geleer word sonder verbintenis met wêreld realisme.
4. Beperkte Betrokkenheid vir Sekere Leerders – Nie alle studente vaar goed in 'n streng, georganiseerde leerstruktuur nie, veral dié wat meer baat vind by 'n deelnemende of holistiese benadering.

Spiraal Leer: Hersiening en Versterking van Idees

Spiraal leer, wat vir die eerste keer deur Jerome Bruner bekendgestel is, is 'n metode waar studente onderwerpe van toenemende gevorderde vlakke herbesoek oor 'n tydperk. In plaas daarvan om 'n onderwerp op een slag te bemeester, word leerders geleidelik aan sleutelidees blootgestel, wat met elke siklus versterk en uitgebrei word.

Voordele van Spiraal Leer

1. Beter Behoud van Kennis – Gereelde blootstelling aan vorige lesse, help om begrip te versterk en vergeetagtigheid te verminder.
2. Moedig Dieper Leermetodes aan – Die herbesoek van onderwerpe op meer gevorderde vlakke, bevorder kritiese denke en realistiese toepassing.
3. Aangepas vir Verskillende Leergange – Studente wat aanvanklik sukkel, kry meer geleenthede om die lesinhoud te begryp.
4. Buigsaamheid en Aanpasbaarheid – Hierdie benadering sluit in verskillende leerstyle en laat studente toe om konneksies tussen verskillende onderwerpe te maak

Nadele van Spiraal Leer

1. Kan Herhalend Voel – Sommige studente mag vind dat dit vervelig is om onderwerpe weer te besoek as die inhoud reeds begryp is.
2. Risiko van Oppervlakkige Begrip – As dit nie goed geïmplementeer word nie, kan vroeë blootstelling aan moeilike idees, wat nie ernstig opgeneem word nie, lei tot oppervlakkige leermetodes.
3. Meer Uitdagend om te Implementeer – Vereis noukeurige inhoudsontwerp om te verseker dat elke leersiklus effektief voortbou op die vorige een.

Vergelyking van Lineêre en Spiraal Leer

Kennisbehoud en Herroeping

Studies dui daarop dat studente 'n aansienlike deel van wat hulle geleer het vergeet, tensy hulle die materiaal herbesoek. Lineêre leer, wat nie gereelde hersiening insluit nie, lei dikwels daartoe dat studente vroeëre onderwerpe vergeet. In teenstelling hiermee verseker spiraal leer herhaalde blootstelling, wat geheuebehoud en herroeping versterk.

Betrokkenheid en Motivering

Lineêre leer kan effektief wees vir hoogs georganiseerde en gedissiplineerde studente, maar dit kan leerlinge wat sukkel om by te hou, verloor. Spiraal leer bied veelvuldige geleenthede aan om met materiaal te werk, wat groter motivering en belangstelling bevorder, veral vir vakke wat 'n diep begrip vereis, soos wetenskappe en menslikheid.

Toepassing op Verskillende Vakke

- Wiskunde en Wetenskappe – Spiraal leer is veral voordelig in hierdie areas, aangesien studente dikwels sukkel met afgetrokke begrippe wat met tyd versterking vereis.
- Tale – Spiraal leer ondersteun taalstudie, aangesien woordeskat, grammatika en begrip die beste ontwikkel word deur herhaalde blootstelling.
- Geskiedenis en Sosiale Wetenskappe – 'n Spiraalbenadering stel studente in staat om historiese patrone te sien en komplekse sosiale kwessies op 'n meer algehele manier te verstaan.

Aanpasbaarheid vir Verskillende Leerders

Lineêre leer neem aan dat alle studente teen dieselfde tempo vorder, wat probleme kan veroorsaak vir dié wat ekstra tyd benodig. Spiraal leer bied 'n meer buigsame benadering, wat voorsiening maak vir individuele leertempo's en ander soorte onderrig moontlik maak.

Verbands-Afhanklike Doeltreffendheid

Die doeltreffendheid van lineêre of spiraal leer hang grootliks af van die vakinhoud, leerderseienskappe en opvoedkundige doelwitte.

Vir grondliggende kennis wat 'n duidelike vooruitgang vereis (soos die aanleer van kode-sintaksis of die oplossing van algebra vergelykings), sal 'n lineêre benadering meer voordelig wees. Maar vir vakke wat dieper ontwerps begrip en langtermynbehoud vereis, is spiraal leer oor die algemeen beter.

Opvoedkundige Neigings en Moderne Leer benaderings

In hedendaagse opvoedkundige navorsing en leerplanne, word elemente van spiraal leer toenemend ingelyf, aangesien dit bewys is dat dit langtermyn kennisbehoud en intelligente ontwikkeling bevorder. Baie moderne onderrig raamwerke, soos die **Internasionale Baccalaureus (IB)-program** en skeppend opvoedkundige modelle, maak staat op spiraal leer beginsels.

Gemengde Benaderings

'n Kombinasie van lineêre en spiraal metodes mag die mees doeltreffende leerervaring bied. Byvoorbeeld:

- 'n **Lineêre struktuur** kan gebruik word om grondliggende kennis bekend te stel.
- 'n **Spiraal benadering** kan dan hierdie idees met tyd versterk en uitbrei. Hierdie gemengde strategie verseker dat studente georganiseerde lering kry, terwyl hulle ook baat vind by herhaling en meer betrokkenheid.

Die Waarde van Spiraal Leer in Dissipelskap en Christelike Beginsels

Die spiraal leer benadering werk goed met dissipelskap, aangesien dit gelowiges toelaat om voortdurend sleutel leerstellinge en beginsels met tyd te herbesoek, te versterk en hul verstandhouding te verdiep.

Waarom Spiraal Leer goed werk in Christelike Dissipelskap

1. Bybelse Beginsels Vereis Voortdurende Oorpeinsing en Groei

Die Bybel self toon 'n spiraal benadering tot leer, waar temas soos genade, liefde, gehoorsaamheid en verlossing alreeds vroeg bekendgestel word en dan deur die Skrif heen uitgebrei word.

Byvoorbeeld, Jesus se leringe in die Evangelies maak basiese waarhede bekend en herbesoek dit later in meer diepte, namate Sy dissipels in hul geloof groei. So ook die apostel Paulus se briewe wat herhaaldelik vroeëre leringe herroep, terwyl nuwe lae van begrip bygevoeg word.

2. Voorkoming van Oppervlakkige Geloof

'n Lineêre benadering tot dissipelskap kan lei tot oppervlakkige geloof, waar mense vinnig van een leerstelling na 'n ander beweeg sonder om dit volledig in hul lewens 'n geheel te maak. Daarenteen verseker spiraal leer, dat Christene herhaaldelik betrokke raak met sleutelbeginsels, wat dieper oorpeinsing, meer geestelike volwassenheid, en 'n sterker en meer gevestigde geloof verseker.

Byvoorbeeld, 'n nuwe gelowige mag eers die konsep van genade as God se onverdiende guns, leer. Met tyd, met die herbesoek van hierdie onderwerp, mag hulle die bedoeling daarvan in vergifnis, geestelike nederigheid en die daaglikse Christelike lewe, beter verstaan.

3. Die Hantering van Verskeie Volwassenheids vlakke in die Geloof

Dissipelskaps groepe voeg dikwels mense op verskeie stadiums van hul geloofsreis, by. 'n Lineêre onderrigmodel veronderstel dat alle gelowiges teen dieselfde tempo leer, wat sommige sal laat sukkel om by te bly terwyl ander vere voel.

Daarteenoor laat 'n spiraalbenadering toe vir:

- Nuwe gelowiges om basiese waarhede te begryp.
- Groeiende gelowiges om hul kennis en toepassing te verdiep.
- Volwasse gelowiges om hul begrip te verfyn en ander te mentor.

Hierdie metode weerspieël Jesus se benadering met Sy dissipels, waar Hy geleidelik dieper waarhede geopenbaar het namate hulle in geloof en insig gegroei het.

4. Toepassing van Christelike Beginsels in die Daaglikse Lewe

Geestelike groei gaan nie net oor die kennis van Bybelse beginsels nie, maar oor die uitlewing daarvan. Spiraal leer versterk praktiese toepassing deur kernleringe in verskillende lewensfases en omstandighede te herbesoek.

Byvoorbeeld:

- ‘n Jong Christen mag gebed aanvanklik as ‘n manier om met God te kan praat, verstaan.
- Later mag hulle leer oor voorbidding, om na God se wil te soek en hoe om vir ander te bid.
- Met tyd mag hulle ‘n dieper gebedslewe ontwikkel, wat vas, geestelike onderskeiding en aanbidding sal insluit.

Deur hierdie waarhede met toenemende diepte te herbesoek, sal gelowiges in wysheid, getrouheid en gehoorsaamheid groei.

Voorbeelde van Spiraal Leer in Bybelse Dissipelskap

1. Die Groot Opdrag (Mattheus.28:18-20)

Jesus beveel Sy volgelinge om dissipels te maak, hulle te leer en hulle te doop. Dissipelskap is ‘n voortdurende proses—nuwe bekeerlinge word basiese waarhede geleer, maar soos hulle groei, word hulle geroep om ander te onderrig, wat hulle eie leer versterk.

2. Die Vrug van die Gees (Galasiërs.5:22-23)

‘n Gelowige mag eers oor liefde, blydschap en vrede as Christelike deugde, leer. Namate hulle groei, herbesoek hulle hierdie beginsels en leer hoe om dit te ontwikkel in beproewings, verhoudings en geestelike gevegte.

3. Die Gelykenisse van Jesus

Jesus het dikwels in gelykenisse onderrig gegee, wat sy gehoor in staat gestel

het om eers eenvoudige waarhede te begryp, en later dieper betekenis te verstaan namate hulle geestelik gegroei het (bv. die Gelykenis van die Saaier in Mattheus13).

Lineêre en spiraal-leerbenaderings het elkeen hul eie sterk- en swakpunte. Terwyl lineêre leer 'n duidelike en georganiseerde vordering bied, kan dit tot leemtes in kennisbehoud lei. Spiraal-leer, aan die ander kant, versterk idees deur herhaalde blootstelling, wat 'n dieper begrip en aanpasbaarheid bevorder.

Oor die algemeen, stel navorsing en opvoedkundige praktyke voor, dat spiraal-leer meer doeltreffend is vir die bevordering van langtermyn-behoud en kritiese denke.

Tog hang die beste leerbenadering af van die vakinhoud en die leerder se leerbehoefes. 'n Baster model wat elemente van beide metodes bevat, kan 'n volledige opvoedkundige ervaring bied, wat georganiseerde onderrig en deurlopende versterking sal verseker.

Soos wat onderwys voortgaan om te ontwikkel, sal die aanvaarding van aanpasbare leerstrategieë wat by verskeie leerders pas, noodsaaklik wees om doeltreffender en meerekende onderwysstelsels te skep.

Die spiraal-leerbenadering is 'n kragtige hulpmiddel in Christelike dissipelskap en weerspieël die manier hoe Jesus en die Bybel, gelowiges lei na 'n dieper begrip en toepassing van geestelike waarhede. Deur sleutelbeginsels op verskillende stadiums van geestelike groei te herbesoek, bly dissipelskap dinamies, boeiend en herskeppend.

Uitermatig is die **Christelike geloof 'n lewenslange reis, nie 'n eenmalige les nie**. 'n Spiraal benadering verseker dat gelowiges aanhou groei in geloof, wysheid en gehoorsaamheid, en sodoende hul roeping as dissipels van Christus vervolmaak. ☩

Persoonlike notas:



DEEL 2

Hoofstuk Ses

Die Sekerheid van Saligheid

Doelwit

In hierdie hoofstuk sal ons fokus op hoe die dissipel gehelp moet word om sekerheid te hê dat hy in alle eerlikheid Christus gevra het om in sy lewe in te kom, en daarom:

Christus werklik in sy lewe ingekom het:

- hy wedergebore is as ‘n heel nuwe skepping;
- al sy sondes — verlede, hede en toekoms — vergewe is;
- ‘n nuwe verhouding tot stand gekom het tussen hom en God;
- hy nooit weer van God geskei sal word nie.

Bybelse grondslag

Dit is duidelik uit die Skrif dat God wil hê ons moet weet dat ons gered is. Daar is geen rede om te twyfel nie, en wanneer hierdie vraag finaal in die nuwe bekeerling se gedagtes opgelos is, kan hy sy aandag toespits op geestelike groei en om ‘n effektiewe ambassadeur vir God word.

Hier is ‘n paar verse uit die Bybel om die fondament vir hierdie onderwerp te lê:

Efesiërs 1:13,14	1 Petrus 1:1-9	Johannes 3:16-18
1 Johannes 4:15-17	Johannes 6:51	Handelinge 16:31
Johannes 17:1-3	Romeine 10:13	Hebreërs 7:24, 25
Kolossense 1:12-14	1 Petrus 1:23	Johannes 5:24
1 Johannes 5:11-13	Johannes 10:27-29	Romeine 8:1-3
Handelinge 10:43	Efesiërs 1:4-7	Hebreërs 13:5
Kolossense 2:13, 14	1 Johannes 2:12	Johannes 6:37
Openbaring 3:20	Johannes.11:25, 26	Romeine 8:31-39

‘n Definisie vir die Versekering van Verlossing:

Die oortuiging dat, alhoewel hy voorheen verlore en van God geskei was, hy nou verlos is deur Christus se offerande aan die kruis en vir ewig gered is.

Miskien het hy, of het hy nie, ‘n dramatiese ervaring tydens sy bekering gehad nie, en miskien voel hy geen verandering nie, maar hy het die vaste vertroue dat Christus in sy lewe ingekom het, hom gered het, hom herskep het, en hom nooit sal verlaat of in die steek laat nie.

Die doelwit van die versekering van verlossing is so belangrik dat jy dit jou doel moet maak om dit so deeglik as moontlik te behandel kort na die nuwe Christen se bekering. Dit is die eerste beginsel wat in die gelowige se lewe gevestig moet word. Wanneer ek iemand begin dissipel, maak dit nie saak of hy ‘n jong of ouer gelowige is nie. Hierdie beginsel moet deeglik op so ‘n manier in sy lewe gevestig wees, dat hy die inligting aan iemand anders sal kan oordra.

Ontlont die “Ervaringbom”



Figuur⁵

Die bogenoemde figuur kan gebruik word om aan jou dissipel te verduidelik hoe belangrik dit is om nie op die ervaring te fokus nie, maar om dieper te gaan.

Die Lokomotief, “Feit,” verteenwoordig wat ons weet die waarheid is op grond van die Woord van God. Die **Steenkoolkar**, “Geloof,” verteenwoordig ons geloofsoortuigings, en ons vertroue in sekere waarhede,

⁵ Bron van prentjie: <https://estherhizsa.com/2014/12/19/encountering-god-in-our-emotions/>

wat lei tot opinies en aksies. Wanneer ons sê ons glo in iets, dan sê ons dat dit die waarheid is, en ons is bereid om met daardie geloof op te tree. As ons sê dat ons glo dat 'n sekere stoel ons gewig sal kan dra, sal ons nie huiwer om daarop te sit nie. Die **Treinwa**, "Gevoelens," verteenwoordig ons subjektiewe, emosionele sensitiwiteit en indrukke.

Die trein sal met of sonder die wa kan beweeg, maar dit gaan nêrens sonder die lokomotief nie. Die trein sal ook net beweeg as daar steenkool vanuit die steenkoolkar in die lokomotief gevoer word. Op dieselfde manier sal ons Christelike lewens alleenlik beweeg as ons ons geloof in die feite van God se Woord plaas. Net soos die wa nie 'n trein kan aandryf nie, so kan jou gevoelens nie jou lewe as 'n Christen bekragtig of aanwys nie. Dit maak nie saak hoeveel geloof jy in jou gevoelens plaas nie, hulle sal jou nêrens bring nie. Net die feite sal.

Soos wat jy saam met jou dissipel op hierdie reis gaan, is dit belangrik om vyf sleutelpunte wat die nuwe christen moet begryp, in gedagte te hou:

Jesus het gesê in **Johannes.8:32** "En julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vry maak." Dawid het gesê in **Psalms 119: 105** "U woord is 'n lamp vir my voet en 'n lig vir my pad," nie my vermoedens, intuïsie of gevoelens nie.

1. Christus het inderdaad in sy lewe ingekom.

Openbaring 3:20 sê: "Ky, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My."

Vra die nuwe Christen: "Wat dink jy verteenwoordig die 'deur' in hierdie vers?" (Die deur van sy lewe — sy hart; sy wil.) "Het jy daardie deur oopgemaak? Wat sê dit sal Hy doen as jy die deur oopmaak?" (Inkom.) "So waar sou jy sê is Jesus op hierdie oomblik?" (Binne-in my!)

Ek weet sommige mense huiwer om Openbaring 3:20 te gebruik om te bewys dat Christus in die lewens van diegene wat Hom vra, sal inkom — hulle voel dit word buite verhouding gebruik. Dis waar dat die vers deel uitmaak van 'n boodskap wat die Here spesifiek aan die kerk van Laodicea

gestuur het, en dat die strengste vertolking in daardie konteks oorweeg moet word, maar die idee wat oorgedra word, kan regdeur die Skrif gevind word. Dit is net dat dit op die mees welsprekenste en eenvoudige manier hier uitgedruk word.

Ons weet dat God die inisiatief neem met die ongelowige; Hy klop aan die ongelowige se “deur” (Romeine 5:8; 2 Korintheërs 5:18-20; 1 Petrus.3:18). Ons weet dat die ongelowige moet hoor (Johannes 5:24; Romeine 10:17) en moet reageer (Johannes 3:16; Handeling 16:30, 31), en wanneer hy dit doen, sal Christus in sy lewende inkom (Johannes 1:12; 14:16, 17, 23; Kolossense 1:27). Jy kan miskien verkies om al hierdie verse met hom te deel, of anders net Openbaring 3:20, en dan later die konteks verduidelik.

2. Hy is wedergebore as ‘n heel nuwe skepping.

Deel **2 Korintheërs 5:17** met jou dissipel: “Daarom, as iemand in Christus is, is hy ‘n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan; kyk, dit het alles nuut geword.” Vra hom wat dink hy beteken die vers, wanneer dit sê hy het ‘n “nuwe skepsel” geword. Nadat hy ‘n goeie probeerslag om dit te beantwoord gehad het, verwys hom na Johannes 3 en laat hom verse 1-8 lees aangaande die gesprek tussen Jesus en Nikodemus. Verduidelik aan hom dat elke lewende persoon vandag, in die fisiese ryk ingebore word — maar dat daardie een geboorte nie voldoende was nie. Aangesien God in die geestelike ryk bestaan, moet ons ook in daardie ryk ingebore word sodat ons gemeenskap met Hom kan hê. Dit het gebeur toe ons Christus in ons lewende ingenooi het.

Ons het nie veel van ‘n keuse gehad oor ons eerste geboorte nie, maar ons het totale beheer oor ons besluit aangaande ons tweede geboorte. Jy mag dalk wil praat oor die drie-dimensionele mens. Ons is almal in hierdie wêreld gebore as twee-dimensioneel, met ‘n liggaam en ‘n verstand. Ons was fisies en verstandelik, maar toe ons die Gees van Christus vra het om in ons lewende in te kom, het ons ‘n derde dimensie gekry- die geestelike. Tot en met daardie oomblik was dit onmoontlik vir ons om met God te kommunikeer of om Sy teenwoordigheid te ervaar, want Hy het op ‘n vlak bestaan waartoe

ons geen toegang gehad het nie. Toe ons in die geestelike ryk ingebore is, het ons die bonatuurlike toerusting ontvang wat dit moontlik maak om met God te kommunikeer. Een van die primêre gevolge van hierdie feit, en een wat ons die nuwe Christen moet help begryp, is dat aangesien hy nou 'n geestelike wese is, daar nou krag beskikbaar aan hom is in die vorm van die inwonende Gees van God wat nie voorheen daar was nie.

Hy is nou totaal verander tot in die kern van sy wese. Help hom om te verstaan dat hierdie veranderinge dalk nie dadelik sigbaar is nie, maar soos hy in Christus volwasse word, sal hulle al hoe meer duidelik word.

Hier is 'n paar ander verse wat jy miskien kan oorweeg om met hom aangaande hierdie onderwerp te deel: Psalm 51:10; 2 Korintheërs 3:18; Galasiërs 6:15; Esegïel 36:26,27; 2 Korintheërs 4:6,7; Efesiërs 2:4-6, 10; Handeling 1:8; Galasiërs 2:20; 2 Timotheus 1:7.

3. Al sy sondes — verlede, hede en toekomstig — is vergewe.

Soek elkeen van die volgende gedeeltes op en skryf 'n opsomming daarvan in jou notaboek neer. Deel een of twee van hulle wat regtig met jou praat oor hierdie onderwerp. Moet die arme ou nie oorweldig met sewe of agt verse nie, maak net jou punt en beweeg aan.

Psalm 32:5	Psalm 103:12	Jesaja 38:17
Jeremia 33:8	Handeling 10:43	Efesiërs 1:6,7
Kolossense 2:13, 14	Hebreërs 10:16, 17	1 Johannes 2:12
Psalm 103:3	Jesaja 1:18	Jesaja 43:25
Mattheus 26:28	Handeling 26:17, 18	Efesiërs 4:32
Hebreërs 8:12	1 Johannes 1:9	Openbaring 1:5

Jy (en hy) mag dalk wonder oor die “toekoms” deel van die doelwit: Sy sondes, verlede, hede en toekoms, is vergewe. Hierdie vraag word opgelos met eenvoudige logika: Dit is nie logies dat God net die sondes wat ons tot op die punt van bekering gepleeg het, sou vergewe nie, en dan alle daaropvolgende sondes aan ons rekening sou toeskryf nie. Niemand van ons sou dit maak as dit die geval was nie. Sy vergifnis is tydloos. (Hebreërs 10:12). Hy sien die hele omvang van ons sonde met een kyk, en lê al ons

ongeregtighede op Christus (Jesaja 53:6, 1 Petrus 3:18). As Hy nie vir al ons sonde — verlede, hede en toekoms — gesterf het nie, kon Hy ons nooit “na God bring” nie.

4. ‘n Nuwe verhouding is tot stand gebring tussen hom en God.

Hierdie doelwit dek twee basisse:

- Hy moet weet dat hy verlore was voor sy bekering.
- Hy moet weet dat die redes agter sy verlore toestand nou weg is, en dinge is nou anders tussen hom en God.

Hy het waarskynlik ‘n redelike goeie begrip van die eerste punt, of hy sou nie die behoefte gevoel het om gered te word nie. Maar dit is goed om oor daardie onderwerp te praat, want hy mag sy verbintenis tot Jesus Christus as ‘n goeie idee beskou, maar nie noodsaaklik vir verlossing nie. Die tweede punt sal waarskynlik ‘n nuwe konsep vir hom wees. Hy moet verstaan dat, ver van ‘n vyand van God te wees en heeltemal van Hom geskei te wees, hy nou deur God met ongelooflike guns beskou word. Die Here het hom die hele tyd lief gehad, maar nou, uiteindelik, kan Hy daardie liefde direk uitdruk! Hy sien nou die nuwe Christen as ‘n vriend, ‘n erfgenaam, ‘n ware, wettige seun!

Gaan hierdie verse na en deel een of twee met die nuwe bekeerling: Johannes 1:12, Romeine 8:15-17, 2 Korintheërs 5:17, Romeine 5:6-8, Efesiërs 2:1-7.

5. Hy sal nooit weer van God geskei word nie.

Jesus het ons vertel dat Hy diegene wat in Hom glo die ewige lewe sal gee (Mattheus 19:29; Johannes 3:16, 36; 5:24; 6:40, 47; 10:28; 17:2, 3; ens.). Die enigste woord wat Jesus ooit gebruik het om die tipe lewe wat Hy aan diegene wat aan Hom behoort, sou gee, te beskryf, was *aionios*, wat beteken “onbepaald wat duur betref, ewig, vir altyd.”

Sommige probeer sê dit verwys na die hoeveelheid (of duur) van die lewe wat God gee nie, maar na die kwaliteit. Dit verwys na albei. J. Guhrts sê in *Brown’s Dictionary of New Testament Theology*: Die woord ewig hier dui ‘n bepaalde kwaliteit aan: Dit is ‘n ander lewe as die ou bestaan wat

gekenmerk word deur haat, gebrek aan liefde, sonde, pyn en dood. Ewige lewe begin dus nie net in die toekoms nie, dit is reeds die besitting van diegene wat in gemeenskap met Christus ingegaan het. So praat Johannes 3:15 van die besit van ewige lewe in die hede. Maar daar is ook 'n tydelike sin sodat ewig (aionios) die hoeveelheid van hierdie lewe aandui:

Omdat dit aan Christus behoort, wat self die Lewe is, het dit geen einde nie. Jesus is ewig, en solank as wat ons in Jesus bly, het ons toegang tot ewige lewe, want die lewe is in Jesus en in Hom alleen.

Jesus het gesê dat Hy ons nooit sal verlaat of in die steek laat nie (Hebreërs 13:5), dat Hy nooit diegene wat na Hom kom, sal wegdryf nie (Johannes 6:37), en dat niks Sy skape kan wegruk nie (Johannes 10:27, 28). In daardie drie verse sê Jesus dat ons nie kan weghardloop nie, Hy sal ons nie weggooi nie, en ons kan nie weggeneem word nie.

Toe jy weergebore is, het die lewe wat jy ontvang het van God gekom (Johannes 1:12, 13; 3:5, 6). In Johannes se eerste brief noem hy Christene “gebore uit God” (1 Johannes 3:9; 4:7; 5:4, 18), wat beteken dat hulle uniek uit God lewe ontvang het — Hy het hulle “gebaar.”

Ons is nie bloot aangenome seuns nie, alhoewel sommige Bybelskrywers daardie konsep gebruik om sekere aspekte van ons seunskap te demonstreer. In die geestelike ryk is ons letterlike seuns en dogters van God, omdat Hy ons gebaar het. Dit is ook 'n onveranderlike feit van die geskiedenis. 2 Timotheus 2:13 sê: “As ons ontrou is, Hy bly getrou, want Hy kan Homself nie verloën nie.”

Evaluasie

Hier volg 'n paar vrae om die nuwe bekeerling te vra, nadat jy 'n paar insette gegee het, om vas te stel of hy inderdaad versekering van sy verlossing het. Moet nie al die vrae vra nie, net een of twee wat jy voel die beste is:

1. As jy vanaand sou sterf en voor God staan, en Hy vra: “Hoekom moet Ek jou in my hemel toelaat?” wat sou jy antwoord?
2. As iemand vir jou vra: “Hoe kan ek seker wees ek is 'n Christen?” wat sou jy antwoord?
3. Wat is van die dinge wat jy kan doen om jouself waardig te maak vir God se liefde? (Strikvraag. “Niks” is die regte antwoord.)
4. Dink jy dat jy goed genoeg is dat God jou moet red? (Nog 'n

strikvraag “Nee” is die regte antwoord. Ons sal nooit goed genoeg wees om verlossing te verdien nie. Ons word slegs gered op grond van God se genade (Efesiërs 2:8, 9; Titus 3:5). Hoe goed moet jy wees? (Ons word nie gered op grond van ons goedheid nie; dit is gebaseer op God se genade. Dit moet die nuwe Christen stewig begryp, so bly dit beklemtoon!)

5. Trek ‘n lyn met 0% aan die een kant en 100% aan die ander kant, soos volg: 0%_____100%. Vra hom om ‘n X op die lyn te plaas waar dit aandui hoe seker hy is dat hy, as hy vannaand sou sterf, hemel toe sou gaan. As jy vasstel dat hy steeds nie seker is van sy verlossing nie, probeer uitvind wat daardie oortuiging verhinder en help hom om daardie spesifieke hindernis te oorkom.

Hier is ‘n paar algemene redes waarom mense nie hierdie versekering het nie:

- Hulle verstaan nie die basis van verlossing nie: genade; onverdiende guns. Jesus het die straf vir ons sondes betaal en God het ons vergewe. Daar is niks wat ons kan doen om dit te verdien of te verloor nie.
- Hulle het Christus nooit werklik persoonlik aangeneem nie (of is nie seker nie).
- Hulle soek na ‘n emosionele ervaring.
- Hulle maak staat op daaglikse gevoelens.
- Hulle het nie die kennis dat dit God is wat ons vashou nie.

Hierdie beginsel is die belangrikste beginsel om te vestig in die lewe van die dissipel. Dit mag ‘n paar ontmoetings en gesprekke neem om hierdie waarheid stewig te vestig. Neem jou tyd, moenie deur hierdie punt jaag nie, want dit sal die fondament vorm van die dissipel se geestelike lewe. Hy moet verstaan dat hy volkome vergewe is, al sy sondes van die verlede, hede en toekoms is vergewe, en solank as wat hy in Jesus Christus bly, het hy die ewige lewe. 

Persoonlike notas:

Hoofstuk Sewe

Inleiding tot die 4 Geestelike Beginsels van die Christelike Lewe

Die Christelike lewe is 'n reis wat gesentreer is op Jesus, ons bron van krag, leiding en hoop. Stel jou hierdie lewe voor as 'n wiel: die wielnaaf, wat Jesus verteenwoordig, is waaruit alle lewe vloei. Die rand rondom hierdie wielnaaf simboliseer die Christelike lewe—ons dade, houdings en ervarings. Vier wesenlike geestelike beginsels funksioneer as speke in hierdie wiel: die Woord van God, Gebed, Gemeenskap, en die deel van jou Getuienis. Elke beginsel is noodsaaklik om die wiel van die Christelike lewe vorentoe in balans te laat beweeg.

Hierdie hoofstuk stel elk van hierdie beginsels bekend en illustreer hul belangrikheid en hoe hulle ons geloof anker. Ondersteunende Bybelverse sal 'n soliede skriftuurlike fondasie vir elke speek verskaf, en demonstreer hoe God hierdie dissiplines ontwerp het sodat ons tot geestelike volwassenheid sal groei. In die volgende vier hoofstukke sal elkeen van hierdie beginsels uitepak en in besonderheid na gekyk word, in 'n poging om jou dissipels toe te rus om 'n gebalanseerde Christelike lewe te leef.

Deur die “wiel” illustrasie sal ons sien dat Jesus die kern van ons lewe is, en deur getrou met die vier beginsels te werk, kan ons 'n lewe lei wat Sy liefde, waarhede en genade weerspieël. Kom ons verken hierdie wesenlike beginsels.

1. Die Woord van God: Ons Fondasie vir die Waarheid

Die Woord van God—die Bybel—is ons primêre bron om God se waarheid te ken. Dit openbaar wie God is, leer ons hoe om te leef en help ons om reg van verkeerd te onderskei. Die Bybel word beskryf as 'n lamp vir ons voete (Psalm 119:105), wat ons lei deur die onsekerhede van die lewe. Om daaglik met die Woord besig te wees, voed ons gees, vorm ons denke en gee ons die krag om vas in die geloof te staan.

Waarom is die Woord van God so belangrik? Sonder 'n sterk fondasie in God se waarheid is ons kwesbaar vir valse leringe en die afleidings van die wêreld. Die bestudering van die Skrif stel ons in staat om God se stem te hoor, Sy wil te verstaan en Sy beloftes in elke omstandigheid toe te pas.

In die volgende hoofstukke sal ons na maniere kyk oor hoe om die Bybel te lees, asook hoe om jou dissipels te help om voeding uit die Woord te kry deur die daaglikse lees van die Bybel.

Sleutelverse:

- Psalm 119:105: “U woord is 'n lamp vir my voet en 'n lig vir my pad.”
- 2 Timotheus 3:16-17: “Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwyding, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk toegerus”
- Joshua 1:8: “Hierdie wetboek mag nie uit jou mond wyk nie; maar bepeins dit dag en nag, sodat jy nougeset kan handel volgens alles wat daarin geskrywe staan; want dan sal jy in jou weë voorspoedig wees, en dan sal jy met goeie gevolg handel”
- Hebreërs 4:12: “Die Woord van God is lewend en kragtig, en skerper as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot die skeiding van siel en gees en van gewigte en murg, en is 'n beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart.”
- Jesaja 55:11: “So sal my woord wees wat uit my mond uitgaan: dit sal nie leeg na My terugkeer nie, maar doen wat My behaag en voorspoedig wees in alles waartoe Ek dit stuur”
- Kolossense 3:16: “Laat die woord van Christus ryklik in julle woon in alles wysheid. Leer en vermaan mekaar met psalms en lofsange en geestelike liedere, en sing in julle hart met dankbaarheid tot eer van die Here”
- Matteus 4:4: “Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat uit die mond van God uitgaan.”
- Romeine 15:4: “Want alles wat tevore geskrywe is, is tot ons lering tevore geskrywe, sodat ons deur lydsaamheid en bemoediging van die Skrifte hoop kan hê.”

2. Gebed: Kommunikasie met God

Gebed is ons lewenslyn tot God—’n tweerigtinggesprek waar ons met Hom praat en vir Sy leiding luister. Dit versterk ons verhouding met Hom en help ons om in lyn te bly met Sy wil. In gebed spreek ons ons dankbaarheid uit, ons bring ons laste na Hom toe en soek Sy wysheid en vrede.

Gebed is noodsaaklik omdat dit ons in God se teenwoordigheid bring en ons in staat stel om Sy krag te ervaar. Jesus was vir ons die voorbeeld van hoe ’n gebedslewe moet wees, en Hy het vir ons gewys hoe belangrik gereelde, opregte kommunikasie met die Vader is. Deur gebed gee ons ons bekommernisse oor, soek ons vergifnis, en tree ons vir ander in.

In die volgende hoofstukke sal ons na ’n praktiese vyf-punt-plan kyk wat jou sal help om ’n gebalanseerde gebedslewe te hê. Dit sal eenvoudig aangebied word om sodoende maklik oorgedra te word.

Sleutelverse:

- 1 Thessalonisense 5:17: “Bid sonder ophou.”
- Filippense 4:6: “Wees oor niks besorg nie, maar laat julle begeertes in alles deur gebed en smeking met danksegging bekend word by God.”
- Mattheus 6:9-13: “So moet julle dan bid: Onse Vader wat in die hemele is, laat U Naam geheilig word...”
- Jeremia 29:12: “Dan sal julle My aanroep en heengaan en tot my bid, en Ek sal na julle luister.”
- Markus 11:24: “Daarom sê Ek vir julle: Alles wat julle in die gebed vra, glo dat julle dit sal ontvang, en julle sal dit verkry.”
- Jakobus 5:16: “Bely mekaar julle misdade en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word. Die vurige gebed van ’n regverdige het groot krag.”
- Psalm 145:18: “Die Here is naby almal wat Hom aanroep, almal wat Hom aanroep in waarheid.”
- Romeine 12:12: “Verbly julle in die hoop; wees geduldig in die verdrukking; volhard in die gebed.”

3. Gemeenskap: Bemoediging in Gemeenskap

Gemeenskap is die praktyk om met ander gelowiges bymekaar te kom om in geloof te groei, saam te aanbid en mekaar te bemoedig. God het ons vir gemeenskap ontwerp, wetende dat ons floreer wanneer ons deur ander ondersteun en verantwoordelik gehou word. Gemeenskap herinner ons daaraan dat ons nie alleen op ons reis is nie.

Waarom is gemeenskap so belangrik? Dit bied 'n omgewing vir liefde, bemoediging en geestelike groei. Deur gemeenskap deel ons ons vreugdes en laste, bid ons vir mekaar en moedig ons mekaar aan in die geloof. Die vroeë kerk het 'n voorbeeld gestel deur gereeld bymekaar te kom en hul lewens met mekaar te deel (Handelinge 2:42).

Sleutelverse:

- Hebreërs 10:24-25 “En laat ons op mekaar ag gee om tot liefde en goeie werke aan te spoor; en laat ons ons onderlinge byeenkoms nie versuim soos sommige die gewoonte het nie, maar laat ons mekaar vermaan, en dit des te meer namate julle die dag sien nader kom.”
- Handelinge 2:42 “En hulle het volhard in die leer van die apostels en in die gemeenskap en in die breking van die brood en in die gebede.”
- Prediker 4:9-10 “Twee is beter as een, want hulle het 'n goeie beloning vir hulle moeitevolle arbeid....”
- 1 Johannes 1:7 “Maar as ons in die lig wandel soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar; en die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons van alle sondes”
- Romeine 12:10 “Wees hartlik teenoor mekaar met broederlike liefde; die een moet die ander voorgaan in eerbetoning”
- Galasiërs 6:2 “Dra mekaar se laste en vervul so die wet van Christus.”
- Kolossense 3:13 “Verdra mekaar en vergewe mekaar as die teen die ander 'n klag het; soos Christus julle vergeef het, so moet julle ook doen.”
- Matteus 18:20 “Want waar twee of drie in my Naam vergader, daar is Ek in hul midde.”

4. Deel Jou Getuienis: Verklaar God se Werking in Jou Lewe

Om jou getuienis te deel is om aan ander te vertel wat God in jou lewe gedoen het. Dit is 'n kragtige manier om van God se liefde en genade te getuig.

Jou storie kan ander inspireer om geloof te hê en hulle na Jesus te verwys. Elke gelowige het 'n unieke getuienis wat God se herskeppende krag weerspieël.

Waarom is dit belangrik om jou getuienis te deel? Want dit verheerlik God en help ander om te sien dat Hy bestaan en aktief in ons lewens is. Dit versterk ook ons eie geloof wanneer ons aan God se goedheid herinner word. Wanneer ons ons storie met oorgawe deel, plant ons sade van hoop en redding.

In die volgende hoofstukke sal ons na praktiese maniere kyk oor hoe jy jou geloof met ander mense kan deel. Jy sal hierdie eenvoudige hulpmiddels met jou dissipels deel sodat hulle toegerus sal wees om hul storie effektief met ander te kan deel.


Sleutelverse:

- Openbaring 12:11 “En hulle het hom oorwin deur die bloed van die Lam en deur die woord van hulle getuienis...”
- 1 Petrus 3:15 “Maar heilig die Here God in jul harte en wees altyd bereid om verantwoording te doen aan elkeen wat van julle rekenskap eis omtrent die hoop wat in julle is, met sagmoedigheid en vrees.”
- Handeling 1:8 “Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en Samaria en tot aan die uiterste van die aarde.”
- Psalm 107:2 “Dit moet die verlostes van die Here sê, wat Hy uit die nood verlos het..”
- 2 Korinthe 5:20 “Ons tree dan op as gesante om Christus wil, asof God deur ons vermaan. Ons bid julle om Christus wil: Laat julle met God versoen.”
- Markus 5:19 “...Gaan na jou huis na jou mense toe, en vertel hulle

watter groot dinge die Here aan jou gedoen het, en dat Hy jou barmhartig was”

- Johannes 15:27 “En julle getuig ook, omdat julle van die begin af met My is.”
- Romeine 1:16 “Want ek skaam my nie oor die evangelie van Christus nie, want dit is ’n krag van God tot redding van elkeen wat glo, eerste vir die Jood en ook vir die Griek.”

Die Christelike Lewenswiel Diagram



Figuur 6

Die diagram hierbo illustreer die Christelike lewe as ‘n wiel met Jesus as die middelpunt (die wielnaaf). Die vier speke—die Woord van God, Gebed, Gemeenskap en Deel van Jou Getuigenis—verbind die wielnaaf aan die rand (die Christelike lewe). Saam hou hierdie beginsels ons lewens gebalanseerd en bewegend vorentoe in geloof en gehoorsaamheid.

Gevolgtrekking

Om die Christelike lewe te leef beteken om op Jesus gefokus te bly en om aktief betrokke te wees met die vier geestelike beginsels. Die Woord van God grond ons in waarheid, gebed verbind ons met God, gesamentlike

byeenkoms versterk ons binne die gemeenskap, en die deel van ons getuienis versprei God se liefde.

Soos wat ons hierdie beginsels toepas, word ons lewens 'n spieëlbeeld van Christus, en ons geloof word dieper en meer lewendig. Mag ons getrou op hierdie reis stap, bemagtig deur Sy Gees en geanker in Sy genade.

In die volgende hoofstuk sal ons elkeen van hierdie beginsels bespreek.



Persoonlike notas:

[illegible]



Hoofstuk Agt

Drie belangrike faktore wat geestelike groei beïnvloed

Drie baie belangrike faktore beïnvloed geestelike groei, naamlik: Tyd, Teëspoed en die Soewereïheid van God. Jy moet dit met jou dissipel deel, al is dit net kortliks. Nadat jy die wiel-illustrasie uitgeskryf het, draai jou bladsy om, of gebruik 'n onbenutte hoek op die voorkant, en skryf: Tyd, Teëspoed en Soewereïheid van God.

Geestelike groei verg tyd, word verbeter deur teëspoed, en word soewereï deur God gelei.

A. Die tydsfaktor

1. **Daar is geen kortpaaie nie.** Beide fisies en geestelike groei neem tyd.
2. **God neem Sy tyd.** Wanneer God iets belangrik wil doen, is tyd altyd 'n groot faktor. Noag het 120 jaar geneem om die ark te bou; God het vir Moses 80 jaar se opleiding gegee om hom voor te berei om Sy volk te lei; Jesus, die Seun van God, was vir 30 jaar in die dissipline van 'n skrynwerker voordat God Hom gereed geag het om Sy bediening te begin; niks betekenisvol het in Abraham se lewe gebeur voordat hy in sy 80's was nie. God het 40 jaar geneem om die Israeliete na die Beloofde Land te bring – 'n reis wat net twee weke moes geneem het.
3. **Kwaliteit verg tyd.** 'n Ywerige seminaar student het vir Dr. A.H. Strong gevra of hy 'n verkorte kurrikulum kon neem om sy opleiding vroeër te voltooi, sodat hy vinniger na die sendingveld kon gaan. Dr. Strong het geantwoord: "Ja, maar dit hang af van wat jy wil wees. Dit neem 'n honderd jaar om 'n ordentlike eikeboom te groei, maar net drie maande om 'n murgpampoen te groei."
4. **Samegesteldheid neem tyd.** In die diereryk is die laagste lewensvorm, dikwels die wat vinniger volwassenheid bereik. 'n Muis

word volwasse bereken na net'n paar maande; 'n hond benodig net 'n paar jaar; 'n mens benodig sestien tot twintig jaar...langer as enige dier op die aarde. Samegesteldheid in die geestelike asook in die fisiese, neem tyd.

5. **Wees geduldig.** Moenie verwag om binne 'n paar weke 'n "Super-Christen" te word nie. Jy sal geduldig met jouself, met my, met God en met die program wat Hy vir jou het, moet wees. Soms mag dit vir jou voel asof geestelike groei vir ewig neem, en sal jy wonder of daar enige vordering is. Maar jy was al daar, dan nie? Onthou jy toe jy veertien was en gewonder het of jy ooit sestien sou bereik vir daardie magiese rybewys? Wel jy het uiteindelik daar gekom, het jy nie? En geen mate van klaery of suggery kon die tyd vinniger laat gaan nie. Jy moes maar net die dae aftel en geduldig wees met die kalender. Dit is dieselfde met geestelike groei. Dit gaan tyd neem.

B. Die teëspoed faktor

1. **Teëspoed bevorder groei.** Het jy al ooit onder 'n mikroskoop na die jaarringe van 'n boom gekyk? Jy sal ligte en donker ringe sien. Die ligte ringe is die somergroei. Hierdie selle is groot en gesond omdat hulle gevorm is toe dit warm was, en daar was volop voedingstowwe, sonlig en water.
Party bome groei meer in een maand in die somer as in al die ander elf maande saam. Maar kyk nou na die donker ringe. Hierdie selle is klein, verrimpeld en hard. Hulle is gevorm in die winter – toe dit koud en donker was, met min voeding en water beskikbaar. Maar tog neem daar gedurende die winter, wat die moeilikste tyd is, 'n proses genaamd "verdigting" binne die boom plaas. Sonder hierdie proses sou die boom te swak wees om storms te kon weerstaan. Dit is dieselfde met ons geestelike groei. God laat toe dat ons teëspoed ervaar, nie omdat Hy ons nie wil help nie, maar omdat Hy weet dit sal ons sterker maak en vir groter dinge voorberei in die toekoms.
2. **Wees voorbereid vir goeie en slegte tye.** Fisiese asook geestelike groei is nie eweredig nie. Daar sal altyd wipplank dae wees. Jy moet

dit te wagte wees. Daar sal bergtop ondervindinge wees, asook valleie van wanhoop; Ontploffing voor bouery; spinasie sowel as aarbeikoeke. Daar sal tye wees wanneer jy baie naby aan God voel, en jy oorwinning na oorwinning smaak. Ander kere sal jy droogte en traagheid ervaar. Dit is als reg – ons almal gaan deur sulke droeë tye nou en dan. Ek waarborg jou dat as jy Jesus op die troon van jou lewe hou, sal daardie droeë tye nie lank hou nie.

3. **Geen pyn...geen wins.** Kom ons kyk na die atleet se wêreld. Wanneer 'n atleet besluit dat hy in die Olimpiade wil deelneem, besef hy dat hy 'n harde pad voor hom het, en hy aanvaar dit gewilliglik. Sy afrigter laat hom hardloop totdat sy liggaam van moegheid pyn. Hy laat hom swaar gewigte optel. Hy moet 'n verskeidenheid van onsmaklike kosse eet, en vroeg gaan slaap om weer vroeg op te staan. As hy kla dat hy moeg is, ignoreer sy afrigter hom en druk hom net harder. Hy sorg net vir verdere pyn. Die afrigter doen nie al hierdie dinge omdat hy nie van die atleet hou nie, hy doen dit omdat hy weet dat daardie dissiplines die einste goed is om die atleet by die Olimpiese Spele te kry. Hy weet daar is geen kortpaaie nie. Sonder teëstand sal daar geen oorwinning wees nie (1 Korintheërs 9:24-27).

Dink aan God as jou “Hemelse Afrigter” wat jou oplei vir aktiwiteite van meer belangrikheid en betekenis as die Olimpiese Spele. Jy moet besef dat daar moeilike tye in Sy opleidingsprogram sal wees. (2 Timotheus 3:12; Hebreërs 12:5-11).

C. Die “Soewereïheid van God” faktor

1. **God is altyd in beheer.** God gee meer om oor jou geestelike groei as wat jy self doen! (Deuteronomium 5:29; Jeremia 29:11). In die opleidingsprogram wat God in gedagte het vir jou, sal daar baie beslis moeilike tye wees. Maar onthou net dat Hy daardie moeilike tye goedgekeur het, en Hy het vasgestel dat jy hulle sal kan hanteer en dat hulle tot jou voordeel sal strek. (Psalm 103:13-14; 1 Korintheërs 10:13).
2. **God weet wat ons nie weet nie.** Ons sal miskien nie alles wat God doen om ons op die pad na volwassenheid te neem, verstaan nie, maar

dit behoort ons nie te laat bekommer nie. Ek verstaan nie wat ‘n tandarts alles in my mond doen wanneer hy ‘n gaatjie vul nie, maar ek weet dit is vir my eie beswil, selfs al is dit ongemaklik. Net so kan ons God se vermoë om aan ons siele te werk, vertrou.

Gevolgtrekking

Geestelike groei word gevorm deur drie sleutel faktore: **tyd, teëspoed, en God se soewereinhed**. Die begrip van hierdie elemente is noodsaaklik vir die ontwikkeling van ‘n sterk geloof.

Tyd speel ‘n belangrike rol, aangesien groei nie oornag gebeur nie. Net soos bome, diere, en mense tyd benodig om volwassenheid te bereik, so is geestelike ontwikkeling ook ‘n geleidelike proses. Baie Bybelse figure, insluitende Noag, Moses, en Jesus, het lang periodes van voorbereiding gehad voordat hulle hul doel kon bereik. Geduld is belangrik, want as ons die proses aanjaag sal daar net oppervlakkige groei wees

Teëspoed versterk die geloof. Bome word sterker gedurende harde winter maande, nes mense sterker word deur moeilike tye. Uitdagings mag ons ontmoedig, maar hulle is nodig om karakter te versterk en om ons voor te berei vir toekomstige beproewings. Groei is nooit onveranderlik nie – daar sal bergtop en vallei dae wees. Net soos ‘n atleet deur streng opleiding gaan om te kan wedywer, so ook moet Christene hulle moeilike tye omhels sodat veerkragtigheid en uithouvermoë in hul geloof ontwikkel kan word.

God se soewereinhed verseker dat alles onder Sy beheer gebeur. Selfs wanneer situasies onduidelik voorkom, het Hy ‘n plan vir elke gelowige. Net soos ‘n tandarts aan ‘n gaatjie werk tot die pasiënt se voordeel, is God se leiding partykeer ongemaklik, maar altyd ten goede vir ons. Vertroue in Sy plan lei tot blywende geestelike volwassenheid. 

Persoonlike notas:

Hoofstuk 9

Gemeenskap

Doelwit

Die dissipel het nou 'n basiese begrip van die belangrikheid van Christelike gemeenskap en het begin om Christelike byeenkomste by te woon.

Die Belangrikheid van Gemeenskap in die Christelike Lewe

Gemeenskap is 'n belangrike deel van die Christelike lewe. Dit gaan nie net oor die bywoning van kerkdienste nie, maar ook oor die vorming van betekenisvolle verhoudings met ander gelowiges, om saam in die geloof te groei en mekaar in liefde aan te moedig. Die Bybel leer ons dat Christene geroep is om in samesyn te lewe, mekaar te ondersteun en saam te aanbid.

Ons gaan drie belangrike opsigte van Christelike gemeenskap ondersoek: die rol van liefde in gemeenskap, die redes waarom 'n Christen gemeenskap met ander moet hê, en wat Christene doen wanneer hulle bymekaarkom vir gemeenskap.

Die Bybelse Basis vir hierdie Doelwit

Elke gelowige moet in gemeenskap wees met ander gelowiges vir wedersydse beskerming en bemoediging. Maak 'n opsomming van die volgende verse in jou dissipelskap-notaboek. Jy kan nog verse byvoeg as jy wil:

Prediker 4:9-12	1 Korintheërs 12:12-26	Romeine 15:1-3
1 Korintheërs 10:24	Hebreërs 10:24, 25	Filippense 2:3, 4
Hebreërs 3:13	Romeine 1:11, 12	Spreekw 27:17
Efesiërs 4:16		

Die Omskrywing van Gemeenskap:

Om die liggaam van Christus op te bou, te bemoedig, en uit te rus deur die liggaam van Christus.

1. Die Prioriteit van LIEFDE in Christelike Gemeenskap

Liefde is die hoeksteen van Christelike gemeenskap. Die Bybel leer ons dat God liefde is (1Johannes.4:8) en dat Christene mekaar moet liefhê soos Christus hulle liefgehad het (Johannes 13:34-35). Dit beteken om vir mekaar om te gee, mekaar te ondersteun in moeilike tye, en saam te juig in tye van vreugde. Dit is meer as net woorde en word deur daade bewys.

Een van die grootste voorbeelde van liefde in Christelike gemeenskap word gevind in die vroeë kerk. Handeling.2:42-47 beskryf hoe die eerste Christene in harmonie geleef het, hul besittings gedeel het, saam gebid het en saam maaltye geniet het. Hul liefde vir mekaar was so sterk dat dit baie mense na Christus getrek het. Hierdie tipe liefde behoort nog steeds Christelike gemeenskap vandag te kenmerk.

Hierdie liefde behels ook vergifnis en genade. Christene is nie volmaak nie, en daar sal meningsverskille en botsing wees. Maar ware Christelike liefde beteken egter dat ons bereid moet wees om te vergewe en versoening te soek, net soos Christus ons vergewe het. (Kolossense.3:13). Wanneer gelowiges mekaar opreg liefhet, weerspieël hulle God se liefde aan die wêreld en maak dit Christelike gemeenskap 'n kragtige getuie van geloof.

- Matt. 22:37-40 – Om God lief te hê asook jou naaste
- Joh.13:34, 35 – ”.....Hieraan sal almal weet dat julle My dissipels is, as julle liefde onder mekaar het.”
- Rom.13:8-10 – “Wees aan niemand iets skuldig nie, behalwe om mekaar lief te hê...”
- 1 Kor.13 – Die liefdes hoostuk
- 1 Kor.16:14 – “Laat alles by julle in liefde geskiet”
- Gal.5:22 – “Maar die vrug van die Gees is liefde....”
- 1 Pet. 4:8 – “Maar bo alles moet julle mekaar vurig liefhê....”
- 1 Joh.3:16-18 – ”.....My kinders laat ons nie liefhê met woorde of met die tong nie, maar met die daad en in waarheid.”
- 1 Joh. 4:7,8 – ”.....Hy wat nie liefhet nie, het God nie geken nie, want God is liefde”
- 1 Joh. 4:16-21 – ...”God is liefde; en hy wat in die liefde bly, bly in God, en God in hom...”

Ons het lief omdat Hy ons eerste liefgehad het; jy kan nie God liefhê maar jou broer haat nie.

2. **WAAROM ons gemeenskap moet hou**

Gemeenskap met ander Christene is noodsaaklik vir geestelike groei en bemoediging. Die Christelike reis is nie bedoel om alleen geloop te word nie; gelowiges word beroep om mekaar in hul geloof te ondersteun. Hebreërs 10:24-25 moedig Christene aan om “nie die onderlinge byeenkomste te versuim nie, maar om mekaar te vermaan, veral namate ons die dag sien nader kom.”

Een sleutelrede vir gemeenskap is **rekenskap**. Deur omring te wees deur ander gelowiges help Christene om sterk in hul geloof te bly en nie in sonde te verval nie. Spreuke 27:17 sê: “Yster slyp yster, so slyp die een mens die persoon van die ander.” Deur gemeenskap kan Christene mekaar uitdaag om geestelik te groei, vir mekaar te bid en mekaar leiding te gee gebaseer op Bybelse beginsels.

Nog ‘n rede vir gemeenskap is die **deel van laste**. Die lewe kan uitdagend wees, en almal ervaar beproewinge en probleme. In die Christelike gemeenskap word gelowiges geroep om mekaar se laste te dra (Galasiërs 6:2). Of dit nou deur gebed, bemoediging of praktiese ondersteuning is, om deel van ‘n gemeenskap te wees bied krag en vertroosting.

Verder **versterk gemeenskap geloof**. Wanneer Christene bymekaarkom, deel hulle hul getuienisse van God se goedheid, en hul herinner mekaar aan Sy getrouheid. Om te hoor hoe God in iemand anders se lewe gewerk het, bemoedig die hoorders en gee hulle hoop. Gemeenskap bied ook geleenthede om van mekaar te leer deur Bybelstudie, besprekings en mentorskap.

- Spr. 27:17 – Ons “slyp” mekaar
- Pred. 4:9-12 – “Twee is beter as een...hul tel mekaar op....hul hou mekaar warm...en hul beskerm mekaar.”
- Matt.18:20 – “Want waar twee of drie in My naam vergader, daar is Ek in hulle midde.”
- Rom.1:11, 12 – “....dat ek saam bemoedig kan word onder julle deur die gemeenskaplike geloof, van julle sowel as van my.”

- 1 Kor. 12:12-26 – “.....sodat daar geen verdeeldheid in die liggaam mag wees nie, maar dat die lede gelyke sorg vir mekaar mag dra.....”
- Heb. 3:13 – “.....sodat niemand van julle deur die verleiding van die sonde verhard word nie.”

3. WAT Gemeenskap Behels

Wanneer Christene bymekaarkom vir gemeenskap, vind verskeie sleutel aktiwiteite plaas, wat hulle help om in geloof te groei en hul verhoudings met mekaar te versterk. Hierdie aktiwiteite sluit in aanbidding, gebed, Bybelstudie en bediening van mekaar.

Een van die mees algemene aktiwiteite in Christelike gemeenskap is **aanbidding**. Aanbidding is ‘n uitdrukking van liefde en dankbaarheid aan God. Dit kan verskeie vorms aanneem, soos om lofsange te sing, God deur musiek te loof, en deur tyd te spandeer in stille aanbidding en oordenking. Aanbidding verbind gelowiges in hul liefde vir God en herinner hulle aan Sy almag.

Gebed is nog ‘n belangrike deel van Christelike gemeenskap. Jesus het geleer dat waar twee of drie in Sy Naam vergader, Hy teenwoordig is (Mattheus 18:20). Om saam te bid, stel gelowiges in staat om vir mekaar in te tree, God se leiding te soek en geestelik te groei. Of dit nou in klein groepe, kerkdienste of persoonlike ontmoetings plaasvind, sal gebed die band tussen Christene versterk en hul verhouding met God verdiep.

Bybelstudie is ‘n sleutelement van gemeenskap. Christene vergader om die Skrif te lees en te bespreek, en help mekaar sodoende om God se Woord beter te verstaan. Bybelstudiegroepe laat gelowiges toe om vrae te vra, insig te verkry en die Bybelse leringe in hul daaglikse lewens toe te pas. Om saam te leer, sorg dat daar geen misverstande ontstaan oor die Skrif nie, en dit bemoedig groei in wysheid en geloof.

Dade van diens en liefdadigheid is ook belangrik in die Christelike gemeenskap. Gelowiges word geroep om mekaar en hul gemeenskappe te dien (Galasiërs 5:13). Dit kan die volgende insluit: om die behoeftiges by te staan, die siek mense te besoek, die honger mense te voed en deel te neem aan uitreik programme. Om saam te bedien is nie net van hulp vir ander nie, maar versterk ook die eenheid en liefde tussen gelowiges.

Nog 'n aspek van gemeenskap is die **deel van maaltye en om saam tyd deur te bring**. Net soos Jesus dikwels saam met Sy dissipels geëet het, kom Christene vandag bymekaar om saam te eet en dit verdiep verhoudings en laat hulle voel hul behoort êrens. Eenvoudige samekomste soos saam koffie drink na kerk of om mense vir 'n ete te nooi, skep geleenthede vir betekenisvolle gesprekke en wedersydse bemoediging.

- Hand. 2:42 – “En hulle het volhard in die leer van die apostels en in die gemeenskap en in die breking van die brood en in die gebede.”
- 1 Kor.10:24 – “Laat niemand sy eie voordeel soek nie, maar elkeen die voordeel van 'n ander.”
- Gal. 6:2 – “Dra mekaar se laste en vervul so die wet van Christus.”
- Ef. 4:15, 16 – “Maar terwyl ons in liefde die waarheid betrag...”
- Ef. 5:19, 20 en Kol.3:16 – Aanbid die Here saam
- Fil. 2:1, 2 – “....maak dan my blydschap volkome deur eensgesind te wees en dieselfde liefde te hê, een van siel, een van sin.”
- Heb. 3:13 – “Maar vermaan mekaar elke dag as dit vandag genoem word, sodat niemand van julle deur die verleiding van die sonde verhard word nie.”
- Heb. 10:24, 25 – “....laat ons ons onderlinge byeenkomste nie versuim...”
- 1 Pet. 5:5, 6 – “....wees almal in ootmoed beklee in onderdanigheid aan mekaar...”

Gevolgtrekking

Christelike gemeenskap is 'n belangrike deel van die gelowige se reis. Deur gemeenskap ervaar en deel Christene die liefde van Christus, word hul geloof versterk en ondersteun hulle mekaar in hul geestelike wandel. Liefde in gemeenskap word uigeleef deur middel van omgee, vergifnis en eenheid. Gemeenskap met ander Christene verskaf verantwoordbaarheid, bemoediging en 'n manier om in geloof te groei. Wanneer gelowiges saamkom, aanbid hulle saam, bid hulle saam, doen Bybelstudie saam, bedien saam, bedien mekaar en deel hul lewens met mekaar.

Deur deel te wees van 'n gemeenskap, bou Christene sterk, geloof vervulde gemeenskappe wat God se liefde vir die wêreld reflekteer. Gemeenskap is nie net 'n roetine nie; dis 'n belangrike deel van 'n lewe wat God eer en sy doel vir gelowiges vervul. Soos wat Christene aanhou om in liefde en eenheid saam te kom, groei hulle geestelik en word 'n lig vir die rondom hulle. Ons dissipel moet aangemoedig word om deel te word van 'n gemeenskap van gelowiges wat gereeld rondom God se Woord vergader, en mekaar bemoedig en vir mekaar bid.

Evaluering

Die begeerte is dat die persoon wat jy dissipel, die kerk gereeld sal bywoon. Deur 'gereeld' bedoel ek dat jy nie klaar met hom is, totdat hy weekliks kerk bywoon nie. Ek kan nie vir iemand voorskryf hoe gereeld hy of sy dienste/vergaderings moet bywoon nie. Sommige mense voel dat een keer op 'n Sondag genoeg is, terwyl ander sou sê: "elke keer as die kerkdeure oop is." Dus moet jy en die Heilige Gees hieroor gesels en 'n besluit neem.

'n Groeiende Christen behoort ten minste een keer per week betrokke te wees by al drie groepe: persoonlike ontmoetings, 'n klein groep, en 'n groot groep.

As jy belangstel in 'n dieper evaluering van jou dissipel, oor hoe hy die konsep van Christelike gemeenskap verstaan, is hierdie 'n paar vrae wat jy kan vra:

1. Van al die gelyste vrug van die Gees, watter een dink jy behoort die belangrikste te wees in ons verhoudings met ander gelowiges?
2. Hoe vergelyk Christelike gemeenskap met die deel wees van 'n fisiese liggaam?
3. Voel jy ongemaklik tussen ander Christene? (Indien wel...) Hoekom?
4. Wat dink jy behoort jy te doen as jy weet 'n Christen-vriend het 'n grief teen jou?
5. Kan jy aan iemand dink met wie jy tans in konflik is? (Indien wel...) Wat dink jy behoort jy daaraan te doen?
6. Dink jy dit is moontlik om vir God lief te wees, maar nie vir ons broer nie?



Hoofstuk Tien

Die Woord

Doelwit

Die dissipel het nou 'n basiese begrip van die belangrikheid van Bybelse invoer, is vertrouwd met die fisiese uitleg van die Bybel en het begin om die Bybel op sy eie te lees.

Bybelse grondslag vir hierdie doelwit

Net soos 'n pasgebore baba byna onmiddellik 'n instinktiewe hunkering na sy ma se melk het, so hunker 'n geestelike pasgebore baba na geestelike voedsel. Hy weet dalk nie dat dit dit is wat hy wil hê nie, maar dit weet 'n fisiese baba ook nie, wanneer hy net tien minute uit sy ma se baarmoeder is nie. Vra hom gerus. Al wat hy sal doen is huil en te skreeu; hy sal jou nie kan antwoord nie (die regte baba, dit is). Die rede waarom beide soorte babas hierdie voedsel hunker, is dat hul Skepper daardie begeerte in hulle geplaas het.

Hy weet dat, vir hulle om gesond te bly en te groei, hul klein liggaamtjies voeding nodig het. Fisiese babas groei deur voedselinname; geestelike babas groei deur die inname van die Woord.

Die volgende verwysings beeld die Bybel uit as gelykstaande aan voedsel in die geestelike ryk, en sonder dit kan 'n nuwe Christen (of selfs 'n ou Christen) nie groei nie.

Gaan elke verwysing na en skryf 'n opsomming van die verse in jou Dissipelmaker notaboek.

Deuteronomium 8:3

Handelinge 20:32

2 Timotheus 3:16, 17

Job 23:12

1 Timotheus 4:6

1 Petrus 2:2, 3

Mattheus 4:4

A. Die Bybel

As jy die Bybel in sy breedste sin lees, kom dit voor as bloot 'n geskiedenisboek, 'n rekord van die tye waarin God Homself in die menslike geskiedenis

geopenbaar het. Mense sê altyd: “O, as God net Homself sou wys, dan sou ons geen probleem hê om te glo nie.” Wel, dit is presies wat hierdie boek is, God wat Homself aan die mens openbaar, vir ons vertel hoe Hy is, wat vir ons voorlê, wat Hom behaag, wat Hom mishaag, waar ons vandaan kom, waarheen ons gaan, ensovoorts. God het deur die jare heen ongelooflike dinge gesê en gedoen, en die Bybel is waar mense daardie dinge neergeskryf het sodat ons dit nooit sal vergeet nie.

B. Ou Testament/Nuwe Testament

Die Ou Testament is geskryf voordat Jesus Christus gebore is (v.C. = “voor Christus”), terwyl die Nuwe Testament geskryf is nádat Hy gesterf en opgestaan het (a.d. = “anno Domini” na Christus) of “jaar van ons Here”). Hulle word die Ou en Nuwe Testamente genoem omdat dit verwys na die ooreenkomste wat tussen God en die mens bestaan het voor en ná die kruisiging van Christus.

Gedurende die Ou-Testamentiese dae moes mense wat God wou volg, honderde wette gehoorsaam wat God deur Moses vasgelê het. ‘n Ander woord vir Testament is verbond of ooreenkoms. Die mense het ooreengekom om hierdie wette te volg en God het belowe, as hulle hul deel van die verbond sou nakom, sou Hy hulle beskerm, seën en hulle ‘n groot nasie te maak. Dit was soos ‘n “ooreenkoms” wat hulle gehad het.

In daardie dae, as iemand gesondig het, was daar ‘n ingewikkelde sisteem van diereoffers wat die sondes van daardie persoon met die bloed van ‘n onskuldige dier “bedek” het. Maar toe Jesus aan die kruis opgeoffer is, het Hy die tydperk van die Nuwe Testament of “Nuwe Verbond” ingelei. Hy was die volmaakte, onskuldige offer, en terwyl die bloedofferandes van die diere slegs in staat was om die mense se sondes te **bedek**, het Jesus se bloed dit **weggeneem**. Hy het vir ons sondes met Sy bloed betaal.

Onder hierdie Nuwe Verbond is ons nie meer onderhewig aan al daardie onmoontlike wette nie. In plaas daarvan het ons vir God homself, in die vorm van die Heilige Gees, wat binne-in ons woon en ons help om reg te doen in plaas van verkeerd. En dit is ons geloof in Christus, nie hoe goed ons al die wette kan volg nie, wat ons regverdig maak in God se oë. Ons is

nie meer onder die Ou Verbond nie, maar daar is nog baie aspekte in die Ou Testament wat nog steeds op ons van toepassing is. Ons sal tyd spandeer om op sommige van hulle te fokus.

C. Deur wie is die Bybel geskryf?

Die Bybel bestaan nie net uit een boek nie; daar is ses-en-sestig boeke wat oor 'n tydperk van 1500 jaar deur meer as veertig verskillende skrywers geskryf is.

Hierdie skrywers sluit 'n wye verskeidenheid mense in, van gewone arbeiders tot van die magtigste wêreldleiers wat nog ooit op die aarde geloop het: konings, staatsmanne, die erfgenaam van die farao se troon, profete, rabbi's, 'n geneesheer, 'n tollenaar, 'n boer, vissermanne en ander. Tog is hulle almal verbind deur die Heilige Gees.

Deur die eeue heen, het God self, deur Sy Heilige Gees, aan elkeen van hierdie skrywers presies gesê wat om neer te skryf. In 2 Timotheus.3:16 lees ons dat alle Skrif “deur God geïnspireer” is. Dit beteken, alhoewel dit mense was wat dit geskryf het, die uiteindelijke bron God self, was. Die profesieë in die Bybel het nooit hul oorsprong in die gedagtes van blote mense gehad nie, maar “deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van God gespreek.” (2 Petrus 1:21). Ek is oortuig daarvan dat hierdie skrywers die presiese woorde van God geskryf het.

Hiermee 'n paar redes waarom ek dit glo:

1. Al die die profesieë tot nou toe, het alreeds waar geword,
2. Die algemene struktuur van vandag se wêreldregerings, insluitend besonderhede oor watter nasies bondgenote sou wees en watter vyande sou wees, is duisende jare gelede reeds in die Bybel voorspel.
3. Dit is histories akkuraat. Die Bybel verskaf geskiedkundige besonderhede wat vir honderde jare deur historikusse bespot is, omdat dit na bewering onakkuraat was. Tog vind ons, namate meer en meer argeologiese bewyse opgegrawe word, dat daar voortdurende bevestiging van die Bybel se historiese akkuraatheid voorkom... en die spotters is nou skielik stil.
4. Die dieet- en gesondheidswette in die Ou Testament stem noukeurig

ooreen met wat moderne wetenskap eers onlangs ontdek het oor voordelige en skadelike gebruike. Hoe sou Moses dan dit alles op sy eie kon uitwerk in 1350 v.C.?

5. Die Bybel is met ongelooflike akkuraatheid deur die eeue oorgedra. Ons weet vir 'n feit dat die Bybel wat ons vandag lees, dieselfde is as die Bybel tydens die tyd van Christus, danksy die ontdekking van die Dooie See-rolle.

D. Die struktuur van die Bybel.

Neem jou dissipel na die inhoudsopgawe van die Bybel en wys vir hom hoe dit opgestel is. Jy kan selfs lyne en blokkies daarin teken om dit makliker te maak vir hom om te onthou. (Vra egter eers sy toestemming.)

Ou Testament

1. **Die Wet:** Genesis; Eksodus; Levitikus; Numeri; Deuteronomium
2. **Die Geskiedenisboeke:** Josua; Rigters; Rut; 1 en 2 Samuel; 1 en 2 Konings; 1 en 2 Kronieke; Esra; Nehemia; Ester
3. **Die Poëtiese boeke:** Job; Psalms; Spreuke; Prediker; Hooglied
4. **Die Profete:**
 - a. (Groot Profete) Jesaja; Jeremia; Klaagliedere; Esegïël; Daniël
 - b. (Klein Profete) Hosea; Joël; Amos; Obadja; Jona; Miga; Nahum; Habakuk; Sefanja; Haggai; Sagaria; Maleagi

Nuwe Testament

1. **Die Geskiedenisboeke:**
 - a. Die Evangelies – verhale oor die lewe van Jesus – Matteus; Markus; Lukas; Johannes
 - b. Handeling van die Apostels – verhale oor die vroeë kerk na Jesus se opstanding
2. **Die Briewe aan die Gemeentes** - geskryf deur verskeie apostels aan kerke, groepe of individue:
Romeine; 1 en 2 Korinthiërs; Galasiërs; Efesiërs; Filippense; Kolossense; 1 en 2 Thessalonisense; 1 en 2 Timotheus; Titus; Filemon; Hebreërs; Jakobus; 1 en 2 Petrus; 1, 2 en 3 Johannes; Judas
3. **Openbaring** – profesie oor die einde van die wêreld

E. Waar om te begin lees.

Hier is 'n paar voorstelle.

- a. **Die Evangelie van Johannes.** Hierdie Evangelie stel Jesus voor in Sy goddelikheid, en bevat meer bewyse vir Jesus as die unieke Seun van God as enige ander Evangelie. Daarbenewens word Jesus op 'n baie persoonlike manier uitgebeeld, met besonderhede oor Sy persoonlike lewe, Sy verhouding met Sy dissipels, en Sy verhouding met sy Vader. Die woord “glo” (en afleidings daarvan) kom 97 keer in hierdie boek voor, wat die belangrikheid van geloof in die Christelike lewe beklemtoon.
- b. **Die Evangelie van Markus.** Dit is die kortste van die vier Evangelies en die vinnigste bewegend, en vol aksie. Dit is soos om na die sesuur-nuus op TV te luister. Dit fokus meer op wat Jesus gedoen het as op wat Hy gesê het. Beskrywings van Sy wonderwerke kom volop voor. Soos J. Sidlow Baxter gesê het: “Markus is die kameraman van die vier Evangelies en gee vir ons skoot ná skoot van onvergeetlike tonele.”
- c. **Die Evangelie van Mattheus.** Hierdie lang Evangelie word aanbeveel vir leergierige lesers wat daarvan hou om vir 'n uur of langer te lees. Dit begin met volledige beskrywings van Jesus se geboorte, van Johannes die Doper, die versoeking van Jesus en die oproep van Sy eerste dissipels – verhale wat maklik jou dissipel se aandag sal trek. Daarna volg die Bergpredikasie, 'n uitstekende inleiding tot hoe radikaal die Christelike lewe bedoel is om te wees. As jou dissipel van Joodse afkoms is, is HIERDIE boek die beste opsie, aangesien dit deur 'n Jood geskryf is, vir Joodse lesers, en Jesus as die Messias sterk uitbeeld. Hierdie Evangelie bevat 130 aanhalings uit die Ou Testament.
- d. **Die Evangelie van Lukas.** Nog 'n lang Evangelie, maar dit begin met die mees uitgebreide beskrywing van Jesus se geboorte en kinderjare. Ideaal vir jongmense en diene wat reeds ietwat vertrouwd is met die Christendom. Die Kersverhaal sal goeie herinneringe vir hulle oproep. Dit kan vergelyk word met 'n dokumentêr, met 'n sterk

fokus op verslaggewing van historiese feite. Oorspronklik geskryf vir skrande, logiese Grieke.


- e. **Die Psalms.** Ek sal nie aanbeveel dat daar te veel hiervan aan die begin gelees word nie. Vir ons wat die pad met Christus al 'n ruk stap, is dit van die kosbaarste gedeeltes in God se Woord, maar vir 'n nuwe gelowige kan dit 'n bietjie vermoeiend wees, en hy kan deur sommige verwar word. Dit kan gedagtes by hom laat opkom soos, “waarom bid Dawid dat God sy vyande moet vernietig? Dit klink nie baie Christelik nie!” Jy kan voorstel dat jou dissipel een Psalm per dag lees, saam met sy Evangelie-leesplan. Dink daaraan om spesifieke Psalms aan hom voor te stel wat met minimum verwarring en maksimum inspirasie verstaan sal word. Bv: Psalms 1, 2, 8, 18, 19, 23, 24, 25, 32, 34, 37, 42, 46, 47, 49, 51, 52, 53, 56, 62, 63, 66, 67, 71, 84, 86, 91, 92, 96, 100, 101, 103, 107, 111-118, 119, 122, 123, 126, 130, 138, 139, 145-150. (As jou gunsteling nie hier is nie, voeg dit by!)
- f. **Die Spreuke.** Dieselfde benadering is van toepassing as met die Psalms. Miskien kan jou dissipel elke dag die hoofstuk lees wat ooreenstem met die datum van die maand (bv. op 12 Mei, lees Spreuke 12).
- g. **Die Handeling van die Apostels.** Nadat jou dissipel een of twee Evangelies gelees het, is die volgende logiese boek Handeling. Dit beskryf die groei van die vroeë kerk en beklemtoon sterk die rol van die Heilige Gees in die lewe van Christene. Die resultate wat volg wanneer ons 'n geloofsewe handhaaf, is duidelik uiteengesit in hierdie boek, en Paulus dien as 'n uitstekende voorbeeld van hoe om oorwinningsvol te lewe, te midde van beproewings en kwellings, 'n konsep wat elke Christen al vroeg in hul pad met Jesus moet aangryp.
- h. **Die Briewe aan die Gemeentes.** Nadat jou dissipel 'n paar van die Evangelies en Handeling gelees het, kan jy hom aanmoedig om 'n brief te begin lees. Hulle benodig veel meer konsentrasie, so jy moet voorstel dat hy hom beperk tot een hoofstuk per dag. Laat hom met 'n kort brief begin. Efesiërs sal uitstekend wees, aangesien dit

baie van die belangrikste temas van die Christelike lewe behandel.

Galasiërs is ook 'n goeie keuse, veral weens die teenstelling tussen die werke van die vlees en die vrug van die Gees.

Soos jy kan sien uit die bogenoemde illustrasie, is daar vyf maniere waarop ons 'n stewige greep op God se Woord kan kry. Deur:

1. Te luister
2. Te lees
3. Te bestudeer
4. Te memoriseer
5. Te mediteer



'n Goeie manier om dit prakties uit te beeld, is om die buitelyne van jou hand op 'n stuk papier te teken en elke vinger paslik te klassifiseer.

Neem dan elke vinger een vir een en kies 'n Skrifgedeelte wat elke manier ondersteun, en skryf dan die verwysing langs die ooreenstemmende vinger neer.

Kies uit die volgende:

1. **Luister:** Romeine 10:17; Lukas 6:45-49; Lukas 11:28
2. **Lees:** Deuteronomium 17:19; Openbaring 1:3
3. **Studeer:** Handeling 17:11; 2 Timotheus 2:15
4. **Memoriseer:** Psalm 37:31; Psalm 119:9-11
5. **Mediteer:** Josua 1:8; Psalm 1:2, 3

Verduidelik dan, dat as ons 'n voorwerp stewig wil vashou, sal ons AL ons vingers moet gebruik. As ons probeer om dit net met twee of drie vingers vas te hou, kan dit maklik uit ons hande gegryp word/of val (demonstreeer dit terwyl jy dit verduidelik).

Net so moet ons al hierdie metodes van Bybelse inname gebruik as ons 'n stewige greep op God se Woord wil kry. Ons moet dit hoor, lees, bestudeer

en memoriseer. Dan, net soos ons duim maklik elke vinger kan aanraak, moet meditasie elke ander aktiwiteit aanraak:

Ons moet mediteer oor wat ons hoor, lees, bestudeer, en memoriseer. Dit sal van geen waarde wees as as God se Woord by die een oor in en by die ander een uitgaan nie. Jak.1:23-27 sê: “....dit is soos ’n man wat sy natuurlike gesig in ’n spieël sien; want hy sien homself en gaan weg en vergeet hoe hy gelyk het...” Dit moet deur meditasie in ons harte ingegrafeer word. Jy sal in die illustrasie opmerk dat, hoe groter die vinger, hoe moeiliker is die ooreenstemmende aktiwiteit. Dit is makliker om te luister as om te lees, makliker om te lees as om te studeer, ens. Dit is egter ook waar dat hoe groter die vinger, hoe meer doeltreffend is die aktiwiteit.

Kenners sê vir ons dat ons na 24 uur net sowat 5 persent van wat ons hoor kan herroep, en net 15 persent van wat ons lees, 35 persent van wat ons bestudeer, en 100 persent van wat ons memoriseer. Aangesien dit waar is, sou dit wys wees om spesiale aandag te gee aan die meer doeltreffende aktiwiteite.

Evaluering

Vra jouself hierdie vrae:

1. Begryp my dissipel hoe belangrik dit is om gereeld die Bybel te bestudeer?
2. Sien hy die Skrif as geestelike voedsel en onontbeerlik vir sy groei?
3. Het hy ’n basiese begrip van die uitleg van die Bybel? Verstaan hy die betekenisvolheid van elke hoof afdeling?
4. Het hy al begin om die Bybel self te lees?

As jy elkeen van hierdie vrae bevestigend kan beantwoord, is hierdie opleidingsdoelwit bereik.

Gevolgtrekking

Net soos ’n pasgebore baba voeding nodig het om te groei, het ’n gelowige die Woord van God nodig om geestelik te ontwikkel. Die Bybel is meer as net ’n historiese verslag. Dit is God wat Homself aan die mensdom

openbaar, deur leiding, wysheid en die waarheid te verskaf. Die Ou en Nuwe Testamente skets God se verhouding met Sy mense, en hoe Jesus se kruisiging, wat gebaseer is op geloof eerder as die streng gehoorsaamheid aan wette, 'n nuwe verbond gevestig het.

Om die struktuur van die Bybel te verstaan, help gelowiges om die leerstellings doeltreffend te bestuur. Hierdie hoofstuk verduidelik die verskillende afdelings van die Ou en Nuwe Testamente, van die historiese verhale en poësie tot en met profesieë en leerstellings.

Dit verskaf ook riglyne oor die beste plekke om te begin lees en beveel boeke soos Johannes, Markus en Handeling, vir beginners aan.

Betrokkenheid by die Bybel vereis vele benaderings—luister, lees, studeer, memoriseer en mediteer. Deur al vyf metodes te gebruik, versterk dit ons greep op God se Woord, wat lei tot ‘n dieper geloof en begrip. Die hoofstuk sluit af met ‘n oproep om bietjie introspeksie te doen om sodoende gereelde Bybellees te verseker. As ‘n dissipel die belangrikheid en die struktuur van die Skrif verstaan, en hy met persoonlike Bybellees begin het, dan is die doel van hierdie opleiding suksesvol bereik. 

Persoonlike notas:

[illegible]



Hoofstuk Elf

Gebed

Doelwit

Die dissipel het nou 'n basiese begrip van die belangrikheid van gebed en begin om by homself te bid.

Bybelse grondslag

In die draaikolk van die tornado, naamlik, “Die Christelike Lewe”, is daar 'n feit wat alles wat ons as Christene doen, behoort te beïnvloed: Christenskap is 'n verhouding met God deur die leiding van die opgestane, verheerlikte Verlosser. Die fondasie daarvan is 'n tweerigting, lewenskragtige, dinamiese vriendskap tussen die Skepper en Sy skepping. Ons almal weet dat, as jy 'n verhouding met iemand wil hê, dit nodig is om met daardie persoon te kommunikeer. Geen kommunikasie beteken geen verhouding nie. Dit is so eenvoudig. Omdat ons 'n verhouding met God begeer, moet ons met Hom praat.

Ons noem dit “gebed.” Jesus het ons in die Groot Opdrag in Matteus 28:19-20 beveel om “dissipels te maak ... en hulle te leer om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.” Hy het ons baie opdragte rakende gebed gegee, waarvan sommige hieronder gelys is.

Soos gewoonlik, lees elke Skrifverwysing en skryf 'n opsomming in jou dissipelmaker notaboek.

Mattheus 5:44

Lukas 21:36

Lukas.6:28

Mattheus 26:41

Mattheus 7:7-8

Johannes 15:7, 16

Lukas 18:1

Markus 13:33

Mattheus 24:20

Mattheus 6:5-9

Johannes 14:13-14

Lukas.11:2

Markus 11:22-25

Mattheus 9:38

Johannes.16:24-27

Definisie

- 1 **Rosalind Rinker:** *“Gebed is ‘n dialoog tussen twee persone wat mekaar liefhet.”*
- 2 **William R. Bright:** *“Gebed is eenvoudig ‘n gesprek met God.”*
- 3 **S.D. Gordon:** *“Gebed is die woord wat algemeen gebruik word vir alle interaksie met God.”*
- 4 **Dick Eastman:** *“Gebed word gebruik om ons totale afhanklikheid van God aangaande al ons pogings, uit te spreek.”*
- 5 **Andrew Murray:** *“Gebed is gemeenskap met die Onsigbare en Allerheiligste Een. Die magte van die ewigheid is tot sy beskikking geplaas. Dit is die kern van ware godsdiens, die kanaal van alle seëninge, die geheim van mag en lewe.”*
- 6 **Robert A. Cook:** *“Gebed is ‘n kreet. Die dokter verwag dat die pasgebore baba sal huil as ‘n teken van lewe. As dit nie huil nie, skud of klap hy hom om ‘n reaksie uit te lok. As hy stilbly, sal hy binnekort dood wees.”*
- 7 **Dr. Jack Taylor:** *“Gebed is swaakheid ingeprop in krag. Gebed is om te sê: ‘Ek kan nie, maar U kan,’ en om in te prop in God se ‘Ek sal’.”*

Feite wat die nuwe Christen van gebed moet weet

1. Gebed is eenvoudig ‘n gesprek met God.

Alhoewel God baie meer as ‘n gewone mens is, is Hy meer ‘n mens as wat ons brein ooit sal kan verstaan. Om hierdie rede vra Hy dat ons met Hom sal praat net soos ons met ander mense sou praat. Aangesien die wese van die Christelike lewe bestaan uit ‘n kragtige verhouding met God, en aangesien kommunikasie wat plaasvind tussen twee mense die enigste manier is om ‘n verhouding te bou, moet ons met mekaar praat om ‘n verhouding te handhaaf.

Voorbeelde:

- Genesis 18:22-33 (Abraham)
- Jesaja 1:18 en Psalm 139:23, 24 (Dawid)
- Mattheus 6:9-13 (Jesus)
- Mattheus 11:25-26 (Jesus)

2. Jy kan oor enigiets bid, enige tyd en enige plek

Baie mense dink dat God nie gepla wil word met “onbelangrike” sake nie. Hulle dink dat Hy te besig is met groter en meer belangriker sake soos om oorloë en droogtes te stop, en om vir landsleiers te vertel hoe om hulle lande te regeer. Niks kan verder van die waarheid af wees nie. Spreuke 15:8 sê dat “die gebed van die opregtes is vir Hom welgevallig”. Dit beteken dat die Here graag van ons wil hoor, maak nie saak wat ons oor wil praat nie. God is alomteenwoordig en almagtig, so Hy hoef nie op te hou waarmee Hy besig was, om na ons te luister nie.

Ons kan sy troonkamer binnegaan enige tyd, net wanneer ons wil, vir enige rede, en Hy sal ons altyd verwelkom met ‘n oop skoot.

Enigiets:

- 1 Kron. 4:10 (*vir seëninge*)
- 2 Kron. 14:11 (*in moeilikheid*)
- Ps. 22:1, 2 (*wanneer jy in angs verkeer*)
- Ps. 143:8 (*vir leiding*)
- Ps. 143:10 (*vir onderrig*)
- Spr. 3:5, 6 (*vir leiding*)
- Matt. 6:11 (*vir daaglikse behoeftes*)
- Mark. 11:24 (*vir jou begeertes*)
- Luk. 22:31, 32 (*vir jou vriende*)
- Rom. 10:1 (*vir iemand se redding*)
- Jak. 1:5 (*vir wysheid*)
- 1 Joh. 5:14 (*vir ENIGIETS*)
- 2 Kron. 7:14 (*vir nasionale vrede*)
- Ps. 18:1 (*om liefde aan God te betoon*)
- Ps. 52:9 (*om dankbaarheid te toon*)
- Ps. 143:9 (*vir beskerming*)
- Ps. 145:1, 2 (*vir lof en aanbidding*)
- Matt. 5:44 (*vir jou vyande*)
- Mark. 11:22, 23 (*vir die onmoontlike*)
- Luk. 18:13 (*vir God se genade*)
- Joh. 15:16 (*vir jou bediening*)
- 1 Joh. 1:9 (*vir vergifnis*)
- Jak. 5:16 (*vir fisiese genesing*)
- Filip. 4:6, 7 (*vir ALLES*)

Enige tyd:

- Eks. 15:11, 12 (*wanneer jy “bo” is*)
- 1 Kon. 18:36 (*in geestelike stryd*)
- Ps. 51:3, 4 (*wanneer jy gesondig bet*)
- Ps. 88:1 (*dag en nag*)
- Luk. 10:21 (*spontaan*)
- 2 Tim. 1:3 (*nag en dag*)
- 2 Sam. 12:15 (*wanneer jy “onder” is*)
- Ps. 5:3 (*oggende*)
- Ps. 55:17 (*aand, oggend, middag*)
- Mark. 1:35 (*voor dagbreek*)
- Hand. 16:25 (*tydens beproewings*)

Enige plek:

- 1 Sam. 1:9, 10 (*in die huis van God*) • Matt. 6:6 (*in jou binnekamer*)
- Matt. 14:23 (*buite in die heuwels*) • Matt. 18:19, 20 (*saam met ander*)
- Mark. 1:35 (*alleen*)

3. God hoor wel ons gebede.

Gebed is nie bloot 'n sielkundige oefening of dissipline nie. Dit is nie soos 'n vorm van meditasie waar ons dit streng vir ons eie voordeel en opbouing beoefen nie. Dit is 'n opregte gesprek. Jy praat, en God luister. Hy sal tot met jou terugpraat deur Sy Woord (die Bybel), deur omstandighede, of selfs deur direkte indrukke in jou gees.

Psalm 10:17

Psalm 40:1

1 Petrus 3:12

Psalm 34:15, 17

Psalm 65:2

1 Johannes 5:14, 15

4. God beantwoord ons gebede op een van drie maniere:

Ja, Nee, of Wag. Net omdat ons vir iets in gebed vra, is daar geen waarborg dat ons dit sal ontvang nie. God is alwys. Hy ken ons intiem. Hy weet dat sommige versoeke wat ons rig goed vir ons sal wees, en dan mag Hy miskien “ja” antwoord. Sommige versoeke sal sleg vir ons wees, en dan mag Hy “nee” sê. Ander versoeke mag in die toekoms goed wees vir ons, maar nie huidiglik nie. Dis wanneer Hy sê: “Wag.” Ons houding moet een wees van stille aanvaarding en geduld.

Wanneer God “Ja” sê:

- Psalm 32:5 - Dawid se gebed om vergifnis
- 1 Samuel 1:11,19, 20 - Hanna se gebed vir 'n seun (Samuel)
- 2 Konings 20:1-6 - Hiskia se gebed dat God sy lewe sou spaar
- Genesis 24:12-27 - Abraham se dienaar se gebed vir Isak se vrou
- Genesis 25:21 - Isak se gebed vir kinderlose Rebekka
- 1 Kronieke 4:9, 10 - Jabes se gebed
- 2 Konings 6:15-18 - Elisa se gebed dat sy vyande verblind sou word
- Mattheus 9:27-31 - Blinde manne wat Jesus vra om hul sig te herstel

- Lukas 17:11-14 - Tien melaatses wat Jesus vra om hulle te genees
- Lukas 18:35-43 - Blinde bedelaar wat Jesus vra om sy sig te herstel

Wanneer God “Nee” sê:

- 2 Samuel 12:15-18 - Dawid se gebed dat sy seun, die gevolg van sy sonde met Batseba, sou lewe. Versoek geweier.
- Mattheus 26:37-42 - Jesus se gebed dat Hy nie die kruisiging hoef te ondergaan nie. Versoek geweier.
- 2 Korinthiërs 12:7-10 - Paulus se gebed (drie keer) dat God sy “doring in die vlees” sou wegneem. Versoek geweier.

Wanneer God “Wag” sê:

- Genesis 15:2-5 - Abraham se gebed vir ’n seun. God het ja gesê, maar dit het baie jare geneem voordat Isak gebore is.
- Genesis 50:24-25 - God se belofte aan Josef dat Hy hom en sy familie uit Egipte sou neem en terugbring na Kanaän. Dit het 440 jaar later gebeur.
- Eksodus 5:22, 23; en 6:6-8 - Moses vra God om die volk Israel te bevry. God het gesê Hy sou, maar eers nadat Hy Sy krag en teenwoordigheid aan die wêreld deur die Tien Plae bewys het.

5. Vyf tipes gebed:

1. Aanbidding
2. Belydenis
3. Voorbidding
4. Smeekgebed
5. Danksegging

Gebed bestaan nie net uit versoeke nie. Stel jou voor jy het ‘n verhouding met iemand en al wat hulle doen is om goed van jou te vra!

1. God sal jou gebede verhoor ten spyte van jou liggaam se posisie

Hier is ‘n paar voorbeelde van die verskillende gebedsposisies wat ingeneem kan word:

- Genesis 18:22, 23 (Abraham het gestaan)
- 2 Konings 20:1, 2 (Hiskia op sy bed)
- Eksodus 34:8 (Moses het neergebuig)
- Daniel 6:10 (Daniël het gekniel)
- Josua 7:6 (Joshua op sy gesig)
- Mattheus 26:39 (Jesus op sy gesig)
- 1 Samuel 1:26 (Hannah het gestaan)
- Markus 11:25 (“wanneer jy staan...”)
- 1 Konings 8:54,55 (Salomo het gekniel)
- Lukas 22:41 (Jesus het gekniel)

2. Geloof is onmisbaar in gebed

Regdeur die Bybel sê God, “As jy wil hê dat Ek in en deur jou moet werk, moet jy kan glo dat Ek dit kan en sal doen.” Geloof is een van die hoof karakters trekke wat God in jou wil ontwikkel, en Hy sal enigiets doen om jou daarin te laat groei.

Psalm 37:5

Romeine 4:20, 21

Markus 11:24

Jakobus 1:6, 7

Hebrieërs 11:6

Matteus 17:19-21

Spreuke 3:5, 6

3. Ons kan nie verwag dat God ons versoeke sal beantwoord as ons onwillig is om Hom te gehoorsaam, nie.

Ons gewilligheid om God te gehoorsaam sal die doeltreffendheid van ons gebedslewe beïnvloed.

Psalm 37:4

Spreuke 15:8

Spreuke 28:9

Matteus 6:14, 15

1 Johannes 3:22

4. Ons moet met enige bekende sonde in ons lewens afreken, voordat ons kan verwag dat God ons gebede sal verhoor.

Dis waansinnigheid om te dink dat ons nooit ongehoorsaam aan God sal wees nie. Ons is tog net mens; daarom sal ons van tyd tot tyd hom faal. Ons doel is om minder en minder te faal soos ons meer volwasse in Hom word. Intussen kan ons so spoedig moontlik die saak met Hom regmaak

wanneer ons bewus word van ongehoorsaamheid aan Hom. Ons het ook ons prioriteite wanneer ons na God in gebed kom, maar ons Vader gaan nie die tyd neem om te luister as ons sonde in ons lewens het nie.

Psalm 32:3-5	Psalm 66:18	Psalm 139:23, 24
Spreek 28:13	Jesaja 59:2	1 Johannes 1:9

5. Gebed is harde werk

Soos met alle werk, is 'n belangrike faktor geduldige volharding. Die Bybel sê dat hierdie houding nie onbeloon sal word nie.

Psalm 40:1	Lukas 11:5-9
Lukas 18:1-8	1 Korintiërs 15:58

6. Ons moet God in alle nederigheid nader

Onthou wie dit is met wie ons praat. Met die lees van die Bybel sal jy vind dat dit God baie behaag wanneer ons na Hom toe kom met 'n nederige houding, maar dit verander wanneer ons met 'n trotse houding Hom nader.

2 Konings 22:19	Psalm 51:16, 17	Psalm 10:17
1 Petrus 5:5, 6	Jakobus 4:10	2 Kronieke 34:27
2 Kronieke 7:14	Lukas 18:9-11	

7. Hy aanvaar ons onvoorwaardelik as Sy kinders

Ons kan met moed en volle vertroue na Hom toe kom in gebed, as gevolg van die verbintenis wat ons met ons hemelse Vader het. Ons nader Hom met 'n nederige hart, omdat Hy ons Skepper, Redder en Koning van konings en Heer van die heelal is. Maar ons nader Hom ook met vrypostigheid en selfvertroue omdat Hy lief genoeg vir ons was om vir ons te sterf, ons aan te neem en ons te verhoog.

Efsiers 3:1	Hebreërs 4:15, 16	Hebreërs 10:19-22
-------------	-------------------	-------------------

8. Wanneer jy hardop bid

Moenie probeer om ander mense te beïndruk wat miskien luister nie. Konsentreer net daarop om met God te praat. Dit beteken nie dat publieke gebed vermy moet word nie. In teenstelling het Jesus ons aangemoedig om

hardop saam met ander gelowiges te bid. Daar is iets spesiaal en kragtig aan gemeenskaplike gebed. Ons moet net versigtig wees oor ons motiewe met gemeenskaplike gebed. As ons probeer om mense met ons gebede te beïndruk, mag hul dalk wees, maar God sal nie wees nie, en dan het ons ons hoof gehoor verloor!

Matteus 6:6 Lukas 20:46, 47

9. Gebruik jou verstand wanneer jy bid

Moenie net woorde herhaal nie. Gebed moet uit jou hart uit kom. Onthou, God is intelligent en ons gebede aan Hom moet Hom as sulks eer.

10. Bid met ‘n verwagting in jou hart en wees spesifiek in jou versoeke

Wat verwag jy van die Here?

Genesis 18:23-32 Rigters 6:36-40

2 Konings 6:15-18 Matteus 7:7-11

Johannes 16:24 Filippense 4:6, 7

11. Wees verwagkend; neem tyd om te luister

As jy tyd neem om te luister, sal jy verbaas wees oor wat God te sê het!

1 Konings 19:11, 12 Psalm 62:5

Jesaja 55:1-4 Psalm 27:14

Psalm 85:8 Hebrëërs 3:15

Hoe om te Bid

E k wil ‘n baie praktiese manier deel van hoe om ‘n tyd van gebed te hê. Dink aan die vyf vingers aan jou hand. Verbeel jou dat die duim ‘n tyd van aanbidding verteenwoordig, jou wysvinger verteenwoordig jou tyd van belydenis, die middelvinger jou tyd van voorbidding, die ringvinger jou tyd van versoeke en die pinkie jou tyd van danksegging.

Wanneer jy bid, hou die volgende in gedagte, en dit sal jou help om ‘n gebalanseerde gebedslewe te handhaaf.

- Kom God se teenwoordigheid binne met lof en aanbidding
- Bely jy jou sondes
- Bid vir ander en hulle behoeftes

- Bring jy jou eie behoeftes voor die Here
- Sluit jy jou tyd van gebed af in danksegging.

Kom ons gaan deur elkeen van hierdie stappe

1. Aanbidding


Die kern van gebed is 'n daad van aanbidding. Dit is 'n manier om die almag, krag, en heiligheid van God te erken. Aanbidding deur gebed laat gelowiges toe om oor God se natuur te bepeins, en hul liefde en verering vir Hom te bewys. Dit kan vele vorms aanneem, van gesproke lofwoorde tot stille oordenking van Sy goddelike majesteit. Aanbiddende gebed bring mense nader aan God, versterk geloof en verdiep die band tussen die Skepper en die gelowige.

- **Psalm 95:6** – “Kom laat ons aanbid en neerbuk; laat ons kniel voor die Here wat ons gemaak het.”
- **Johannes 4:24** – “God is Gees, en dié wat Hom aanbid, moet Hom in gees en waarheid aanbid.”
- **Openbaring 4:11** – “U is waardig, O Here, om te ontvang die heerlikheid en die eer en die krag, want U het alles geskape, en deur u wil bestaan hulle en is hulle geskape.”

2. Belydenis

Berou is 'n ander belangrike aspek van gebed. Dit is die vra vir vergifnis vir sondes en tekortkominge, foute te erken en om self te verbind om te verander. Deur gebed maak gelowiges hul harte oop vir God, hul bely hul oortredinge en vra vir Sy genade. Hierdie proses bring geestelike vernuwing en offer 'n vars begin en 'n geleentheid om in geloof te groei. Ware berou behels nie net woorde nie, maar behels 'n opregte begeerte om te verander en volgens goddelike beginsels te lewe.

- **1 Johannes 1:9** – “As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons sondes te en ons van ons ongeregtigheid te reinig. “
- **Handelinge 3:19** – “Kom dan tot inkeer en bekeer julle, sodat julle sondes uitgewis kan word en tye van verkwikking van die aangesig van die Here mag kom.”



- **2 Kronieke 7:14** – “En as my volk, oor wie my Naam uitgeroep is, hulle verootmoedig en bid en my aangesig soek en hulle bekeer van hul verkeerde weë, sal Ek uit die hemel hoor en hulle sonde vergewe en hulle land genees.”

3. Voorbidding

Voorbidding is wanneer ’n persoon vir iemand anders intree (namens hulle bid) Hierdie onselfsugtige daad demonstreer liefde en deernis, en bewys besorgdheid oor die welstand van familie, vriende, gemeenskappe, of selfs vreemdelinge. Voorbidding weerspieël die geloof dat God na die gebede van Sy mense luister en dat Hy vertroosting, genesing en ondersteuning kan bring aan dié wat dit nodig het. Baie mense ervaar dat voorbidding nie net ‘n seën is vir ander nie, maar ook hul eie geloof versterk en hul verbintenis met die wêreld verdiep.

- **1 Timotheus 2:1** – “In die eerste plek vermaan ek dan dat smeking, gebede, voorbedes, danksegginge gedoen moet word vir alle mense.”
- **Jakobus 5:14-15** – “Is daar iemand siek onder julle? Laat hom die ouderlinge van die gemeente inroep, en laat hulle oor hom bid nadat hulle hom in die Naam van die Here met olie gesalf het. En die gebed van die geloof sal die kranke red, en die Here sal hom oprig. Selfs as hy sondes gedoen het, sal dit hom vergewe word.”
- **Romeine 8:26** – “En net so kom ook die Gees ons swakhede te hulp, want ons weet nie reg wat ons moet bid nie, maar die Gees self tree vir ons in met onuitspreeklike sugtinge.”

4. Smeking

Smeking is wanneer ons met ootmoed en ’n vol hart God vir iets vra. Daar is baie keer trane by betrokke. Dit is ‘n nederige pleidooi vir hulp. Of dit nou vir persoonlike behoeftes, leiding, krag of genesing is. In moeilike tye wend gelowiges hulle tot God en vertrou op Sy wysheid en voorsiening. Terwyl party gebede nie altyd op die manier wat ons verwag beantwoord word nie, leer smeking ons geduld en vertrou, en versterk dit die geloof dat God se planne altyd vir die beste is.

- **Filippense 4:6** – “Wees oor niks besorg nie, maar laat julle begeertes in alles deur gebed en smeking met danksegging bekend word by God.”
- **Mattheus 7:7** – “Bid, en vir julle sal gegee word; soek en julle sal vind; klop, en vir julle sal oopgemaak word.”
- **Jakobus 5:16** – “Bely mekaar julle misdade en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word. Die vurige gebed van ‘n regverdige het groot krag.”

5. Danksegging

Dankbaarheid is ’n onmiskenbare deel van gebed. Wanneer ons dankie sê, erken ons die seëninge en goedheid van God, voed dit ’n gevoel van tevredenheid en waardering. Of dit nou in tye van vreugde of swaarkry is, help danksegging gelowiges om op die positiewe in hul lewens te fokus, en daardeur word hul vertroue in God se plan hervestig. Om selfs die kleinste seëninge te erken en te waardeer, kan vrede en vreugde bring, en dit maak danksegging ’n kragtige en veranderende aspek van gebed.

- **1 Thessalonicense 5:16-18** – “Wees altyd deur bly. Bid sonder ophou. Wees in alles dankbaar, want dit is die wil van God in Christus Jesus oor julle.”
- **Kolossense 3:17** – “En wat julle ook al doen in woord of in daad, doen alles in die Naam van die Here Jesus en dank God die Vader deur Hom.”
- **Psalms 107:1** – “Loof die Here, want Hy is goed, want Sy goedertierenheid is tot in ewigheid.”

‘n Paar Praktiese Wenke

Terwyl jy jou tyd van gebed voorberei, oorweeg die volgende ondergeskrewe punte.

1. Soek ’n Stil/afgesonderde Spasie

Voordat jy begin bid, soek ’n plek sonder steurnisse waar jy volkome op God kan fokus. ’n Stil omgewing help om jou gedagtes en hart tot rus te bring,

sodat jy makliker in Sy teenwoordigheid kan ingaan. Dit kan 'n klein vertrek wees, 'n rustige hoekie in jou huis, of selfs 'n afgesonderde buitemuurse ruimte. Die sleutel is om êrens te wees waar jy toegelaat sal word om stil te kan wees, weg van geraas en onderbrekings. Jesus het dikwels na stil plekke verdwyn om te bid, en het dit as 'n voorbeeld vir ons gelos. In die stilte kan jy jou hart ten volle oopmaak en nader aan God beweeg.

2. Hou Jou Bybel, 'n Notaboek en 'n Pen by Jou

Om jou Bybel byderhand te hê, verseker dat jy gegrond in God se Woord bly terwyl jy bid. 'n Notaboek en pen is nuttige hulpmiddels om insigte, gedagtes en enigiets wat God op jou hart lê neer te skryf. Deur dinge neer te skryf, help dit jou om te kan oorpeins daaroor en onthou wat Hy aan jou openbaar het. Dit help jou ook om jou geestelike groei met tyd dop te hou.

Om hierdie items binne bereik te hou, berei jou voor vir 'n betekenisvolle en georganiseerde gebedstyd waarin jy kan luister, leer en op God se leiding reageer.

3. Bid en Vra die Heilige Gees om Jou Hart en Gedagtes na die Vader te Rig

Voordat jy met gebed begin, vra die Heilige Gees om jou te lei. Hy is die Een wat ons help bid en ons harte in lyn bring met God se wil. Deur Hom in jou gebedstyd in te nooi, verseker jy dat jou fokus op die Vader bly en nie afgelei word deur jou eie gedagtes nie.

Hierdie eenvoudige daad van oorgawe laat die Gees toe om jou woorde, gedagtes en emosies te rig, wat jou gebed meer opreg en in harmonie met God se planne maak.

Deur Hom word jou gebedstyd meer as net 'n roetine—dit word 'n oomblik van ware konneksie met God.

4. Geen Selfoon Nie

Om volkome teenswoordig met God te wees, skakel jou selfoon af of los dit in 'n ander kamer. Kennisgewings, boodskappe en oproepe kan maklik jou fokus breek en jou hart van gebed aflei. God verdien jou onverdeelde

aandag, en deur digitale afleidings te verwyder, help jy jouself om stiller en meer ontvanklik wees. As jy jou foon vir Bybellees gebruik, oorweeg dit om 'n fisiese Bybel te gebruik om sodoende onderbrekings te vermy. Deur 'n heilige, afleidingsvrye ruimte te skep, laat dit jou toe om dieper in jou tyd met God in te gaan en verseker dit dat jou hart en gedagtes op Hom gefokus bly.

5. Begin deur die Bybel te Lees

Die Bybel is die lewende Woord van God, en deur ou gebedstyd met Skrif te begin, lê dit die basis vir betekenisvolle kommunikasie met Hom. Kies 'n gedeelte om te lees, of dit nou uit 'n beplande leesplan is of 'n boek wat jou huidige omstandighede aanspreek. Terwyl jy lees, let op oor hoe God dalk met jou praat. Sy Woord bied leiding, bemoediging en wysheid. Laat dit jou gebede vorm, en jou herinner aan Sy beloftes en jou in 'n dieper verhouding met Hom bring. Die Skrif berei jou hart voor en help jou om met geloof en begrip te bid.

6. Dink en Mediteer oor Wat Jy Gelees Het

Na die lees van die Bybel, neem tyd om oor die betekenis daarvan na te dink. Meditasie is meer as net lees—dit laat die woorde toe om in jou hart pos te vat, en jou gedagtes te verander. Vra jouself wat openbaar die gelese gedeelte oor God, Sy karakter en Sy wil vir jou lewe. Dink oor hoe dit by jou omstandighede pas en watter veranderinge dit van jou vereis. Om oor die Skrif te peins verdiep jou begrip en help jou om God se waarheid joune te maak sodat dit 'n rigtingwyser in jou gebede en daaglikse wandel met Hom word.

7. Vra die Heilige Gees om Jou Hart te Deursoek en om met Jou te Praat

Terwyl jy oor God se Woord nadink, nooi die Heilige Gees om jou hart te ondersoek. Vra Hom om areas te openbaar waar jy Sy leiding, verebetering of bemoediging nodig het.

Die Gees bring duidelikheid, oortuiging en vrede, en help jou om God

se stem en rigting te herken. Wees oop vir Sy aansporing, of dit nou deur 'n gevoel van vrede, 'n oortuiging om te verander, of 'n nuwe begrip van God se waarheid is. Hierdie is 'n tyd van oorgawe waarin jy toelaat dat die Gees jou hart verander en jou begeertes in lyn bring met God se volmaakte wil.

8. Skryf Enige Indrukke of Gedagtes Neer wat Jou Hart Geraak Het

Om 'n rekord te hou van wat God tydens gebed met jou deel, help om jou geloof en geestelike reis te verdiep. As 'n spesifieke Skrif, gedagte of oortuiging vir jou uitstaan, skryf dit neer. Om 'n Joernaal te hou, help jou om oor God se getrouheid deur die jare na te dink en patrone te vind in hoe Hy met jou gepraat het. Dit help jou ook om Sy leiding te onthou en dit makliker in jou daaglikse lewe toe te pas. Of dit nou 'n woord van bemoediging, 'n herinnering aan Sy liefde, of 'n insig vir persoonlike groei is, om dit neer te skryf versterk jou pad met Hom.

9. Wees Stil en Luister na God met Jou Geestelike Ore

Gebed gaan nie net daaroor om met God te praat nie; jy moet ook luister. Nadat jy jou gedagtes en versoeke na Hom toe gebring het, neem tyd om stil te wees en op Hom te wag. Stilte laat jou toe om Sy stem te hoor en Sy teenwoordigheid te herken. God praat dikwels in 'n sagte fluistering en stempel waarhede op jou hart. Deur jou gedagtes stil te maak en met jou gees te luister, skep jy ruimte vir Hom om jou te lei, te vertroos en om Sy wil te openbaar. In hierdie oomblikke van stilte ervaar jy die diepte van Sy liefde en leiding.

Evaluering

Vra jouself hierdie vrae:

1. Verstaan my dissipel hoe belangrik gebed is vir sy geestelike groei?
2. Sien hy gebed as 'n ritueel? Is hy besig om 'n toespraak te lewer vir die voordeel van ander om te hoor, of kommunikeer hy met God alleen?
3. Het hy 'n vaste begrip van die basiese beginsels van gebed?
4. Bid hy op sy eie?

5. Weerspieël sy gebede 'n goeie balans tussen Aanbidding, Belydenis, Danksegging, Voorbidding en Versoeke?
6. Bid hy vir betekenisvolle sake, of is sy gebede oppervlakkig en sonder krag?
7. Beweeg hy in die rigting van 'n daaglikse stilte tyd met God?

Gevolgtrekking

Gebed is 'n diep en dinamiese geestelike oefening wat aanbidding, berou, versoeke, voorbidding en danksegging insluit. Elke element dra by tot die verdieping van geloof, die versterking van die verhouding met God, en bring geestelike vervulling. Of dit hardop gebed word of in die hart gefluister word, bly gebed 'n noodsaaklike bron van troos, leiding en krag vir alle gelowiges regoor die wêreld. 

Persoonlike notas:

[illegible]



Hoofstuk Twaalf

Hoe om 'n doeltreffende getuie te wees

Doelwit

Die dissipel het nou 'n basiese begrip van die belangrikheid van getuienis, hy ken die hoofsaaklike beginsels van die evangelie, en kan vir iemand anders verduidelik hoe om 'n Christen te word.

Bybelse grondslag

Ons sien dat regdeur die Bybel het God dit duidelik gemaak dat getuienis 'n normale deel van ons lewens as “geroeptenes” moet wees. Hier is 'n paar verse wat dit bevestig. Gaan dit na en skryf opsommings daaroor neer in jou dissipelskap notaboek.

Psalm 107:2	1 Korintheërs 9:19-22	Handelinge 4:2
Markus 5:18-20	Esegiël 3:18	2 Korintheërs 6:1, 2
Romeine 1:16	1 Johannes 20:21	Mattheus 9:37, 38
Spreuke 11:30	2 Korintheërs 5:11	Handelinge 17:1-3
Lukas 24:46-48	Mattheus 4:19	Efesiërs 3:8
Romeine 10:13-15	Handelinge 4:12	Mattheus 24:14
Spreuke 24:11, 12	2 Korintheërs 5:18, 20	Handelinge 18:28
Johannes 4:4-26	Mattheus 5:13-16	

Die definisie van Getuienis

Getuig: “Om die evangelie van Jesus Christus te deel in die krag van die Heilige Gees en die resultate aan God oor te laat.” Getuienis lewer in sy breedste sin, is eenvoudig om ander te vertel wat jy weet. Soos Petrus en Johannes aan die Sanhedrin gesê het (wat hulle probeer keer het om te getuig), “...want vir ons is dit onmoontlik om nie te spreek oor wat ons gesien en gehoor het nie.” (Handelinge 4:20). Wat het jy gesien en gehoor oor Christus? Wanneer jy hierdie dinge met ander deel, is jy besig om te getuig.

Die Evangelie: Almal is skuldig aan sonde voor God. Die straf vir sonde is die dood — ewige skeiding van God. Maar as gevolg van Sy groot liefde vir ons, het God Sy Seun, Jesus Christus, gestuur om die straf vir ons sonde op Homself te neem toe Hy aan die kruis gesterf het. Drie dae later is Hy uit die dood opgewek en leef Hy vandag en vir ewig. As 'n persoon homself van sy sondige lewenswyse bekeer, en glo dat Jesus Christus die Seun van God is en hom van die ewige dood kan red, sal hy gered word.

Skriftuurlike “kernverse” van die evangelie:

Johannes 3:16	Handelinge 20:21
1 Korinthiërs 2:1, 2	Lukas 24:46-48
Romeine 6:23	1 Korinthiërs 15:3, 4
Handelinge 16:30, 31	

Deur jou Christelike getuienis te deel, is dit 'n kragtige manier om God se werk in jou lewe te verwoord. Dit is jou persoonlike verhaal van hoe jy Jesus Christus ontmoet het en hoe jou lewe as gevolg daarvan verander het.

Die Bybel moedig gelowiges aan om hul getuienisse te deel as 'n manier om God te verheerlik, geloof te versterk en die evangelie te versprei. Soos Openbaring 12:11 sê: *“En hulle het hom oorwin deur die bloed van die Lam en deur die woord van hulle getuienis; en hulle het tot die dood toe nie hulle lewe liefgehad nie.”* Hierdie vers beklemtoon die krag van getuienis om uitdagings te oorkom en die duisternis te oorwin.

Die Basiese Beginsels van die Evangelie

In sy eenvoudigste vorm kan die evangelie in vier basiese punte opgesom word:

1. *God het elke mens lief* en het elkeen geskep om tot in ewigheid in gemeenskap met Hom te wees.

Jeremia 29:11	Johannes 3:16
Johannes 10:10	Jeremia 31:3
Johannes 4:13, 14	

2. *Almal het gesondig*, en het daardeur hulle gemeenskap met God verbreek wat ewige skeiding van Hom veroorsaak het.

Psalm 14:2, 3 Romeine 3:10, 12

Romeine 6:23 Jesaja 53:6

Romeine 3:23 Hebreërs 9:27

3. *God het Sy Seun, Jesus Christus gestuur* om die straf vir ons sonde op Homself te neem, sodat ons weer herenig met God kan wees.

Johannes 3:17 Efesiërs 1:6, 7 1 Petrus 3:18

Romeine 5:8 Titus 2:14 1 Johannes 4:9, 10

4. *Jesus se offerande* is vir elkeen van ons, wanneer ons gewilliglik Christus in die geloof aanneem as ons Redder.

Johannes 1:12 Handeling 16:31 Efesiërs 2:8,9

Johannes 3:1-8 Romeine 10:9, 10 1 Johannes 5:11-13

Johannes 5:24 Galasiërs 2:16 Openbaring 3:20

Waarom Ons Getuienis Deel?

1. Dit Versterk Ons Geloof in God en Sy Woord

Met ons getuienis bevestig ons, ons geloof in God en word ons herinner aan Sy krag en liefde. 1 Johannes 5:10 sê: “*Wie in die Seun van God glo, het die getuienis in homself. Hy wat God nie glo nie, het Hom tot leuenaar gemaak, omdat hy die getuienis nie geglo het wat God aangaande Sy Seun getuig het nie.*” Hierdie vers beklemtoon die belangrikheid daarvan om ons geloof te bekrachtig en te verkondig.

2. Dit Moedig Ander aan om in hul Geloof te Groei

Om 'n persoonlike verhaal van verandering te hoor, kan ander inspireer om 'n dieper verhouding met God te soek. Johannes 4:39 vertel van die Samaritaanse vrou wat Jesus by die put ontmoet het: “*En baie van die Samaritane uit daardie stad het in Hom geglo oor die woord van die vrou wat getuig het: 'Hy het my alles vertel wat ek gedoen het.'*” Dit bewys hoe 'n eenvoudige persoonlike verhaal ander mense na geloof kan lei.

3. Dit Gee Gelowiges die Moed om Hul Eie Verhale te vertel

Wanneer ons ons getuienis deel, bemoedig ons ander om dieselfde te doen. Handeling 1:8 sê: *“Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal My getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en Samaria en tot aan die uiterste van die aarde.”* Getuienis lewer is ‘n opdrag asook ‘n voorreg vir gelowiges.

4. Dit Bring Eer aan God

Ons getuienisse wys na God se grootheid en genade. Openbaring 1:2 sê: *“wat getuig het van die woord van God en die getuienis van Jesus Christus- alles wat hy gesien het.”* Elke keer as ons ons getuienis deel, eer en verheerlik ons God.

5. Dit Help Ons om Verantwoordbaar te Bly

Wanneer ons ons geloofsverhaal deel, herinner dit ons aan ons toewyding om volgens God se woord te leef. 2 Timotheus.1:8: *“Skaam jou dan nie oor die getuienis van onse Here en oor my, sy gevangene nie, maar ly saam verdrukkinge vir die evangelie na die krag van God.”* Hierdie vers bemoedig gelowiges om standvastig te bly.

6. Dit Openbaar God se Krag

Ons getuienisse is 'n lewendige bewys van God se veranderende krag. 1 Johannes 5:11 verklaar: *“En dit is die getuienis: dat God ons die ewige lewe gegee het, en dié lewe is in sy Seun.”* Getuienisse demonstreer die waarheid van God se beloftes.

7. Dit Dryf die Duisternis van die Vyand Weg

Openbaring 12:17 sê: *“En die draak was vertoornd op die vrou, en hy het weggegaan om oorlog te voer teen haar ander nakomelinge wat die geboorte van God bewaar en die getuienis van Jesus Christus hou.”* Deur ons getuienis te deel, dryf ons geestelike duisternis weg.

Belangrike Dinge om in gedagte te hou

A. Vermy om “Christenese” te praat

Dit is belangrik om ons getuienisse op 'n manier te deel wat duidelik en verstaanbaar vir almal is. Vermy frases wat mense kan verwar, soos:

- “Die bloed van Jesus het my sondes weggespoel.”
- “Die offer van die Lam.”
- “Ek het my hart vir Jesus gegee.”
- “God het met my gepraat.”
- “Jesus het my siel gered.”
- “Ek is gered.”
- “God het my met Sy Heilige Gees gevul.”

Gebruik eerder eenvoudige en verstaanbare taal wat verduidelik wat hierdie frases in alledaagse terme beteken.

B. Onthou, dit is jǒu werk om te getuig. Dit is God se werk om mense te bekeer.

As Christene is ons rol om die evangelie-boodskap getrou en met liefde te deel, nie om 'n reaksie af te dwing of die uitkoms te manipuleer nie. Bekeringswerk is uiteindelik 'n werk van God, nie van menslike inspanning of oortuiging nie. Hierdie waarheid behoort ons te bevry van druk en angs wanneer ons getuig—dit is God wat mense na Hom toe trek en harte verander. Jesus het dit duidelik gemaak: “Niemand kan na My toe kom as die Vader wat My gestuur het hom nie trek nie” (Johannes 6:44). Net so oortuig die Heilige Gees die wêreld van sonde, geregtigheid en oordeel (Johannes 16:7–11), wat wys dat transformasie Sy goddelike verantwoordelikheid is.

C. Vertrou op die Heilige Gees om bonatuurlik te werk. Praat eers met God oor mense voordat jy met mense oor God praat.

Evangelisasie is nie net 'n menslike poging nie—dit is 'n geestelike daad wat geestelike bemagtiging vereis. Gebed is 'n noodsaaklike voorbereiding; wanneer ons vir ander intree, nooi ons God se Gees uit om in hul harte te werk. Ons stry nie teen vlees en bloed nie, maar teen geestelike vestings, en net God kan daardie vestings afbreek. “Die wapens waarmee ons stry, is nie

die van die wêreld nie. Inteendeel, hulle het goddelike krag om vestings neer te werp” (2 Korintiërs 10:4).

Paulus herinner ons ook: “Ons evangelie het nie net met woorde na julle toe gekom nie, maar ook met krag, met die Heilige Gees en met diepe oortuiging” (1 Tessalonisense 1:5). Getuienis sonder gebed is soos om sonder wapens oorlog toe te gaan.

D. Moenie mense as “projekte” sien nie.

Dit is belangrik om mense met opregte liefde en deernis te benader, nie as take om af te handel of trofee om in te samel nie. Elke individu is ’n siel vir wie Christus gesterf het, geskape na God se beeld en waardig om met waardigheid en genade behandel te word. Die evangelie is nie ’n hulpmiddel om mense onder druk te plaas of bang te maak nie, maar ’n boodskap van hoop en verlossing. Jesus het hierdie persoonlike sorg getoon toe Hy met die Samaritaanse vrou by die put gesels het (Johannes 4), en haar met respek behandel het waar sy was. “Maar God bewys Sy liefde vir ons hierin: Toe ons nog sondaars was, het Christus vir ons gesterf” (Romeine 5:8). Om die evangelie te deel moet altyd Christus se hart vir mense weerspieël.

E. Wees aangenaam, vriendelik en positief wanneer jy getuig.

Jou toon en houding kan ’n groot impak hê op hoe jou boodskap ontvang word. Mense is baie meer ontvanklik om van Jesus te hoor as hulle met warmte en respek benader word. Om aangenaam en positief te wees, weerspieël die vreugde en vrede van die evangelie self. “Laat julle gesprek altyd aangenaam wees, met sout gesout, sodat julle weet hoe julle elkeen moet antwoord” (Kolossense 4:6). ’n Vriendelike gees open harte op ’n manier wat harde of veroordelende tone nooit kan doen nie.

F. Vermo om in argumente betrokke te raak.

Argumente lei selde tot ware begrip of transformasie. Ons doel is om waarheid in liefde te deel, nie om debatte te wen nie. Hittevolle rusies kan harte verhard eerder as versag. Paulus het vir Timoteus aangeraai: “En die dienskneg van die Here moet nie twis nie, maar vriendelik wees teenoor almal, bekwaam om te leer, en geduldig” (2 Timoteus 2:24). ’n Kalm en

respekvolle gesprek laat dikwels 'n blywende indruk wat verder strek as die oomblik self.

G. Gebruik toepaslike Skrifgedeeltes.

Die Bybel is lewend en aktief, en sy waarheid het die krag om te oortuig, aan te moedig en te lei. Alhoewel ons persoonlike stories kragtig kan wees, is dit die Skrif wat goddelike gesag dra. Om relevante verse te deel, gee gewig en duidelikheid aan jou boodskap. “Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig vir onderrig, weerlegging, regstelling en onderwysing in die geregtigheid” (2 Timoteus 3:16). Kies gedeeltes wat direk spreek tot die persoon se situasie en geestelike behoefte.

H. Wees eerlik as jy nie die antwoorde op vrae weet nie, en beloop om dit op te soek en terug te kom (en hou daardie belofte!).

Eerlikheid bou vertroue. Om te erken dat jy iets nie weet nie, wys nederigheid, nie swakheid nie. Dit kan selfs 'n deur oopmaak vir verdere gesprek as jy opvolg met goed deurdagte antwoorde. “Maar deur in liefde die waarheid te praat, sal ons in alle opsigte groei na Hom toe wat die Hoof is, naamlik Christus” (Efesiërs 4:15). Betroubaarheid en eerlikheid eer beide God en die persoon met wie jy praat.

I. Moenie preek nie.

Preek in die sin van 'n monoloog kan dikwels afskrik in 'n een-tot-een gesprek. Mense reageer beter op 'n dialoog waar hulle gevoel het hulle word gehoor en gerespekteer. Effektiewe getuie is behels om te luister en in gesprek te tree met die ander persoon se gedagtes en vrae. “Elke mens moet maar gewillig wees om te luister, stadig wees om te praat en stadig wees om kwaad te word” (Jakobus 1:19). Mik eerder na 'n gesprek as 'n preek.

J. Bring die getuieissituasie tot 'n punt van besluit aan hulle kant.

Al kan en behoort ons nie 'n reaksie af te dwing nie, moet ons mense liefdevol aanmoedig om oor wat hulle gehoor het na te dink en 'n persoonlike besluit te neem. Om die evangelie te deel sonder ooit 'n uitnodiging te bied, kan iemand onseker laat oor wat om volgende te doen. Toe Petrus op Pinksterdag

gepreek het, het die mense gevra wat hulle moet doen, en hy het 'n duidelike oproep gegee: “Bekeer julle en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van julle sondes” (Handelinge 2:38). Bied die geleentheid, maar laat die besluit by hulle.

Waar om te Begin?

Ek wil jou aanmoedig om 'n A4 blaaie te neem en jou lewenspaadjie met Jesus neer te skryf. Neem die tyd om alles wat in jou gedagtes opkom neer te skryf. Begin by die vroegste herinneringe en gaan voort tot die hede. Gebruik soveel blaaie as wat jy nodig het. Nadat jy dit gedoen het, lees alles deur en herskryf jou storie, georganiseer volgens die kategorieë hieronder genoem.

Sodra jy hierdie oefening voltooi het, sal jy in staat wees om jou storie in 'n kort weergawe van ongeveer 3 minute te deel. Dit help jou om by die onderwerp te bly en nie af te dwaal nie. Wanneer jy meer tyd het om jou storie in besonderheid te kan deel, kan jy hierdie doen en nog steeds die drie punte as riglyne gebruik.

Hier is die 3 kategorieë om in gedagte te hou wanneer jy jou storie voorberei:

1. Jou Lewe Voordat Jy Jesus Geken Het

- Hou dit kort en duidelik.
- Nie nodig om elke negatiewe herinnering te deel nie.
- Die hoofpunt is dat jou lewe nie God vereer het nie.
- Jy het nie vrede gehad nie en het skuldgevoelens ervaar.
- Jy het slegte keuses gemaak en ander seergemaak.
- Jy was selfsugtig, oneerlik of verlore.

2. Hoe Jy Jesus Ontmoet Het

- Wanneer en waar het dit gebeur?
- Wat was die omstandighede?
- Hoe het jy gereageer?

3. Jou Lewe Na die Ontmoeting met Jesus

- Wat het verander?
- Hoe verskil jou lewe nou?
- Hoe het hierdie ervaring jou en ander geraak?

Wat om te Doen Nadat Jou Getuienis Gereed is om gedeel te word

2 Timotheus 4:2 sê: “*Verkondig die woord; bou aan tydig en ontydig; weerlê, bestraf, vermaan in alle lankmoedigheid en lering.*”

Sodra jy jou getuienis voorberei het, oorweeg die volgende stappe:

1. **Bid vir die regte geleentheid**

Vra God om jou te lei na die regte oomblikke en mense wat nodig het om jou storie te hoor.

2. **Wees dapper en moedig**

Moenie bang wees om jou geloof te deel nie. Matteus 24:14 verklaar: “*En hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot ‘n getuienis vir al die nasies; en dan sal die einde kom.*” Jou storie is ‘n belangrike deel vir die verspreiding van die evangelie.

3. **Wees oop vir geleenthede**

Soek situasies waar jou getuienis ‘n verskil kan maak – of dit nou in gesprekke, sosiale media of kerkbyeenkomste is.

4. **Gebruik elke oomblik**

Soms het jy net ‘n kort tyd om te kan getuig. Hou jou getuienis op die man af en treffend.

5. **Wees kreatief met die deel van jou storie**

Jy kan jou getuienis op verskeie maniere deel, soos bv:

- Dit neerskryf en op sosiale media plaas.
- ‘n Video-getuienis maak.
- Persoonlik met iemand deel.
- In ‘n kerk of groep praat.

Hier is 'n paar eenvoudige maniere om die Evangelie met iemand te deel.

1. **Voorsien in behoeftes** deur liefdesdade (Bid vir behoeftes, help op ander maniere).
2. **Lees die Woord vir hulle** (Onthou, God kan enigiemand gebruik!)
3. **Gebruik Literatuur** wat die Evangelie duidelik verduidelik ('n Traktaatjie of boek).
4. **Ons Storie** – 'n 2-3 minute (of 20 sekondes) verstaanbare getuienis van wat God in jou lewe gedoen het. (Handelinge 22:1-21), bv:
 - a. Hoe was jou lewe voorheen?
 - b. Wat God gedoen het
 - c. Hoe is jou lewe nou?

Onthou, 'n getuienis is nie evangelisasie nie, tensy die Evangelie deel is daarvan of daarna gedeel word.

God se Verhaal – Verduidelik die Evangelie duidelik in jou eie woorde binne in 2-3 minute:

- a. Ons is almal sondears wat van God en Sy familie geskei is.
- b. Jesus is deur God die Vader gestuur om aan die kruis te sterf vir die vergifnis van ons sondes, om ons straf op Hom te neem.
- c. As ons ons sondes bely en glo in wat Jesus vir ons gedoen het, sal ons nie vir ons sondes gestraf word nie, en sal ons die ewige lewe in die hemel hê en by God se familie aansluit.
- d. Ons ontvang hierdie geskenk slegs as ons dit aanvaar.

Jy kan miskien verse uit *Die Romeine Pad* gebruik:

- a. Romeine 3:10-12 en 23 Almal het redding nodig omdat ons almal gesondig het.
- b. Romeine 6:23 Die gevolg van sonde is die dood.
- c. Romeine 5:8 Jesus Christus het vir ons sondes gesterf. Hy het die prys vir ons dood betaal.
- d. Romeine 10:9-10, 13; Johannes 1:9 Ons ontvang redding en die ewige lewe deur geloof in Jesus Christus te bely.

- e. Romeine.5:1 en Romeine 8:1
Redding deur Jesus Christus bring
ons vrede met God.



Jy kan ook die **Brug-illustrasie** of 'n ander prentjie gebruik om dit te verduidelik.

Om iemand tot redding te lei - As jy voel hulle het verstaan, vra dan die volgende vrae:

- *Erken jy dat jy 'n sondaar is*, en verstaan jy dat jy vir ewig gestraf sal word as jy nie vergifnis van God ontvang nie? (Ja)
- *Glo jy dat Jesus alreeds vir jou sonde gestraf was*, en vir jou daardeur die geleentheid gegee het om volkome vergewe te word in Sy Naam? (Ja).
- Wil jy jou van jou sonde *bekeer*, vergewe word en 'n beter lewe lei? (Ja).

As hulle “Ja” op elke vraag antwoord, kan hulle God vir vergifnis vra, soos volg:

“Here God, vergewe asseblief al my sondes in Jesus se Naam, en help my om te leef soos U wil hê ek moet leef.”

Evaluering

Vra jouself die volgende vrae:

1. Verstaan my dissipel waarom getuienis so belangrik is?
2. Kan my dissipel vir my sê wat die basiese beginsels van die Evangelie is?
3. Kan my dissipel vir iemand anders verduidelik hoe om gered te word?

Gevolgtrekking

Om jou Christelike getuienis te deel, is 'n betekenisvolle manier om jou geloof uit te druk en ander nader aan God te bring. Dit is 'n manier om God te verheerlik, gelowiges aan te moedig en die Evangelie te versprei. Soos

Openbaring 6:9 en Openbaring 20:4 ons herinner, was die getuienis van gelowiges nog altyd kragtig—selfs in die aangesig van beproewings. Mag ons almal geïnspireer word om ons geloof met vrymoedigheid te deel, wetende dat ons verhare die vermoë het om lewens te verander. 

Persoonlike notas:

This image shows a single sheet of white paper with horizontal ruling lines. The lines are evenly spaced and run across the width of the page. There are no margins, text, or other markings on the paper.

Hoofstuk Dertien

Om gevul te word met die Heilige Gees

Doelwit

Die dissipel het nou 'n basiese begrip en stel homself beskikbaar vir die bediening van die Heilige Gees.

Bybelse Grondslag

Hier volg 'n paar verse wat die onderwerp van die invul met die Heilige Gees aanspreek. Lees elke verwysing en skryf 'n opsomming in jou dissipelskap-notaboek neer.

- Handeling 1:8: Die Heilige Gees is die bron van krag in die Christen se lewe; ons moet in staat wees om van Sy krag te kan gebruik sodat ons 'n oorvloedige en vrugbare lewe kan leef.
- Romeine 8:5, 6: Ons kan besluit of ons, ons gedagtes gaan rig op ons ou sondige natuur óf op die lewe wat die Gees vir ons begeer. Elke opsie dra sy eie gevolge. Die Gees kan ook ons gedagtes beheer.
- 1 Korinthiërs 2:14, 15: 'n Mens wat deur die Gees beheer word, kan geestelike waarhede onderskei.
- Efesiërs 4:30: Ons kan optree op 'n manier wat teenstrydig is met die begeertes van die Heilige Gees, en wat Hom sal bedroef.
- Efesiërs 5:18: Ons word letterlik beveel om met die Gees vervul te word. Dit impliseer dat ons die keuse het om gehoorsaam of ongehoorsaam te wees.
- Galasiërs 5:16: 'n Persoon wat deur die Heilige Gees beheer word, kan 'n suiwer en regverdige lewe lei.
- Galasiërs 5:25: Dit is 'n uitnodiging, wat beteken dat ons kan verkies om nie in ooreenstemming met die Gees se bedoelinge te leef nie.
- 1 Thessalonisense 5:19: Ons kan die werk van die Heilige Gees in ons lewens belemmer.

Definisie van:

Die inwoning van die Heilige Gees:

Dit is die intrede van die Heilige Gees in die lewe van 'n berouvolle sondaar wanneer hy gered word. Die die Heilige Gees woon ewiglik in diegene wat wedergebore is.

Dit vind plaas in elke gelowige se lewe op die oomblik van redding (Johannes 14:16-18; Johannes 16:7; Romeine 8:9-11; 1 Korintheërs 6:19).

Die vervulling met die Heilige Gees:

Die aanwysing, beheer en bemagtiging van die Heilige Gees in die lewe van 'n gelowige wat sy wil aan God se wil onderwerp het. Hervulling kan gereeld plaasvind – selfs daaglik of per uur – in 'n gelowige se lewe. Dit hang af van die gelowige om die eerste stap te neem en sy gehoorsaamheid.

'n Illustrasie

Gooi 'n bietjie water in 'n glas en vra dan vir jou dissipel:

“Sou jy sê hierdie glas het water daarin?” (Ja)

“Sou jy sê dit is gevul met water?” (Nee, dis net omtrent halfvol.)

Dis hoe dit met die meeste Christene en die Heilige Gees is. Alle Christene word outomaties deur die Heilige Gees bewoon, net soos hierdie glas “bewoon” word deur die water, maar nie almal is “vervol” met die Heilige Gees nie. Daar is 'n belangrike verskil. Maak die glas nou vol. “Is die glas nou vol?” (Ja)

Dit neem spesifieke aksies sodat die glas vol genoeg kan word. Net so is dit met die vervulling van die Heilige Gees. Dit gebeur nie outomaties nie. Maar wanneer ons lewens met die Heilige Gees gevul is, beteken dit dat ons Hom gevra het om ons te lei, te beheer en ons die krag te gee om God se wil te doen. Dit is nie dieselfde as die “leegmaak van jouself” soos in Oosterse mistieke gelowe nie, waar totale self-uitwissing die uiteindelijke doel is sodat die gode alles is en ons is niks. Dit gaan eenvoudig daaroor dat jy tot 'n besluit kom dat jy die dinge wil doen wat God van jou verwag, en dat jy Hom toelaat om jou te bemagtig om daardie besluit uit te voer. In 'n sekere sin vra jy Christus om Sy lewe deur jou te leef.

Kantel die glas en laat 'n bietjie water mors op die tafel of vloer. Daar is nie altyd kalm waters in die Christen se lewe nie. Ons lewens kan soms bietjie morsig raa. Ons raak gefrustreerd met hoe dinge verloop of nie verloop nie, of ons hou nie van die manier waarop God ons lewens rig nie, en dan neem ons weer beheer daaroor. Dis wat sonde is.

Voordat ons Christus aanvaar het, het ons gesê: 'Ek sal nie toelaat dat God oor my heers nie!' net soos Satan gesê het. Maar toe ons Christene geword het, het ons vir God gevra om ons Heer en Koning te wees, en ons het Sy lojale onderdane geword. Wanneer ons sondig, keer ons terug na ons ou gesindheid en sê vir God: 'Ek het jou nie nodig nie. Ek hou nie van jou planne vir my nie. Ek wil beheer van my lewe weer hê.' Ons sluit weer by Satan se rebelle aan. Wanneer dit gebeur, is dit soos om 'n bietjie van hierdie water uit te mors.

Die glas word nog steeds deur water bewoon, maar dit is nie meer vol nie. Net so bly die Heilige Gees nog in ons, maar ons is nie meer vol van Hom nie.

Hy lei, beheer en bemagtig ons nie meer nie. Maar dit hoef nie so te bly nie. Net soos ek hierdie glas weer kan volmaak (vul die glas weer), kan jy weer met die Heilige Gees gevul word."

'n Strydpunt

Ongelukkig word die onderwerp van die Heilige Gees so 'n strydpunt dat die kerk dikwels verkies om glad nie daaroor te praat nie, en dié wat wel oor die Heilige Gees praat en lering gee, word soms gekritiseer as té radikaal of té uitermatig.

Dit maak egter nie saak wat jou teologiese opinie of leerstelling oor hierdie saak is nie. Die realiteit is dat ons as Christene, in die Vader, die Seun en die Heilige Gees glo. Al mag ons die Heilige Gees behandel soos 'n oom waarvan niemand in die familie praat nie, verdwyn Hy nie. Die Heilige Gees is 'n wesenlike deel van God. Hy is God, en jou dissipel moet die Heilige Gees leer ken en 'n intieme verhouding met Hom kweek. Ek ontken nie dat ek moontlik uit een van daardie radikale, uitermatige hoeke van die teologiese spektrum kom nie, maar as ek eerlik is, was my ervaring met die

Heilige Gees baie werklik en intiem, en in my boeke *Op die Rand van die Paradys* en *Floreer – 7 beginsels vir 'n lewe met impak*, verwys ek gereeld na hierdie verhouding.

Ek glo ek moet 'n paar punte deel wat oorweeg moet word wanneer ons hierdie onderwerp benader. Weereens, hou asseblief in gedagte dat ek ten volle verstaan dat jy as leser of as iemand wat tans 'n gelowige dissipel, dalk 'n ander opinie het. Ek respekteer dit, maar wil nogtans my persoonlike ervaring en my begrip van die Skrif met jou deel.

1. Ons het die Heilige Gees nodig om gered te word

In Johannes hoofstuk 3 lees ons van die gesprek tussen Jesus en die Joodse Fariseër Nikodemus. Hy was 'n geleerde man met 'n begeerte om God te ken. In die gesprek vra hy vir Jesus hoe dit moontlik is vir iemand om weer gebore te word, en in Johannes 3:6 antwoord Jesus: “Wat uit die vlees gebore is, is vlees, en wat uit die Gees gebore is, is gees.” Hierdie antwoord van Jesus dui daarop aan dat die nuwe geboorte 'n geestelike ondervinding wat deur die Gees van God ingelei word, is. Terselfdertyd skryf Paulus aan die Korinthiërs in 1 Korinthiërs 12:3 en sê dat niemand kan sê ‘Jesus is Here’ nie, behalwe deur die Heilige Gees. Verder beloof Jesus aan sy dissipels in Johannes 14:17 dat die Heilige Gees “by ons en in ons woon.”

As ons bogenoemde verse in ag neem, dink ek dis veilig om te sê dat sonder die werking van die Heilige Gees, niemand Jesus as Here kan erken of bely nie. Dit is net deur die Heilige Gees. Dis 'n werk wat die Gees binne-in ons gees doen.

2. Die dissipels van Jesus was alreeds deur die Heilige Gees gevul

Kom ons gaan terug na die toneel in Jerusalem net voor Jesus na die hemel opgevaar het. Ons kry 'n volledige beeld van die situasie in Handeling hoofstuk 1.

Jesus staan op die punt om sy dissipels agter te laat. Hy weet wat gaan gebeur. Hulle het egter geen idee van die gebeure wat voorlê nie.

Hier wil ek dit duidelik maak dat die mense wat Jesus op die Olyfberg omring het, was sy volgelingen en dissipels. Hulle het Hom as Here en

Meester aanvaar en erken. In vandag se taal sou ons hulle Christene genoem het, alhoewel hierdie woord eers later gebruik is om Jesus se volgelinge te beskryf.

Deur die Woord kan ons derhalwe affei dat hierdie dissipels, waarvan ons in Handeling 1 lees, en wat saam met Jesus op die Olyfberg was, alreeds die Heilige Gees in hulle gehad het. In Johannes 20:22 (op 'n ander tydstip) dat Jesus "...op hulle geblaas het en gesê het: 'Ontvang die Heilige Gees.'" Dit is belangrik om te verstaan dat hier op die Olyfberg, oomblikke voordat Jesus sou vertrek, sy dissipels alreeds die Heilige Gees ontvang het.

3. Die opdrag om te wag vir die Krag

Kom ons hou in gedagte dat ten spyte van die bogenoemde punte, het Jesus, net voor sy vertrek, aan sy dissipels instruksies gegee om na Jerusalem te gaan en te wag vir die bemagtiging van die Heilige Gees. Handeling 1:4 sê: "...om nie van Jerusalem weg te gaan nie, maar om te wag op die belofte van die Vader..." en dan later in vers 8 sê Hy: "Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom..."

Dit is nogal interessant dat hierdie volgelinge van Jesus, wat reeds in Hom geglo het en Hom Heer en Meester genoem het, beveel is om te gaan en te wag vir iets onbekend. Hulle is streng beveel om nie te vertrek voordat hulle die krag van die Heilige Gees ontvang het nie.

4. Bemagtig om te getuig

Dit bring ons by die volgende punt wat ek wil aanraak. Hierdie bemagtiging was nog altyd bedoel om hulle toe te rus om te getuig. "Om in die wêreld uit te gaan". Ek glo dat hierdie bemagtiging of vulling iets is wat gereeld moet plaasvind. In Handeling 1:8 is die Woord baie duidelik: "...julle sal krag ontvang... en julle sal my getuies wees..."

5. Elke wedergebore Christen het die Heilige Gees

Dit was my persoonlike ervaring. Daar het 'n oomblik in my lewe gekom toe ek van my sondeskuld oortuig was, en ek myself voor Jesus verootmoedig het, en Hom gevra het om my Here en Meester te wees. Dit het plaasgevind

deur die werking van die Heilige Gees, wat my gees aangeraak en lewend gemaak het in Jesus.

Later in my lewe het ek 'n baie kragtige ontmoeting met die Heilige Gees gehad, wat my hart met blydschap en moed gevul het om na die uithoeke van die wêreld te gaan en Jesus met Moslems te deel.

Dieselfde het met my vrou, my pa en ma en baie van my vriende gebeur. Alhoewel elke Christen die Heilige Gees het, beteken dit nie dat elke Christen bektagtig of vervul is met die Heilige Gees nie. Dit is 'n belangrike punt om vir jou dissipel te verduidelik. Moedig hom aan om met die Heilige Gees gevul te word, soos Paulus ons aanmoedig in Efesiërs 5:18, en sodoende sal hy bektagtig word om 'n getuie te wees. Dis hoe dit in ons lewens gewerk het.

Hoe om die vervulling van die Heilige Gees te ervaar

1. Begeer opreg om deur die Heilige Gees gelei en bemagtig te word (Matteus 5:6; Johannes 7:37-39).
2. Bely jou sondes. Dank God in geloof dat Hy al jou sondes – verlede, hede en toekoms vergewe het, omdat Christus vir jou gesterf het (Kolossense 2:13-15; 1 Johannes 1; 2:1-3; Hebreërs 10:1-17).
3. Gee elke area van jou lewe oor aan God (Romeine 12:1, 2).
4. In geloof, maak aanspraak op die volheid van die Heilige Gees volgens:
 - *Sy opdrag*: Wees gevul met die Gees. “Moenie dronk word van wyn nie – daarin is losbandigheid; maar word met die Gees vervul” (Efesiërs 5:18).
 - *Sy belofte*: Hy sal altyd antwoord wanneer ons volgens Sy wil bid. “En dit is die vrymoedigheid wat ons teenoor Hom het, dat Hy ons verhoor as ons iets vra volgens sy wil. En as ons weet dat Hy ons verhoor, dan weet ons dat, wat ons ookal vra, ons die gebedes verkry wat ons van Hom gevra het.” (1 Johannes 5:14-15).

Ons word gevul met die Heilige Gees deur geloof alleen. Maar ware gebed is een manier om jou geloof uit te druk. Die volgende is 'n voorgestelde gebed:

“Liewe Vader, ek het U nodig. Ek erken dat ek my eie lewe probeer rig het en dat ek gevolglik teen U gesondig het. Ek dank U dat U my sondes vergewe het deur Christus se dood aan die kruis vir my. Ek nooi Christus nou weer uit om Sy plek op die troon van my lewe in te neem. Vul my asseblief met die Heilige Gees soos U belowe het U sou, as ek in geloof sou vra. Ek dank U nou Here dat U my lewe rig en my met die Heilige Gees vul.”

Druk hierdie gebed die begeerte van jou hart uit? Indien wel, vra God nou om jou met die Heilige Gees te vul en vertrou Hom om dit te doen.

Hoe om te weet dat jy met die Heilige Gees gevul (gelei en bekragtig) is

1. Het jy God gevra om jou met die Heilige Gees te vul?
2. Weet jy nou dat jy met die Heilige Gees gevul is? Deur watter gesag? (Deur die betroubaarheid van God self en Sy Woord) Hebreërs 11:6; Romeine 14:22-23).
3. Moenie op gevoelens staatmaak nie. Die belofte van God se Woord, nie ons gevoelens nie, is ons gesag. Die Christen leef deur geloof (vertroue) in die betroubaarheid van God Homself en Sy Woord. Hierdie trein diagram illustreer die verhouding tussen die feit (God en Sy Woord), geloof (in God en Sy Woord) en gevoel (die resultaat van ons geloof en gehoorsaamheid) Johannes 14:21

Hoe om in die Gees te wandel

Geloof (vertroue in God en Sy beloftes) is die enigste manier waarop ‘n Christen ‘n Gees-geleide lewe kan leef. Namate jy voortgaan om Christus oomblik vir oomblik te vertrou:

1. Sal jou lewe al hoe meer die vrug van die Gees toon (Galasiërs 5:22, 23) en meer ooreenstem met die beeld van Christus (Romeine 12:2; 2 Korintiërs 3:18).
2. Sal jou gebedslewe en studie van God se Woord meer betekenisvol word.
3. Sal jy Sy krag ervaar in jou getuienis (Handelinge 1:8).

4. Sal jy voorbereid wees vir geestelike stryd in die wêreld
(1 Johannes 2:15-17); teen die vlees (Galasiërs 5:16-17), en teen Satan
(1 Petrus 5:7-9; Efesiërs 6:10-13).
5. Sal jy Sy krag ervaar om versoeking en sonde te weerstaan
(1 Korinthiërs 10:13; Filippense 4:13; Efesiërs 1:19-23; 2 Timotheus
1:7; Romeine 6:1-16).

Die doop en vervulling met die Heilige Gees is beskikbaar vir elke gelowige. Hy is nie 'n eerbewys of 'n medalje wat net deur 'n paar bevoorregtes verdien kan word nie. Hy is nie 'n vlak van geestelikheid wat deur moeite of tyd bereik kan word nie. Hy is 'n geskenk wat vrylik uitgestort is op dié wat vra en ontvang, selfs die nuutste jong gelowige.

Soos Jesus sê: “As julle dan wat sleg is, weet om goeie gawes aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal die hemelse Vader die Heilige Gees gee aan die wat Hom bid!” (Lukas 11:13). Daar is diegene wat gladnie besef wat hulle misloop nie. Hulle aanvaar net dat die basiese Christen lewe al is wat beskikbaar is.

Miskien was jy ook een van daardie persone gewees voordat jy hierdie boek begin lees het. Nou weet jy dat dit nie die geval is nie. Ter herinnering: hier is net 'n paar van die voordele en seëninge wat vriendskap met die Heilige Gees kan bring:

1. *Troos*. Jesus het die Heilige Gees die vertrooster genoem, en hy is 'n blywende teenwoordigheid in ons lewens, gereed en gewillig om ons met vrede en sekerheid te vul (Johannes 14:15-17; 1 Korinthiërs 14:3).
2. *Oortuiging*. Een van die Heilige Gees se rolle is om ons te oortuig dat ons God nodig het en om ons te wys dat ons van Hom geskei is. Dan trek Hy ons nader aan Jesus, die enigste antwoord vir daardie behoefte, en oortuig ons dan dat ons regverdig voor God deur Hom, staan. (Johannes 16:8-11).
3. *Berading*. Die Heilige Gees is die Berader wat ons in alle waarheid lei en ons dit wat nog gaan gebeur, wys. Hy help ons om struikelblokke te vermy; om selfopgelegde wonde te vermy, en Hy gee ons die

gepaste woorde om in moeilike omstandighede te spreek.
(Johannes 16:13; Handeling 16:6).

4. *Gemeenskap*. Die Heilige Gees is ons alomteenwoordige metgesel en vriend, wat ook eintlik God is. (2 Korinthiërs 13:14; Filippense 2:1).
5. *Gawes*. Die Gees van God bring gawes saam met Hom wat spesiaal ontwikkel is om ons uit te rus vir maksimum effektiwiteit in God se koninkryk.
Wanneer ons hierdie gawes ontvang en uitleef, word die hele liggaam sterker, gesonder en meer vervul. (Romeine 12:6-8; 1 Korinthiërs 12:1-10; Hebreërs 2:4).
6. *Vrug*. Hoe meer die Gees toegelaat word om in ons lewens te werk, hoe meer vrug sal ons dra. As jy meer liefde, vrede, geduld, goedheid, of enige ander goeie ding in jou lewe nodig het, moet jy net meer van jouself aan die Heilige Gees oorgee. (Galasiërs 5:22-23; Ef. 5:9).
7. *Geopenbaarde gebeime*. Die Heilige Gees bring ons insig en openbaring wat deur geen ander kanale beskikbaar is nie. Dit sluit die openbaring van God se planne en doelwitte in, sowel as hulpvolle kennis van die sleutels wat gebruik word om soms onmoontlike uitdagings op te kan los. (1 Korinthiërs 2:6-12).
8. *Hulp in gebed*. Die Heilige Gees is gereed en beskikbaar om ons te help om meer effektief te bid, en om eintlik ook deur ons te bid. Menige Christen vind gebed 'n vervelige, lewelose praktyk, omdat hulle nooit hulself oopmaak vir die bediening van die Gees nie. (Romeine 8:26; 1 Korinthiërs 14:15).
9. *Krag*. Die krag om effektiewe getuies te wees, om die Bybel te verstaan, en om eintlik alles te kan vermag in die Christelike lewe, kom vanuit die inwonende, dopende Heilige Gees. (Lukas 24:49; Handeling 1:8; Romeine 15:13; 1 Thessalonisense 1:5).
10. *Vryheid*. Ware vryheid is 'n werk van die Heilige Gees in ons lewens. Dis 'n werk wat ons moet bemagtig en mee saamwerk. (Romeine 8:2; 2 Korinthiërs 3:17). En daar is soveel meer. Dis wonderbaarlik om te dink aan al die dinge wat die Heilige Gees gereed staan om te doen, in die lewe van die gelowige.

Wanneer jy nadink oor hierdie realiteit, is dit des te meer so ongelooft dat so baie Christene nog steeds “nee dankie” vir die Heilige Gees se werk in hul lewens, sê. Party laat toe dat vrees, ongelugtheid, godsdienstige vooroordeel, of net plein outydse trots hul weerhou daarvan om die deur van hul harte wawyd oop te gooi sodat die God wat hulle liefhet en net die beste vir hulle wil hê, kan inkom.

Gevolgtrekking

Die vervulling met die Heilige Gees is ’n noodsaaklike en deurlopende proses in die lewe van elke gelowige. Alhoewel alle Christene die Heilige Gees ontvang met hul redding, verg vervulling met die Gees ’n bewuste en voortdurende oorgawe aan God se wil. Soos die Skrif ons leer, bemagtig hierdie vervulling gelowiges om regverdig te lewe, geestelike vrug te dra en effektiewe getuies vir Christus te wees.

Die dissipels se ervaring in Handelinge toon die belangrikheid daarvan om op die Heilige Gees te wag en na Sy krag te soek. Alhoewel hulle alreeds die Gees gehad het, is hulle aangesê om vir Sy bemagtigende teenwoordigheid te wag.

Hierdie onderskeid tussen die ontvangs en die vervulling met die Gees beklemtoon die gelowige se behoefte aan voortdurende geestelike vernuwung. Die vervulling met die Heilige Gees is nie ’n eenmalige gebeurtenis nie, maar ’n daaglikse noodsaaklikheid.

Baie gelowiges huiwer om die volheid van die Gees te omhels as gevolg van misverstande, teologiese verskille of die vrees om as te radikaal beskou te word. Die Skrif is egter duidelik dat die Heilige Gees nie net ’n opsie vir die Christelike lewe is nie—Hy is ’n noodsaaklike en aktiewe teenwoordigheid wat vertroosting, leiding, oortuiging en krag bied. Sy gawes rus ons toe vir bediening, terwyl Sy vrug ons karakter vorm om Christus meer te weerspieël. Om die volheid van die Gees te ervaar, verg begeerte, bekering, belydenis en geloof. God se belofte is duidelik: dié wat vra, sal ontvang. ’n Geesvervulde lewe verander gebed, versterk geloof en stel ons in staat om oor sonde te triomfeer. Dit is deur Sy krag dat gelowiges ware vryheid vind en die vermoë om hul Godgegewe roeping te vervul.

Op die ou end gaan dit oor die vervulling met die Heilige Gees en om “ja” vir God te sê—om Hom toe te laat om ons daaglik te lei, te vorm en te bemaatig. Deur dit te doen, ervaar ons die oervloedige lewe wat Christus beloof het en wandel ons in die volheid van Sy teenwoordigheid en doel.

Evaluering

Hier is ’n paar vrae wat jy aan jou dissipel kan vra om te bepaal of hy werklik die bediening van die Heilige Gees verstaan:

1. Hoe is jou verhouding met die Heilige Gees tans?
2. Wat beteken dit om deur die Heilige Gees bewoon te word?
3. Op watter punt word ’n persoon deur die Heilige Gees bewoon?
4. Wat beteken dit om met die Heilige Gees vervul te word?
5. As iemand vir jou sou vra: “Hoe kan ek met die Heilige Gees vervul word?” wat sou jy sê?
6. Sou jy sê dat die vervulling met die Heilige Gees ’n eenmalige gebeurtenis is, of gebeur dit herhaaldelik?
7. Hoekom is dit belangrik om ons sondes aan God te bely? Hoe doen ’n mens dit?
8. Wat sou jy sê is die Heilige Gees se hoofsaak hier op aarde tans? 

Persoonlike notas:



Hoofstuk Veertien

Geestelike Oorlogvoering

Doelwit

Die dissipel het nou 'n basiese begrip van die basiese feite rakende teëspoed, Satan, versoeking en sonde.

Bybelse Basis

God wil hê dat ons die kennis moet hê van die werksaamhede van Satan, die gevolge wanneer ons hom, hoe om sy invloed te ontsnap, en hoe om onself weer op te tel wanneer ons geestelik geval het. Asof dit nog nooit tevore gesê is nie, hoekom gaan jy nie deur die volgende Skrifgedeeltes nie en skryf 'n opsomming neer in jou dissipelskap notaboek?

Psalm 37:23, 24	1 Johannes 2:1, 2	Efesiërs 6:10-18
Lukas 22:31, 32	Psalm 145:14	1 Johannes 4:4
1 Petrus 5:8-10	Efesiërs 4:27	Miga 7:8
Psalm 119:9-11	1 Johannes 2:12-14	Jakobus 4:7, 8
2 Korinthiërs 2:11	Spreek 24:16	1 Johannes 5:3-5

Die Definisie van Geestelike Oorlogvoering

Vanuit 'n Christelike perspektief is geestelike oorlogvoering die voortdurende stryd tussen die magte van God en die magte van duisternis, wat probeer om God se doelwitte in die wêreld te ondermyn. Die Bybel leer dat gelowiges betrokke is in 'n geestelike stryd, nie teen fisiese vyande nie, maar teen onsigbare magte.

Efesiërs 6:12 sê: “Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug.”

Hierdie vers beklemtoon die aard van geestelike oorlogvoering en wys daarop dat die stryd nie teen mense is nie, maar teen bese geestelike magte.

Hoe om geestelik oorlog te voer?

Om in geestelike oorlogvoering betrokke te wees benodige 'n doelbewuste vertroue en afhanklikheid op Bybelse beginsels. Hier onder is 5 praktiese maniere waarmee Christene effektiewe geestelike oorlogvoering kan voer.

1. Deur die wapenrusting van God aan te trek

Die apostel Paulus leer die gelowiges om die volle wapenrusting van God aan te trek sodat hulle teen die duiwel se aanvalle kan staan. Dit behels die waarheid, geregtigheid, evangelie van vrede, geloof, redding, die Woord van God en gebed.

Efesiërs 6:13-17 - *“Daarom, neem die volle wapenrusting van God op, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle alles volbring het, staande kan bly.”*

2. Deur Gebed en Vas

Gebed is 'n magtige wapen in geestelike oorlogvoering. Dit help gelowiges om met God te kommunikeer en om Sy hulp in te roep. Wanneer jy vas, versterk dit jou gebede asook jou geestelike voornemens.

Mattheus 17:21 - *“Maar hierdie geslag gaan nie uit behalwe deur gebed en vas nie.”*

3. Deur die gebruik van God se Woord

Die Bybel word beskryf as die “swaard van die Gees” – Efesiërs 6:17. Dis 'n magtige wapen om die vyand mee teë te staan. Jesus het ook die Skrif gebruik om Satan se versoekinge teë te staan.

Matteus 4:4 - Maar Hy antwoord en sê: *“Daar is geskrywe: Die mens sal nie alleen van brood lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan.”*

4. Deur die Duiwel teë te staan

Gelowiges word opgeroep om Satan se aanvalle op 'n aktiewe wyse teë te staan, deur hulself aan God te onderwerp en vas in die geloof te staan.

Jakobus 4:7 - *“Onderwerp julle dan aan God; weerstaan die duiwel, en hy sal van julle wegvlug.”*

5. **Deur 'n heilige lewe te lei**

'n Lewe van heiligheid en gehoorsaamheid aan God, versterk gelowiges teen geestelike aanvalle. Sonde maak die deur oop vir die vyand, terwyl geregtigheid geestelike beskerming verleen.

1 Petrus 1:16 - "...omdat daar geskrywe is: wees heilig want Ek is heilig."

'n Paar belangrike feite om te onthou

1. Deur 'n Christen te word, beteken nie dat jy geen probleme meer sal hê nie, maar jy het nou die allerhoogste probleemoplosser van die heelal wat in jou woon.

Deuteronomium 31:8

1 Petrus 5:7, 8

Romeine 8:36-39

Johannes 16:33

Jesaja 41:10

Johannes 16:1-4

2 Timotheus 3:12

Handelinge 14:21, 22

1 Korinthiërs 10:13

Psalms 34:7

2 Petrus 2:9

Johannes 17:14, 15

Johannes 15:18-21

2. Die uitdagings wat jy as 'n Christen sal ervaar, sal uit een van vier bronne kom:

a. *Die natuurlike gevolge van dwase dade* – Hosea 8:7a en Galasiërs 6:7

Ek verwys na dinge soos om jou vinger raak te slaan met 'n hammer, 'n verkoue op te tel omrede jy nie warm genoeg aangetrek het nie of om jou motor te verloor omrede die bank dit terug geneem het nadat jy verskeie paiemente gemis het. Ons weet dat God hierdie dinge kan gebruik om sy doelwitte te bereik maar gewoonlike is dit as gevolg van 'n natuurlike verloop van omstandighede.

b. *Die versoekings van Satan*

Satan se primêre aktiwiteit, elke dag en heeldag, is om jou te probeer oorreed om aan God ongehoorsaam te wees. 1Johannes.2:15, 16 sê vir ons dat hierdie oortuigings uit een van drie rigtings sal kom:

1. *Die begeertes van die vlees* –

Die misbruik van jou natuurlike drange vir kos, seks, gemak, plesier, ens. 2 Samuel 11:2-4 en Matteus 4:2, 3

2. *Die begeertes van die oë –*

’n geweldige begeerte om goed te besit - materialisme; om alles te wil hê wat jy sien. – Mattheus 4:8 en 2 Timotheus.

3. *Die vermetelheid van die hart –*

die ondwingbare strewe na roem, mag, erkenning, selfverheffing in die oë van ander; enigiets wat God se posisie in jou lewe kan vervang; nastrewe wat God van die troon (in jou hart) kan afhaal en jouself daarop sal sit, Mattheus 4:5, 6 en Obadja 3

c. *Die dissipline van God as gevolg van sonde*

God is lief vir Sy kinders, en geen liefdevolle Vader laat sy kinders toe om in verbode terrein af te dwaal, sonder om hulle te dissiplineer nie. Net soos ons aardse kinders moet weet dat daar negatiewe gevolge vir verkeerde gedrag is, so moet ons ook as kinders van ons hemelse Vader, Sy liefdevolle, soms pynlike tugtiging verwag wanneer ons afdwaal. Dit is vir ons eie beswil. Deuteronomium 8:5; Hebreërs 12:5-11; Spreuke 3:11, 12; Openbaring 3:19

d. *Die toetse van God, wat Hy gebruik om geestelike groei te bevorder*

Ons ervaar dikwels teëstand omdat God besig is om in ons te werk. Soos ’n afrigter sy atlete deur strawwe oefeninge sit om hulle toppresteerders te maak, sal God ons deur moeilike tye laat gaan om ons meer volwasse, bruikbaar vir Sy diens, en voorberei vir diens te wees. Psalm 119:71, 75; Johannes 12:27; Hebreërs 5:8; Jesaja 30:20, 21; 2 Korinthiërs 12:7

3. Teëspoed wat veroorsaak is deur enigeen van hierdie 4 bronne, word deur God toegelaat deur ’n perfekte kombinasie van twee Bybelse beginsels:

- Galasiërs 6:7, 8 - ’n Mens maai wat jy saai, goed of sleg.
- Romeine 8:28 - God kan selfs iets slegs in iets goeds verander.

Terwyl dit waar is dat God jou liefhet en ’n wonderlike plan vir jou lewe het, beteken dit nie dat elke stap en elke aspek van Sy plan volgens ons definisie

“wonderlik” sal wees nie. Die vernaamste wet van die heelal is dat jy sal maai wat jy saai. Elke oorsaak het ’n gevolg, en God het hierdie fisiese en geestelike wette ingestel om Sy skepping ordelik te hou. Hierdie wette is nie persoonlik nie. Indien jy hulle oortree, sal hulle jou breek, ongeag wie jy is.

4. Versoeking moet nie weerstaan word nie; dit moet van weggevlug word. Satan, aan die ander kant, moet nie van weggevlug word nie, maar aktief teenstaan word.

Mattheus 4:11; Efesiërs 6:10-18; 1 Petrus 5:8, 9

5. Verlossing gee ons nie ’n lisensie om te sondig nie; sonde onderbreek ons gemeenskap met God – Jesaja 59:2; 1Korinthiërs 6:12; 1Petrus 4:1, 2

6. Wanneer jy gesondig het, sal belydenis, nederige berou en die herinvulling van die Heilige Gees, jou en God se verhouding weer herstel.

- Ons gaan almal soms struikel en sondig - Psalm 14:3
- Jesus het reeds vir ons sondes betaal – Kolossense 1:13, 14
- God vergewe ons summier en vergeet alles – Jesaja 43:25
- Om reiniging en die herstel van jou verhouding met God te ervaar, bely jou sonde aan Hom - Psalm 66:18

7. Dit maak nie saak hoe erg jy aangejaag het nie,

- God het jou nog steeds lief
- en aanvaar jou onvoorwaardelik deur
- Sy Seun, Jesus Christus – Romeine 5:8; Efesiërs 1:6, 7; Romeine 8:28, 29

Die belangrikheid van Geestelike Oorlogvoering in vandag se tyd

In die moderne lewe is geestelike oorlogvoering ontsettend belangrik vir Christene. Hier is drie redes waarom:

1. Beskerming teen misleiding

Die Bybel waarsku ons teen valse leringe, geloofsopvattinge en filosofieë wat gelowiges kan laat afdwaal. Om geestelike oorlogvoering te doen, help dit gelowiges om die waarheid van die leuen te onderskei.

2 Kor. 10:4, 5 - “Want die wapens van ons stryd is nie vleeslik nie, maar kragtig deur God om vestings neer te werp, terwyl ons planne verbreek en elke skans wat opgewerp word teen die kennis van God, en elke gedagte gevange neem tot die gehoorsaamheid aan Christus...”

2. Oorwinning Oor Versoeking en Sonde

In ’n wêreld gevul met morele agteruitgang en versoekings, help geestelike oorlogvoering gelowiges om staande te bly in hul geloof en sonde te kan weerstaan – Gal. 5:16 - “Maar ek sê, wandel deur die Gees, dan sal julle nooit die begeerlikheid van die vlees volbring nie...”

3. Om God se Koninkryk te vestig

Geestelike oorlogvoering is uiters belangrik vir die verspreiding van die evangelie en die oorkoming van geestelike versperrings wat God se werk verhinder – Matt. 16:18 – “En Ek sê ook vir jou: jy is Petrus en op hierdie rots sal Ek my gemeente bou, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie.”

Gevolgtrekking

Geestelike oorlogvoering is ’n alledaagse realiteit vir Christene wat die stryd tussen God se goddelike doel en die magte van duisternis beleef. Die Bybel maak dit duidelik dat gelowiges betrokke is in ’n stryd, nie teen vlees en bloed nie, maar teen onsigbare geestelike magte. Omdat gelowiges die aard van hierdie konflik verstaan, rus dit hulle toe met die nodige wapentuig om standvastig in hul geloof te kan bly, versoeking te kan weerstaan en geestelik te kan groei te midde van teëspoed.

Om in geestelike oorlogvoering betrokke te raak, verg beide kennis en aksie. Die Woord verskaf duidelike leiding oor hoe om hierdie stryd aan te vat - deur die wapenrusting van God aan te trek, jouself in gebed en vas te

verdiep, die Woord van God as 'n wapen teen misleiding te gebruik en deur 'n heilige lewe te lei wat 'n gelowige versterk teen die vyand se aanvalle.

Hierdie dissiplines versterk nie net individuele gelowiges nie, maar dra ook by tot die uitbreiding van God se koninkryk in 'n wêreld gevul met morele en geestelike uitdagings.

Teëspoed, versoeking en beprowings is deel van die Christen se lewe. Maar hulle dien ook as geleenthede vir geestelike groei, eerder as om net struikelblokke te wees.

Of probleme voortspruit uit natuurlike gevolge, soos die vyand se versoekings, goddelike dissipline of God se toetse, val dit alles binne Sy soewereine beheer. Christene moet besef dat, al is die stryd hewig, is oorwinning gewaarborg is vir hulle wat standvastig in die geloof bly. God se beloftes van beskerming, leiding en herstel bied die versekering dat geen stryd alleen gevoer word nie.

Op die ou end is geestelike oorlogvoering nie 'n stryd van wanhoop nie, maar van oorwinning deur Christus. Versoeking moet van weggevlug word, Satan moet aktief teëgestaan word, en sonde moet bely en laat staan word. Deur God se genade, vergifnis en bemagtiging kan gelowiges met vertroue die uitdagings van die lewe tegemoetgaan, wetende dat hulle volkome deur Hom aanvaar en geliefd is. Met waaksaamheid, geloof en gehoorsaamheid kan hulle oorwinnend wandel op die pad wat God vir hulle voorberei het.

Evaluering

- **Teëspoed:** Verstaan jou dissipel dat teëspoed 'n normale deel van die Christelike lewe is?
- **Satan:** Verstaan hy dat Satan 'n persoonlike wese is wat, saam met sy demone, voortdurend probeer om die volgeling van Jesus te verlei om teen God in opstand te kom?
- **Versoeking:** Verstaan hy dat hy van versoeking moet VLUK en Satan moet WEERSTAAN?
- **Sonde:** Is hy oortuig daarvan dat, al onderbreek sonde sy gemeenskap met God, God hom steeds liefhet en hom ten volle as Sy kind aanvaar?





Hoofstuk Vyftien

Vrygewigheid

Doelwit

In hierdie hoofstuk wil ek een van die mees persoonlike en transformerende lesse wat ek as ‘n volgeling van Jesus geleer het, deel: vrygewigheid. Vir baie jare het ek gesukkel om gee te verstaan. Niemand het my op hierdie gebied gedissipel nie, en in my vroeë Christelike wandel is gesprekke oor geld dikwels vermy. Ek moes my pad vind deur poging en fout.

Die doel van hierdie hoofstuk is om die beginsel van vrygewigheid te vestig in die lewe van die persoon wat jy dissipeleer. Natuurlik, voordat jy hierdie beginsel kan oordra, moet jy jouself die vraag afvra: “Is dit iets wat in my eie lewe gevestig is?” My doel met hierdie skrywe is om insig te gee in wat die Bybel oor vrygewigheid sê en om lewenslesse te deel wat my oortuiging gevorm het: dat alles wat ek het aan God behoort, en dat Hy enigiets van my mag hê, enige tyd.

Die Bybelse Grondslag van Vrygewigheid

Namate ek die Skrif bestudeer het en in my wandel met God gegroei het, het ek begin beseef dat vrygewigheid nie net ‘n goeie idee is nie—dit is ‘n diep geestelike beginsel. Dit is sentraal tot die Christelike lewe, en die Bybel is vol instruksie, aanmoediging, en selfs opdragte om te gee. Hierdie verse het vir my fondament geword:

1. **Lukas 6:38 (NIV)** – “Gee, en dit sal vir julle gegee word...”
2. **Handelinge 20:35** – “Dit is geseënder om te gee as om te ontvang.”
3. **2 Korintiërs 9:6** – “Wie volop saai, sal ook volop oes.”
4. **2 Korintiërs 9:7** – “God het ‘n blymoedige gewer lief.”
5. **Matteus 6:21** – “Waar jou skat is, daar sal jou hart ook wees.”
6. **Spreuke 11:25** – “‘n Vrygenige mens sal voorspoedig wees...”
7. **Maleagi 3:10** – “Bring die volle tiende na die voorraadkamer...”
8. **Filippense 4:19** – “God sal in al julle behoeftes voorsien...”

9. **Deuteronomium 15:10** – “Gee vrygewig... sonder ’n onwillige hart.”

10. **Hebreërs 13:16** – “Moenie nalaat om goed te doen en met ander te deel nie.”

Hierdie skrifgedeeltes het my denke hernu en my geleer dat vrygewigheid nie oor wet of plig gaan nie—maar oor liefde, geloof, en gehoorsaamheid.

Wat is vrygewigheid?

Ek het tyd spandeer om te worstel met hoe om vrygewigheid te definieer. Die woordeboekdefinisies het vir my oppervlakkig en oneffektief gevoel. Ek het iets gesoek wat in die Skrif gewortel is en in lewenservaring geleef is. Uiteindelik het ek by my eie verstaan uitgekóm:

“Vrygewigheid is die verbintenis om met die houding te leef dat alles wat ek het van God kom, en Hy kan hê wat Hy ook al van my wil hê, wanneer Hy dit ook al wil hê.”

Dit het nie meer oor persentasies of reëls gegaan nie; dit het oor oorgawe gegaan.

God se Voorraadkamer

Een van die mees lewensveranderende verse vir my in my verstaan van vrygewigheid is Lukas 6:38:

“Gee, en dit sal vir julle gegee word. ’n Goeie maat, ingedruk, geskud en oorlopend, sal in julle skoot gegee word. Want met die maat waarmee julle meet, sal vir julle gemeet word.”

Hierdie vers was nie net inspirerend nie—dit het my hele denke oor gee verander. Ek het dit al voorheen gelees, natuurlik, maar dit was eers toe ek dit regtig in konteks bestudeer het en dit in die lig van my eie ervarings gesien het, dat dit in my hart posgevat het. Vir die eerste keer het ek gesien dat vrygewigheid nie net oor gehoorsaamheid gaan nie—dit gaan oor die maat wat ek kies om te gebruik, en hoe daardie maat bepaal watter maat God gebruik om aan my terug te gee.

Die “Maat” in Lukas 6

Jesus gebruik baie beeldryke taal in hierdie gedeelte. Wanneer Hy sê: “’n Goeie maat, ingedruk, geskud en oorlopend,” het ek ’n houer voorgestel— miskien ’n sak of ’n pot—wat tot sy volle kapasiteit gevul word. Ek het gedink aan iemand wat graan inpak, dit indruk, dit skud om leë spasies te verwyder, en dan nog meer daarin stort totdat dit oorloop. Hierdie beeld het my verbeelding aangegryp. God gee nie in halwe mates nie. Wanneer Hy gee, is dit vol, oorvloedig, oorlopend.

Maar die sleutel hier is: met die maat waarmee ek meet, sal vir my gemeet word. Dit was die deel wat my werklik oortuig het. As ek met ’n teelepel gee, sal God daardie selfde teelepel gebruik om terug te gee. As ek met ’n ruim emmer gee, sal God daardie selfde emmer gebruik. Hierdie beginsel gaan nie oor manipulering nie—dit gaan oor belyning met God se aard.

’n Heilige Verbeelding: Die Voorraadkamer van die Hemel

Terwyl ek oor Lukas 6:38 gemediteer het, het daar ’n prentjie in my gedagtes gevorm. Ek het my ’n voorraadkamer in die hemel voorgestel—soos ’n goddelike kas of kluis. In hierdie voorraadkamer het ek houters op rakke gesien, elkeen gemerk met die name van God se kinders. Iewers in daardie hemelse stoorplek was daar ’n houer met my naam daarop.

Ek het my voorgestel hoe God hierdie kamer binnestap wanneer een van Sy kinders na Hom toe kom in ’n tyd van behoefte. Hy stap na die rak toe, vind jou of my naam, haal die houer met ons naam af, en gebruik dit om af te meet wat Hy terug in ons lewens gaan uitstort. As ons met ’n vingertjie gegee het, dan is dit met ’n vingertjie. As ons met ’n een-liter-kan gegee het, dan word dit die maatstaf.

Hierdie beeld, al is dit verbeeldingryk, het my gehelp om ’n diep geestelike waarheid te begryp. God eer die maat waarmee ons kies om te gee. Hy is nie suinig nie, maar Hy is konsekwent. Sy reaksie is in lyn met die gesindheid van ons hart.

God is Altyd Getrou—Maar Ons Bepaal die Kapasiteit

Laat ek dit duidelik stel: dit gaan nie oor om God se liefde of seën te verdien nie. God is goed en getrou, selfs wanneer ons nie is nie. Ek het Sy genade

oor my sien rus, selfs wanneer my gee huiwerig of minimaal was. Maar wat ek geleer het—veral in die moeilike seisoene van bediening—is dat vrygewigheid kapasiteit skep. Wanneer ek meer gee, stel ek myself oop om meer te ontvang. Nie net finansieel nie, maar in geloof, vertroue en vrede.

Daar was 'n tyd toe ek ywerig gebid het vir finansiële voorsiening. Ons was in nood, en ek het vir God gevra om oorvloedig in te tree. Ek het Hom my gebed hoor, Hom sien stap na Sy voorraadkamer, die kas oopmaak, en sê: “Hier is jou houer.” En toe ek dit in my geestesoog sien, was dit klein—want ek het spaarsamig gegee. Daardie gedagte het my hard getref. Ek het besef ek verwag 'n vloed van God, terwyl ek self net 'n druppel toegelaat het in my gee.

Dit het nooit oor God gegaan wat seëninge weerhou nie—dit het gegaan oor ek wat die maat beperk het. As ek oorvloed wou sien, moes ek my kapasiteit vergroot. Dit het beteken om meer te gee, meer te vertrou, en meer konsekwent te gehoorsaam.

Die geleentheid om op te gradeer

Die mooi deel van Lukas 6:38 is dat Jesus nie net 'n beginsel uitwys nie—Hy gee ons 'n geleentheid. Ons kan ons maat opgradeer. As ons tot nou toe met huiwering of vrees gegee het, kan ons verander. Ons kan kies om meer vrygewig, meer vreugdevol, meer konsekwent te gee.

Ek het dit self in my lewe gedoen—nie net een keer nie, maar oor en oor. Ek het begin met klein bedrae wanneer dit gerieflik was. Toe het Petro en ek 'n persentasie vasgestel—ons het met vyf begin, toe tien, en uiteindelik twintig persent van ons inkomste bereik. Elke verhoging was 'n uitdaging, maar elke keer het ons God se getrouheid beleef.

Elke keer wat ek “my maat opgegradeer” het, het dit riskant gevoel. Dit het my geloof getoets. Maar dit het ook verander hoe ek my finansies sien, en dit het my afhanklikheid van God as my ware Voorsiener versterk.

Gee, ontsluit, seën

Sommige mag sê dat hierdie benadering neig na voorspoedsteologie. Ek verstaan daardie bekommernis, en ek wil dit duidelik maak: ek gee nie om

ryk te word nie. Ek gee omdat alles wat ek het aan God behoort. Ek gee omdat Hy eerste gegee het. Ek gee omdat Jesus gesê het dit is meer geseënd om te gee as om te ontvang. Die seëninge wat ek ontvang het—vrede, voorsiening, getuienisse van deurbraak—was net die vrug van ’n lewe wat in hierdie area oorgegee is.

Tog het ek die geestelike wet van saai en oes in werking gesien. Wanneer ek vrygewig gegee het, het dinge gebeur wat ek nie kon verklaar nie. Finansiële voorsiening, goddelike tydsberekening, wonderbaarlike guns. Een keer het ons ons motor weggegee. Daardie eenvoudige daad het destyds radikaal gevoel—maar kort daarna het ons huishoudelike toestelle ontvang wat ons dringend nodig gehad het, alles as ongevraagde geskenke. God het beweeg op maniere wat dit duidelik gemaak het: ons daad van gehoorsaamheid het iets in die geestelike sfeer geaktiveer.

Wat is jou maat?

Ek vra myself—en ander—dikwels hierdie vraag: Wat is die grootte van jou maat in God se kas? As God dit vandag sou uithaal, sou dit ooreenstem met die grootte van jou huidige behoefte? Het jy plek gemaak vir Hom om terug in jou lewe in te stort?

As nie, is die goeie nuus dat ons kan opgradeer. Ons kan vandag ’n groter maat kies. Dit gaan nie daaroor om God te beïndruk nie; dit gaan daaroor om ons harte in lyn te bring met Syne. Dit gaan daaroor om te sê: “Here, ek vertrou U met alles. Neem wat aan U behoort.”

Die beginsel wat my lewe verander het

Lukas 6:38 het vir my meer geword as net ’n vers om te memoriseer—dit is ’n lens waardeur ek vrygewigheid sien. Dit is ’n herinnering dat God beide regverdig en vrygewig is, en dat ek mag deelneem aan Sy ekonomie deur geloofsge vulde gee. Die voorraadkamer in die hemel mag ’n metafoor wees, maar die beginsel daaragter is werklik: die maat wat ek gebruik, is die maat wat Hy gebruik.

Daardie besef het my vrygemaak. Dit het my gehelp om sonder vrees te gee. En dit het my geleer dat ek God nooit, ooit sal kan “oortref in gee” nie.

My reis met die beginsel van Eerstes

Vir baie jare het ek geglo dat die gee van my tiende—die eerste tien persent van my inkomste—’n Ou-Testamentiese wet was wat nie meer in die Nuwe Verbond van toepassing is nie. Ek het geredeneer dat ek nou onder genade is, nie onder die wet nie, en dat God sekerlik nie sou verwag dat ek streng moet gee nie. Ek het gegee wanneer ek kon, en gedink dit is genoeg.

Maar soos ek in my geloof gegroei het, het God hierdie oortuiging deur Sy Woord uitgedaag. Ek het begin besef dat die beginsel van eerstes nie oor wettisme gaan nie—dit gaan oor eer. Dit gaan daarvoor om God te eer met wat reeds aan Hom behoort. Dit gaan oor prioriteit, vertrouwe, en aanbidding. Hierdie beginsel gaan nie oor verpligting nie—dit gaan oor liefde.

Lesse van Kain en Abel

Een van die fundamentele stories wat my perspektief verander het, was dié van Kain en Abel:

“Na verloop van tyd het Kain van die vrugte van die land aan die Here ’n offer gebring. Abel het ook ’n offer gebring—die vet dele van die eersgeborenes van sy kleinvee. Die Here het guns aan Abel en sy offer bewys, maar aan Kain en sy offer het Hy nie guns bewys nie.”— Genesis 4:3–5

Hierdie gedeelte het my geleer dat God nie bloot op soek was na “enigsins iets” nie—Hy wou die eerste en beste hê. Abel het die eersgeborenes gegee; Kain het net “sommige” gegee. Daardie detail het alles verander. Dit was nie voortrekkery nie—dit was ’n saak van die hart.

Later, toe ek God se opdragte in Eksodus bestudeer het, het ek hierdie beginsel weer raakgesien:

“Alles wat die moederskoot eerste oopmaak, behoort aan My—ook al die eersteling van jou vee, of dit beeste of kleinvee is.” —Eksodus 34:19

“Jy moet al jou eersgebore seuns loskoop. Niemand mag met leë hande voor My verskyn nie.” — Eksodus 34:20

Dit het nie net oor vee gegaan nie—dit het gegaan oor om God eerste te stel in alles, insluitend finansies.

Gee soos God gegee het

Hierdie beginsel het nog dieper geslaan toe ek aan God se eie voorbeeld gedink het:

“Want so lief het God die wêreld gehad dat Hy sy eniggebore Seun gegee het...”

—Johannes 3:16

God het Sy eerste en enigste Seun gegee—nie Sy oorskiet nie. Hy het opofferend en doelbewus gegee. As Hy dit vir my kon doen, hoe kon ek Hom nie met die eerste deel van my inkomste vertrou nie?

Maak dit prakties: Wat ons verander het

Sodra Petro en ek dit verstaan het, het ons ons benadering heeltemal verander. Geen wag meer tot aan die einde van die maand om te kyk wat oorbly nie. Nou, wanneer ons ons inkomste ontvang, sit ons dadelik ons eerslinge opsy vir God. Of dit nou 10%, 12%, of 20% was, ons het dit eerste gegee—voor huur, kruideniersware, of rekeninge.

Die beginsel is eenvoudig:

“Eer die Here met jou rykdom, met die eerste opbrengs van al jou oeste.”

—Spreuke 3:9

En ons het die belofte sien waar word:

“Dan sal jou skure oorloop van oorvloed, en jou parskuipers oorborrel van nuwe nym.” — Spreuke 3:10

Hersiening: ’n Wakkerword-oomblik

Ons het ’n baie eerlike oefening gedoen. Ons het ons totale inkomste vir die jaar bereken en dit vergelyk met wat ons vir God se Koninkryk gegee het—kerk, sending, bediening. Tot ons verbasing, alhoewel ons onself as vrygewige mense gesien het, was die werklike persentasie veel laer as wat ons gedink het.

Ons was oortuig. Ons het belowe om ons gee jaarliks te verhoog. Eers 5%, toe 10%, toe 12%, en uiteindelik 20%. En elke keer wat ons ons gee verhoog het, het God in ons behoeftes voorsien. Soms op wonderbaarlike maniere.

“Bring die hele tiende na die skathuis... Stel My hiermee op die proef,” sê die

Here die Almagtige, “en kyk of Ek nie die vensters van die hemel vir julle sal oopmaak...” — Maleagi 3:10

Geloof in onsekere tye

Selfs in moeilike tye—soos tydens die COVID-19-pandemie—toe ons inkomste met 25% gedaal het, het ons geweier om ons gee te verminder. Ons het in ander areas gesny, maar ons verbintenis om God eerste te stel, het gebly. En God het voorsien.

“En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag...” —Hebreërs 11:6

Hy het in mense se harte gewerk, nuwe vennote opgebring, en ons selfs met ’n finansiële surplus teen die einde van die jaar geseën. Dit het nog nooit vantevore gebeur nie—veral nie in so ’n moeilike jaar nie.

Waarom die eerste belangrik is

Die beginsel van eerslinge gaan nie oor getalle nie. Dit gaan oor vertroue en eer. God het nie my geld nodig nie, maar Hy verdien my prioriteit.

As ek al my rekening betaal en dán besluit wat oor is om aan God te gee, het ek Hom laaste gestel, nie eerste nie. Maar as ek my gee dadelik opsy sit wanneer ek my inkomste ontvang, sê ek: “Here, U is my eerste prioriteit. Ek vertrou U om my te help om met die res klaar te kom.”

Laaste gedagtes: Alles behoort aan God

Aan die einde van die dag gaan dit nie oor om iets te verloor wanneer ek die eerste aan God gee nie—dit gaan oor die erkenning dat alles reeds aan Hom behoort.

“Aan die Here behoort die aarde en alles daarin, die wêreld en almal wat daarin woon.” —Psalm 24:1

Wanneer ek gee, neem ek nie afskeid van my besittings nie—ek gee terug wat nooit werklik myne was nie. Ek sê eenvoudig: “Here, U is die eienaar, en ek is die rentmeester. U kom eerste.”

Wat ek geleer het oor ’n lewenstyl van vrygewigheid

My reis met vrygewigheid was vol hoog- en laagtepunte. Ek het nie van kleins af ’n natuurlike neiging gehad om te deel nie, maar deur tyd,

gehoorsaamheid en God se trou het gee een van die grootste vreugdes in my lewe geword. Hier is die lesse wat ek geleer het—lesse wat jy ook in jou eie lewe kan toepas.

1. Vrygewigheid moet geleer word

As kind het ek gesukkel om te deel, en selfs as jong volwassene was ek onseker en soms selfs bitter oor gee. Maar ek het geleer dat vrygewigheid gekweek kan word. Dit gebeur nie oornag nie—dit begin met klein treë en volgehoue gehoorsaamheid.

2. Dit is diep persoonlik

Vrygewigheid is ’n weerspieëling van ons verhouding met Jesus. Niemand anders kan vir jou bepaal hoe om te gee nie. Ek moes eerlik wees met God en Hom toelaat om my hart stukkie vir stukkie te verander.

3. God is die Bron

In ons jare van bediening, veral nadat ek die polisiediens verlaat het om voltyds in geloof te leef, het ek geleer dat God altyd voorsien. Nie deur tjeks uit die hemel nie, maar deur Sy mense. My geloof het gegroei soos ek gesien het hoe Hy aan elke behoefte voorsien—soms op wonderbaarlike maniere.

4. Gehoorsaamheid ontsluit seën

Een van die mees bepalende oomblikke van my lewe was toe ek my laaste \$70 tydens ’n kerkdiens gegee het. God het daardie stap van geloof ontmoet met ’n geskenk van \$300 van ’n vreemdeling. Dit het nie oor die bedrag gegaan nie—dit het oor my hart en gehoorsaamheid gegaan. Weer en weer, wanneer ek “ja” gesê het vir gee, het ek God se oorvloedige voorsiening beleef.

5. Die Beginsel van Eerste

Ek het vroeër gedink tiendes gee is ’n verouderde Ou-Testamentiese praktyk. Maar toe ek die Skrif dieper bestudeer het, het ek besef dat om

die eerste aan God te gee (nie die oorskiet nie) 'n tydlose beginsel is. Dit gaan nie oor wet nie—dit gaan oor eer. Soos God vir ons Sy eerste (Jesus) gegee het, gee ek nou my eerste aan Hom terug.

6. Jy kan nooit meer as God gee nie

Dit is een van my sterkste oortuigings: elke keer wat ek my gee verhoog het, het God Sy voorsiening verhoog. Of dit nou was om \$1,000 weg te gee, 'n motor, of om ons 20% gee te behou tydens finansiële krisis soos COVID-19—God het altyd voorsien.

7. Gee verander jou perspektief

Ek het eenkeer 'n prent in my gedagtes gehad van 'n hemelse kas waar my maat van gee gestoor word. God gee terug met dieselfde maat waarmee ek gee. Daardie beeld het my gehelp om te sien hoe gee en ontvang verbind is. As ek met 'n teelepel gee, ontvang ek met 'n teelepel. Maar as ek met 'n groot houer gee, seën Hy dienooreenkomstig.

8. Maak dit prakties

Hier is praktyke wat ek nuttig gevind het, en ek glo dit kan jou ook help:

- Bid – Vra vir God se leiding in jou gee.
- Bestudeer die Skrif – Laat die Woord jou denke oor geld vernuwe.
- Neem Voorraad – Bereken hoeveel jy verdien en hoeveel jy gee.
- Begin Klein – Gee volgens jou geloof en groei daarvandaan.
- Gee Eerste – Sit jou gawe opsy voordat jy iets spandeer.
- Hersien Jaarliks – Strek jou geloof deur jou gee elke jaar te verhoog.

9. Dis 'n geestelike struikelblok

Daar was seisoene, soos tydens die pandemie, waar ek versoek gevoel het om terug te hou. Maar ek het geleer dat geloof groei onder druk. In daardie oomblikke het God dikwels op die merkwaardigste maniere beweeg.

10. Vrygewigheid bring lewe

Ek hou van die vergelyking tussen die See van Galilea en die Dooie See. Die een ontvang en gee, en is vol lewe. Die ander een ontvang net, en niks kan daarin lewe nie. Daardie beeld herinner my dat ek gemaak is om te gee—en dat vrygewigheid geestelike vitaliteit bring.

Waarom ek gee

Ek gee nie omdat ek verwag om ryk te word of omdat ek guns by God probeer verdien nie. Ek gee omdat alles wat ek het aan Hom behoort. Die dag toe ek my lewe aan Jesus oorgegee het, het ek afstand gedoen van eienaarskap oor my geld, my tyd, my huwelik, my familie—alles. Ek gee net terug wat reeds Syne is.

As jy met oop hande wil leef, begin nou. Neem ’n babatreetjie. Gee iets vandag, al is dit klein. Hy kan meer doen as wat jy jou kan indink met jou stap van gehoorsaamheid.

Evalueer

1. **Kan jy jou eie definisie van vrygewigheid skryf?**
 - Dit moet oorgawe, gehoorsaamheid en geloof in God weerspieël.
2. **Waar in jou lewe word jy uitgedaag om meer vrygewig te wees?**
 - Maak ’n lys, bid daaroor, en begin met een stap van gehoorsaamheid.
3. **Het jy al jou inkomste en gee in oënskou geneem?**
 - Watter persentasie gee jy? Is dit jou eersgeborenes of jou oorskiet?

As jy hierdie beginsels toepas, glo ek jy sal ervaar wat ek ervaar het: die vreugde, vrede en doel wat kom van ’n lewe van vrygewigheid voor God. Neem tyd om biddend oor hierdie vrae te reflekteer. Jy wil dalk jou antwoorde in ’n joernaal neerskryf of dit bespreek met jou eggenoot, ’n vriend, of jou kleingroep.

1. **Het jy al ooit weerhou van gee omdat jy dit gesien het as 'n reël eerder as 'n verhoudingsoefening van aanbidding?**
Wat het jou huidige siening van tiendes of gee gevorm?
2. **Wanneer jy gee—van jou geld, tyd, of energie—gee jy vir God die “eerste” of wat oorbly?**
Wat moet dalk in jou lewe verander sodat Hy werklik eerste is?
3. **Hoe daag of inspireer die werklikheid dat God Sy “eerste” in Jesus Christus gegee het, jou manier van gee uit?**
4. **Beplan jy tans jou finansies om vir God jou eerste te gee, of gee jy reaktief?**
Watter verandering kan jou help om na eersteling-gee te beweeg?
5. **Wanneer laas het jy jou jaarlikse inkomste teenoor jou gee nagegaan?**
Sal jy bereid wees om dit nou te doen en die Here te vra wat dit aan jou openbaar?
6. **Hoe reageer jy finansiël teenoor God wanneer jou omstandighede benard is?**
Laat vrees jou geloof krimp, of vorm geloof jou reaksie?
7. **Sien jy jouself as die eienaar of die rentmeester van jou hulpbronne?**
Wat kan verander in jou lewe as jy werklik glo alles wat jy het behoort aan God?
8. **Watter “babatreetjie” van eersteling-gee kan jy hierdie maand begin?**
Waarmee vra God jou om Hom eerste te vertrou? 

Persoonlike notas:



DEEL 3

Hoofstuk Sestien

Die Bedien van die Nagmaal in 'n Kleingroep Opset

Die laaste Avondmaal, ook bekend as die Nagmaal of die Eucharist, is 'n heilige Christelike gebruik wat die bloedoffer van Jesus Christus herdenk. Dit is deur Jesus self ingestel tydens die laaste aandete saam met Sy dissipels, en dien as 'n herinnering aan Sy liggaam wat gebreek is en Sy bloed wat uitgegiet is tot vergifnis van sondes. In 'n kleingroep opset moet die bediening van die Nagmaal met eerbied, 'n behoorlike begrip van die Woord, en 'n hart wat voorberei is vir aanbidding, gedoen word. Hierdie hoofstuk sal 'n stap-vir-stap gids verskaf oor hoe om die Nagmaal in 'n kleingroep opset te lei, om te verseker dat die lering volgens die Woord is en en geestelik verrykend is.

Wie mag die Nagmaal bedien?

Die vraag oor wie die Nagmaal mag bedien, verskil van denominasie tot denominasie. Terwyl sommige denominasies vereis dat 'n geordende predikant of kerkouderling die Nagmaal moet bedien, laat ander toe dat leke die nagmaal bedien. Die Bybel maak nie uitsonderings oor wie die Nagmaal mag, of nie mag, bedien nie, maar dit beklemtoon die belangrikheid daarvan om die Nagmaal met eerbied te behandel en Christus te herdenk. In 1 Petrus 2:9 - word gelowiges beskryf as “*'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk, 'n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot Sy wonderbare lig.*” Dit dui daarop dat alle gelowiges deel in die priesterlike rol om Christus te kan verteenwoordig. Jesus self het Sy dissipels opdrag gegee om die Nagmaal as 'n gemeenskap te vier (Lukas 22:19-20), en die vroeë kerk het gereeld in huise byeengekom vir hierdie doel (Handelinge 2:46).

Daarom kan daar enige volwasse gelowige in 'n kleingroep, wat die betekenis van die Nagmaal verstaan en dit met 'n nederige hart benader, nagmaal bedien. Dit is egter belangrik dat die leier seker maak dat alles in lyn

met die Woord gedoen word, dat dit eenheid teweegbring, en die erns van die geleentheid handhaaf. Die leiding van ouderlinge kan ook voordelig wees om te verseker dat die bediening op 'n wyse geskied wat Christus eer en die deelnemers opbou.

Die Bybelse fondasie van die Nagmaal

Die Nagmaal is deur Jesus Christus ingestel op die nag toe Hy verraaï is. Die hoof Bybelse verwysings word in die Evangelies gevind en deur die apostel Paulus aangehaal:

1. Mattheus 26:26-28 - *“En termyl hulle eet, neem Jesus die brood, en nadat Hy gedank het, breek Hy dit, en gee dit vir sy dissipels en sê: ‘Neem, eet, dit is my liggaam.’*

Toe neem Hy die beker, en nadat Hy gedank het, gee Hy dit aan hulle en sê: ‘Drink almal daaruit. Want dit is my bloed, die bloed van die nuwe testament, wat vir baie uitgestort word tot vergifnis van sondes.’”

2. 1 Korinthiërs 11:23-26 – *Want Ek het van die Here ontvang wat ek ook aan julle oorgelewer het, dat die Here Jesus in die nag waarin Hy verraaï is, brood geneem het; en nadat Hy gedank het, het Hy dit gebreek en gesê: ‘Neem, eet; dit is my liggaam wat vir julle gebreek word; doen dit tot my gedagtenis.’ Net so ook die beker ná die ete met die woorde: ‘Hierdie beker is die nuwe testament in my bloed; Doen dit, so dikwels as wat julle daaruit drink, tot my gedagtenis.’ Want so dikwels as julle hierdie brood eet en hierdie beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom.”*

Vanuit hierdie Skrifgedeeltes sien ons dat die Nagmaal 'n tyd van herinnering, danksegging en verkondiging van Jesus se bloedoffer is.

Stap-vir-Stap gids vir die bedien van die Nagmaal in 'n kleingroep opset

Stap 1: Voorbereiding van die Elemente

Voordat die kleingroep bymekaarkom, maak seker dat die nodige elemente gereed is:

- Ongesuurde brood/beskuitjies – Simboliseer die liggaam van Christus sonder sonde.
- Druiwesap of Wyn – Verteenwoordig die bloed van Christus.
- Klein glasies of een Beker – Afhangend van voorkeur en gemak.
- Borde of Skinkborde – Om die elemente met eerbied te bedien.

Stap 2: Voorbereiding van die Deelnemers

Moedig die kleingroep aan om die Nagmaal met eerbied en selfondersoek te benader.

- 1 Korintheërs 11:27-28 - *“Wie dan op onwaardige wyse hierdie brood eet of die beker van die Here drink, sal skuldig wees aan die liggaam en bloed van die Here. Maar die mens moet homself beproef en so van die brood eet en uit die beker drink.”*
- Vra elke deelnemer om 'n paar oomblikke in stille gebed deur te bring, hul sondes te bely en hul harte voor te berei.

Stap 3: Openingsgebed

Begin die Nagmaal met 'n gebed van toewyding en danksegging vir Jesus se offer. 'n Voorbeeld hiervan kan wees:

“Hemelse Vader, ons dank U vir die offer van U Seun, Jesus Christus. Terwyl ons aan hierdie heilige maaltyd deelneem, mag ons Sy lyding, dood en opstanding ontbou. Ons vra dat U ons harte sal reinig en ons help om hierdie oomblik met eerbied te benader. In Jesus se Naam, Amen.”

Stap 4: Lees van die Skrif en Breek van die Brood

Lees hardop Matteus 26:26:

“En terwyl hulle eet, neem Jesus die brood, en nadat Hy gedank het, breek Hy dit, en gee dit aan sy dissipels en sê: ‘Neem, eet, dit is my liggaam.’”

Neem dan die brood, dank God daarvoor, breek dit en deel dit uit aan die groep. Moedig hulle aan om oor Christus se offer na te dink terwyl hulle dit eet.

Stap 5: Die Lees van die Skrif en die drink van die Beker

Lees hardop Matteus 26:27-28:

“Toe neem Hy die beker, en nadat Hy gedank het, gee Hy dit aan hulle en sê: ‘Drink almal daaruit. Want dit is my bloed, die bloed van die nuwe testament, wat vir baie uitgestort word tot vergifnis van sondes.’”

Gee die beker aan en laat elke deelnemer daaruit drink. Herinner hulle aan die betekenis van Christus se vergiete bloed vir die vergifnis van sondes.

Stap 6: Aanbiddende Oorpeinsing van die Woord, en Gebed

Na die gebruik van die elemente, lei die groep in 'n tyd van aanbiddende oorpeinsing en gebed. 'n Lied van danksegging of sagte instrumentele musiek kan gespeel word. Moedig die groep aan om oor hul persoonlike verhouding met Christus te mediteer.

Psalm 103:2-5 - *“Loof die Here, o my siel, en vergeet geeneen van sy weldade nie! Wat al jou ongeregtigheid vergewe, wat al jou krankhede genees, wat jou lewe verlos van die verderf, wat jou kroon met goedertierenheid en barmhartighede, wat jou siel versadig met die goeie, sodat jou jeug weer nuut word soos dié van 'n arend.”*

Stap 7: Slotgebed en Bemoediging

Sluit af met 'n gebed van dankbaarheid aan die Here en bemoediging vir volgehoue getrouheid aan Christus vir die volgelinge.

“Here Jesus, ons dank U vir U groot offer en die gawe van verlossing. Mag hierdie tyd van nagmaal ons herinner aan U liefde en ons eenheid as die liggaam van Christus. Help ons om in gehoorsaamheid, liefde en dankbaarheid te wandel. In U heilige Naam bid ons. Amen.”

Moedig deelnemers aan om die herinnering aan Christus se offer in hul daaglikse lewens te dra en so te leef dat dit Hom eer.



Hoofstuk Sewentien

Hoe om 'n Kleingroep Byeenkoms te begin: 'n Stap-vir-Stap Gids

Kleingroep byeenkomste is 'n doeltreffende manier om gemeenskap te bevorder, besprekings aan te moedig en om betrokkenheid by 'n gedeelde doel te verdiep. Of dit nou 'n studie groep, 'n besigheidsvergadering of 'n geloofsgebaseerde byeenkoms soos 'n Ontdekkings Bybelstudie (OBS) is, verseker 'n gestruktureerde benadering produktiwiteit en betekenisvolle interaksie. In hierdie hoofstuk sal ek die nodige stappe uiteensit vir die hou van 'n kleingroep, gebaseer op die beginsels soos volg, met spesifieke fokus op 'n OBS-instelling.

1. Voorbereiding vir die Byeenkoms

Voorbereiding is uiters belangrik om die sukses van 'n kleingroep te verseker. Die fasiliteerder of leier moet die agenda beplan, doelwitte stel en seker maak dat die nodige materiaal gereed is.

1.1 Bepaling van die Doel

Elke kleingroep moet 'n duidelike doel hê. In 'n OBS-instelling is die doel om die Bybel te bestudeer, aanspreeklikheid aan te moedig en geestelik as 'n gemeenskap te groei.

1.2 Die Opstel van die Agenda

'n Agenda help om die bespreking struktuur te gee. 'n Tipiese kleingroep agenda sluit in:

- Verwelkoming en bekendstellings (indien nodig)
- Openingsgebed of oorpeinsing
- Hersiening van vorige besprekings of aksies
- Bespreking van hoof onderwerp/studie
- Toepassing en aksie
- Slot opmerkings en gebed

1.3 Die Kies van 'n Geskikte Lokaal

Die plek moet stil, gemaklik en bevorderlik vir bespreking wees. Virtuele vergaderings vereis 'n stabiele internet konneksie en toegang tot die toepaslike tegnologie.

1.4 Die Nooi van Deelnemers

Maak seker dat deelnemers vooraf ingelig is oor die datum, tyd, plek en onderwerp van bespreking.

2. Die Begin van die Vergadering

Die opening stel die toon vir die vergadering. Die skep van 'n verwelkomende atmosfeer bemoedig deelname. Die vergadering sal uit 3 afdelings bestaan:

1ste afdeling: Elke deelnemer deel met almal oor hoe sy week verloop het.

2de afdeling: Die lees en bestudering van die Bybel.

3de afdeling: Stel doelwitte vir die week vorentoe en deel gebedsversoeke.

2.1 Gebed en Lofprysing

In 'n geloofsgebaseerde groep soos OBS, om met gebed te begin, nooi God se teenwoordigheid in en Sy leiding. Lofprysing deur liedere of uitgespreek, skep 'n gees van aanbidding en dankbaarheid.

2.2 Die Vestiging van Aanspreeklikheid

Om by groeplede in te skakel is noodsaaklik vir aanspreeklikheid en ondersteuning. Sleutelvrae sluit in:

- Lees jy daaglik die Bybel en oordink wat jy gelees het?
- Bid jy gereeld?
- Het jy die lesse geleer uit vorige vergaderings toegepas?

3. Hersiening van Vorige Lesse en Toewydings

Oorpeinsing van dinge geleer in vorige vergaderings help hulle om konstant te bly en aanspreeklik te wees.

3.1 Hersiening van Vorige Lesse

Groepslede moet kortliks opsom wat in die vorige vergadering geleer is. Dit verfris almal se geheue en bou voort op vorige besprekings.

3.2 Deel van Ervarings

Deelnemers moet bespreek hoe hulle toegepas het wat hulle geleer het. Sleutelvrae sluit in:

- Hoe het jy die leerstellings van die laaste les gehoorsaam?
- Het jy dit met iemand anders gedeel?
- Watter uitdagings het jy teëgekom in die toepassing van die les?

4. Groep studie

Die studie deel is die kern van die byeenkoms. Die betrokkenheid van alle deelnemers verseker 'n dieper begrip en toepassing. Verskeie waarnemings maak die studie interessant en uitdagend.

4.1 Lees van die Skrifgedeelte

Die gekose Skrifgedeelte moet twee keer hardop geles word om duidelikheid en begrip te verseker.

4.2 Herhaling van die Storie

Een of meer groepslede moet probeer om die gedeelte vanuit hul geheue oor te vertel. Dit versterk leering en verseker begrip.

4.3 Bespreking van die Skrifgedeelte

Die bespreking moet gelei word deur sleutelvrae:

- Wat openbaar hierdie gedeelte aangaande God?
- Wat leer dit ons oor mense?
- Watter instruksies of waarskuwings bevat dit?
- Hoe kan ons dit in ons daaglikse lewe toepas?

Die aanmoediging van verskeie standpunte, verryk die bespreking en bring dieper insigte.

5. Toepassing van die Lesse

Die praktiese toepassing van lesse verseker dat die lering in aksie oorgaan.

5.1 Onmiddellike Toepassing

Moedig deelnemers aan om dit wat hulle geleer het, dadelik toe te pas. Dit kan gebed vir mekaar, toewydings maak, of om onmiddellike aksie oor die les te neem, insluit.

5.2 Persoonlike Toewydings

Elke deelnemer moet die volgende vrae beantwoord:

- Hoe sal ek dit wat ek vandag geleer het, gehoorsaam?
- Met wie sal ek hierdie les deel?
- Vir wie sal ek hierdie week bemoedig of mentor?

Verbale toewydings bevorder verantwoordelikheid en aanspreeklikheid.

6. Om te Gee en Gemeenskapsondersteuning

Om te gee is 'n belangrike deel van geloofsgebaseerde groepe. In 'n kerk is die insameling van 'n offerande en die besluit van hoe om dit vir gemeenskapssteun of sending te gebruik, 'n gesamentlike verantwoordelikheid.

7. Afsluiting van die Vergadering

7.1 Slotgebed

'n Slotgebed behoort die volgende in te sluit:

- Danksegging vir insigte verkry
- Versoeke vir krag om lesse wat geleer is, toe te pas
- Gebed vir persoonlike en groep behoeftes

7.2 Planne vir die Toekoms maak

Voor daar afgesluit word, besluit eers oor:

- Die datum en tyd van die volgende byeenkoms
- Die vers of tema van die volgende studie
- Enige aksies wat voor die volgende sessie nodig word

Raamwerk vir Ondekkings-Bybelstudiebyeenkoms

Bid: Begin die byeenkoms met gebed.

Lof: Prys God met liedere of woorde.

Vra: vir aanspreeklikheid, vra mekaar die volgende vrae:



1. Het jy elke dag die Bybel gelees / geluister en gebed?
2. Hoe was jy gehoorsaam aan wat jy uit die Bybel / vorige les geleer het?
3. Het jy die evangelie gedeel sedert ons laaste ontmoeting?
4. Deel gebedsversoeke of getuienisse. Bid dan vir mekaar.

Studeer: Leer saam uit die Bybel.



1. **Lees** die gedeelte wat bestudeer word hardop.
2. **Praat** oor die storie en gee 'n opsomming. (Wat het eerste gebeur? Wat het daarna gebeur?)
3. Laat enkele lede van die groep die storie **uit hulle kop vertel**.
4. **Vra** die volgende vrae een vir een:
 - a. Wat leer dit ons van **God** (Vader / Seun of Heilige Gees)?
 - b. Wat leer dit ons van **mense** (ons)?
 - c. Watter dinge **moet ons doen, of nie doen nie?**

Toepassing: Doen wat jy kan om die lering onmiddellik toe te pas (tydens die les).



Doen: Hoe gaan jy gehoorsaam wees aan wat jy vandag geleer het? Met wie gaan jy dit deel? Met wie gaan jy hierdie week die Evangelie deel? Vertel die groep vir aanspreeklikheid.

Gee: Neem 'n offergawe op en besluit as 'n groep wat om daarmee te doen (indien 'n kerk).

Gebed: Sluit die byeenkoms af met gebed.

Die diagram hierbo wys wat die basiese stappe is vir 'n kleingroep om die Woord van God effektief saam te kan bestudeer.

Hier onder is 'n lys verse wat gebruik kan word om die Bybel te bestudeer vir die eerste 7 weke. Die bogenoemde benadering kan gebruik word om verskeie temas van die Bybel te bestudeer.

1	Bekeer en glo	Lukas 19:1-10
2	Word gedoop	Handelinge 8:26-39
3	Bid	Matteus 6:5-15
4	Gaan en maak dissipels	Johannes 4:4-42
5	Liefde	Lukas 10:25-37
6	Nagmaal	Lukas 22:7-20
7	Gee	Markus 12:41-44

Onder is 'n lys van onderwerpe en bybel verse wat vir studies gebruik kan word.

Onderwerp		Verwysing
1	In die begin	Johannes 1:1-3
2	Die skepping	Genesis 1-2
3	Sonde en dood	Genesis 2:15-17, Genesis 3
4	Moord	Genesis 4:1-16
5	Vloed / Belofte	Genesis 6 - 9:17
6	Babel	Genesis 11:1-9
7	Abraham - Belofte	Genesis 12:1-5, 15:1-20
8	Abraham - Toets	Genesis 22:1-19
9	Josef - Israel na Egipte	Genesis 37, 39-46
10	Moses	Eksodus 1, 4:1-17
11	Bevryding	Eksodus 5-15
12	Tien Gebooie	Eksodus 19:3-6, 20:1-17
13	Ewige Koninkryk	2 Samuel 5:1-5, 7:1-17
14	Elija	1 Konings 12:25-30, 17:1, 18:16-46
15	Profesie oor die Redder - ballingskap, Jerusalem gekeer	2 Konings 17:1-23, 25:1-12, 53, Jeremia 23:5-8
16	Geboorte van Jesus	Jesaja 7:14, Miga 5:2-5, Matteus 1:18-21, Lukas 1:26-38, 2:1-20
17	Doop en toets van Jesus	Lukas 2:52, Matteus 3:1-3, 11, 13, 4:1-11, Lukas 4:14, 31-44
18	Die dissipels	Lukas 5:1-11, Markus 3:14-15

	Onderwerp	Verwysing
19	Regeer oor die natuur	Lukas 8:22-25
20	Outoriteit oor geeste	Markus 5:1-20
21	Outoriteit oor siekte/sonde	Lukas 5:17-26
22	Outoriteit oor die dood	Johannes 11:1-44
23	Die Verlore Seun	Lukas 15
24	Die ryk en arm man	Lukas 16:19-31
25	Avondmaal	Lukas 22:1-27
26	Jesus se dood	Lukas 22:39-71
27	Opstanding en opvaring	Matteus 28:1-20, Lukas 24:1-8, Handelinge 1:1-14
28	Heilige Gees / kerk	Handelinge 2:1-47
29	Finale woorde	1 Tessalonisense 4
30	Nuwe hemel en aarde	Openbaring 21-22:6



Hoofstuk Agtien

Voorbereiding vir die Doop

Die Noodsaaklikheid van Doop vir die Christelike Gelowige

Inleiding

Doop is een van die vernaamste sakramente van die Christelike geloof en simboliseer 'n gelowige se eenheid met Christus in Sy dood, begrafnis en opstanding. Terwyl verskillende Christelike tradisies die doop op verskillende maniere verstaan, bied Romeine 6 'n sterk teologiese basis vir die noodsaaklikheid daarvan in 'n gelowige se lewe. Hierdie hoofstuk ondersoek drie belangrike redes waarom 'n nuwe Christen gedoop moet word:

1. Doop simboliseer die afsterwe van sonde en die lewe in Christus
2. Dit is 'n daad van gehoorsaamheid en 'n openbare geloofsverklaring
3. Dit dien as 'n ingang tot 'n nuwe lewe in Christus.

Deur Romeine 6 noukeurig te ontleed, sal ons demonstreer waarom doop 'n noodsaaklike stap in 'n gelowige se geestelike reis is.

1. Sterf vir Sonde en Lewe vir Christus

Die apostel Paulus verklaar in Romeine 6:3-4: *“Of weet julle nie dat ons almal wat in Christus Jesus gedoop is, in Sy dood gedoop is nie? Ons is dus saam met Hom begrawe deur die doop in die dood, sodat, net soos Christus uit die dode opgewek is deur die heerlikheid van die Vader, ons ook so in 'n nuwe lewe kan wandel.”* Hierdie gedeelte illustreer dat doop 'n simboliese daad is van deelname aan Christus se dood, begrafnis en opstanding.

Vir 'n nuwe gelowige beteken doop die breek van die mag van sonde oor sy lewe. Voor hulle Jesus aanneem, is mense slawe van sonde en leef hulle onder sonde se heerskappy. (Romeine.6:6). Maar deur die doop verklaar 'n persoon aan almal, dat hulle die sonde verwerp en hulself aan Christus

toewy. Net soos Christus gesterf en begrawe is, simboliseer doop die gelowige se geestelike dood vir sonde. So ook, met Christus se opstanding, verteenwoordig doop die gelowige se opstanding tot 'n nuwe lewe wat deur geregtigheid regeer word.

Hiermee versterk doop die betekenis van redding. Christenskap gaan nie net oor intellektuele geloof in God nie, maar ook in die aktiewe deelname aan die lewe, dood en opstanding van Christus. Dit is 'n lewende voorstelling van hierdie transformasie en 'n uiterlike bevestiging dat 'n gelowige hul ou sondige natuur agtergelaat het.

2. Doop: 'n Daad van Gehoorsaamheid en 'n Openbare Verklaring van Geloof

Doop is nie net simbolies nie; dit is ook 'n daad van gehoorsaamheid aan Christus se opdrag.

In die Groot Opdrag beveel Jesus Sy dissipels: *“Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.”* (Matteus 28:19-20). Hierdie opdrag vestig doop as uiters belangrik vir almal wat kies om Christus te volg.

Romeine 6 beklemtoon die noodsaaklikheid van die doop, deur 'n gelowige se nuwe identiteit in Christus te beklemtoon. Paulus beklemtoon dat dié wat gedoop is, “vrygemaak is van sonde en slawe van geregtigheid geword het” (Romeine 6:7). Die doop is nie net 'n persoonlike besluit nie; dit is 'n geloofsverklaring en 'n getuienis aan ander. Wanneer 'n gelowige gedoop word, verklaar hy publiek aan sy familie, vriende en gemeenskap dat hy gekies het om Christus te volg en om hom aan Sy heerskappy te onderwerp.

Hierdie openbare getuienis is belangrik omdat Christene nie bedoel is om alleen die reis te onderneem nie. Die kerk, as die liggaam van Christus, bestaan uit gelowiges wat mekaar ondersteun en aanmoedig. Die doop merk die begin van 'n gelowige se reis binne hierdie geestelike familie.

Deur gedoop te word, erken 'n persoon nie net hul toewyding aan

Christus nie, maar ook aan die Christelike gemeenskap, en bevestig daardeur dat hulle deel is van iets groter as hulself.

Boonop bevorder die doop verantwoordbaarheid. Deur in die teenwoordigheid van ander gedoop te word, verbind 'n gelowige hulself daartoe om volgens die beginsels van die Woord te leef. Hierdie openbare verklaring versterk hul vasberadenheid en moedig mede-gelowiges aan om hulle in hul geloofsreis te ondersteun.

3. Die Doop: Die Betreding van 'n Nuwe Lewe in Christus

Paulus beklemtoon in Romeine 6:4 dat gelowiges deur die doop “*opgewek word om in 'n nuwe lewe te wandel.*” Hierdie uitspraak som die wese van Christelike herskepping op. Die doop is nie net 'n ritueel nie, maar die begin van 'n nuwe lewe wat bemagtig word om in geregtigheid te leef.

In Romeine 6:11 skryf Paulus: “*So moet julle ook reken dat julle wel vir die sonde dood is, maar lewend is vir God in Christus Jesus, onse Here.*” Hierdie vers toon dat die doop nie net gaan oor die aflegging van sonde nie, maar ook oor die aanneming van 'n nuwe bestaan, gekenmerk deur gehoorsaamheid aan God. In hierdie nuwe lewe word die gelowige nie meer deur sondige begeertes oorheers nie, maar word hulle deur die Heilige Gees gelei (Romeine 8:9-11).

Hierdie herskeppende aspek van die doop bied gelowiges versekering. Dit skep 'n tasbare oomblik wat hulle kan onthou as die tyd waarop hulle begin het om Jesus getrou te volg. Net soos Christus se opstanding 'n deurslaggewende gebeurtenis in die heilsgeskiedenis was, is die doop 'n bepalende oomblik in 'n gelowige se geestelike reis—die oorgang van 'n sondige verlede na 'n nuwe lewe van geregtigheid en heiligheid.

Verder dui die doop op 'n gelowige se inlywing in die liggaam van Christus, die Kerk.

Paulus verklaar in 1 Korinthiërs 12:13: “*Want ons is almal ook deur een Gees gedoop tot een liggaam, of ons Jode of Grieke is, slawe of vrymanne; en ons is almal van een Gees deurdronge.*” Hierdie vers beklemtoon die verenigende aard van die doop, wat gelowiges in een familie inbring. Deur hierdie eenheid groei gelowiges in hul geloof en vervul hulle hul roeping om God en ander te dien.

Gevolgtrekking

Soos beklemtoon in Romeine 6, is die doop 'n noodsaaklike stap vir elke Christelike gelowige. Dit is 'n kragtige simbool van sterf aan die sonde en om op te staan in 'n nuwe lewe in Christus; 'n uitdrukking van gehoorsaamheid, 'n openbare verklaring van geloof, en 'n toetrede tot 'n herskepte lewe van geregtigheid.

Paulus se leringe maak dit duidelik dat die doop nie 'n opsionele ritueel is nie, maar 'n belangrike deel van 'n gelowige se geestelike reis.

Vir nuwe gelowiges, merk die doop die begin van 'n nuwe hoofstuk in hul verhouding met Christus. Dit is 'n oomblik van oorgawe, toewyding en verandering. Deur die doop identifiseer gelowiges hulle nie net met Christus se dood en opstanding nie, maar aanvaar hulle ook hul rol binne die liggaam van Christus. Soos hulle uit die water van die doop opstaan, tree hulle in 'n lewe in wat toegewy is aan die verheerliking van God, gelei deur die Heilige Gees.

Uiteindelik is die doop 'n bewys van God se genade en die gelowige se reaksie op daardie genade. Dit is 'n bepalende oomblik wat hul geloofsreis vorm en hulle bemagtig om in Christus se liefde en geregtigheid te leef. Soos Paulus in Romeine.6:14 verkondig: *“Want die sonde sal oor julle nie heers nie, want julle is nie onder die wet is nie, maar onder die genade.”* Daarom is die doop 'n daad wat 'n gelowige se plek in God se genade bevestig en hul identiteit as 'n kind van God en 'n dissipel van Jesus Christus, bevestig.

Vrae:

1. Hoe verduidelik Romeine 6:3-4 die simboliese betekenis van die doop in verband met Christus se dood, begrafnis en opstanding?
2. Hoekom word die doop beskou as 'n daad van gehoorsaamheid en 'n openbare verklaring van geloof volgens Jesus en Paulus se leringe?
3. Hoe bevestig die doop die begin van 'n gelowige se nuwe lewe in Christus en beïnvloed dit hul verhouding met die Kerk? 

Persoonlike notas: _____

Hoofstuk Negentien

Die Bybelse Model van 'n Plaaslike Kerk: 'n Studie van Handeling 2:37-47

Inleiding

Die plaaslike kerk is 'n noodsaaklike deel van 'n gelowige se geestelike reis en bied 'n plek aan vir aanbidding, gemeenskap, geestelike groei en diens. Handeling 2:37-47 verskaf 'n basiese model van hoe 'n plaaslike kerk moet lyk en waarom gelowiges deel daarvan behoort te wees. Hierdie gedeelte beskryf die vroeë kerk se ontstaan en beklemtoon belangrike aspekte wat 'n gesonde Christelike gemeenskap omvat.

Belangrike Opsigte van 'n Plaaslike Kerk

1. Woord gesentreerde Prediking en Lering

Handeling 2:37-38 beskryf hoe Petrus se preek die harte van sy luisteraars geraak het, en wat gelei het tot bekering en die doop. 'n Plaaslike kerk moet toegewy wees aan die getroue verkondiging van die Evangelie en die onderrig van gesonde leerstellings om geestelike groei te bevorder.

2. Bekering en die Doop

Mense het gereageer op die Evangelie deur hul te bekeer en te laat doop. (Handeling 2:38). 'n Plaaslike kerk behoort verlossing deur geloof in Jesus Christus te beklemtoon en nuwe gelowiges aan te moedig om hul geloof openlik deur die doop te verklaar.

3. Toenyding aan die Apostels se Lering

In Handeling 2:42 het die vroeë gelowiges hulself toegewy aan die apostels se lering. Dit toon die belangrikheid van deurlopende leer en getrouheid aan Bybelse waarheid.

4. Gemeenskap en Verbondenheid

Die vroeë kerk het gereeld bymekaargekom vir gemeenskap, om maaltye te

deel en saam te bid (Handelinge 2:42, 46). 'n Plaaslike kerk behoort sterk verhoudings onder gelowiges te bevorder en geestelike en emosionele ondersteuning te bied.

5. *Gebed en Aanbidding*

Handelinge 2:42 en 47 beklemtoon die belangrikheid van gesamentlike gebed en aanbidding. 'n Flooreerende kerk behoort gemeenskaplike en individuele gebed, aanbidding en die soeke na God se teenwoordigheid as prioriteit te hê.

6. *Vrygewigheid en Onderlinge Sorg*

Die vroeë kerk het hul hulpbronne verdeel en voorsien in die behoeftes van ander. (Handelinge 2:44-45). 'n Woordgebaseerde kerk moet gekenmerk word deur vrygewigheid, liefde en onderlinge ondersteuning.

7. *Evangelisasie en Groei*

Handelinge.2:47 sê dat die Here daaglik dié wat gered was, by hulle getalle gevoeg het. 'n Gesonde plaaslike kerk moet aktief wees in evangelisasie, die verspreiding van die Evangelie, en om nuwe gelowiges verwelkom.

Redes waarom ons Deel van 'n Plaaslike Kerk behoort te Wees

1. *Geestelike Groei en Dissipelskap*

Om deel wees van 'n plaaslike kerk stel gelowiges in staat om in hul geloof te groei deur gesonde lering, mentorskap en dissipelskap.

2. *Gemeenskap en Bemoediging*

Die kerk bied 'n gevoel van toebehoortheid en bemoediging, wat gelowiges help om in hul geloof te volhard.

3. *Geleenthede vir Aanbidding*

Gesamentlike aanbidding is 'n belangrike deel van die Christelike lewe, wat gelowiges toelaat om God saam te verheerlik.

4. Diens en Bediening

Die plaaslike kerk bied geleenthede vir gelowiges om hul gawes tot diens van God en ander te gebruik.

5. Verantwoordbaarheid en Geestelike Ondersteuning

'n Kerkgemeenskap help gelowiges om verantwoordbaar te bly in hul geloof en bied ondersteuning tydens uitdagings.

6. Deelname aan God se Sendingsplan

Deur evangelisasie en uitreiking, neem lede van 'n plaaslike kerk deel aan die vervulling van die Groot Opdrag (Mattheus 28:19-20).

Gevolgtrekking

Handelinge 2:37-47 bied 'n kragtige model van wat 'n plaaslike kerk behoort te wees, aan: toegewy aan God se Woord, verbind tot gebed en aanbidding, betrokke by opregte gemeenskap, en aktief in evangelisasie. Om deel te wees van 'n plaaslike kerk is noodsaaklik vir geestelike groei, bemoediging en deelname aan God se sendingsplan. Elke gelowige moet daarna streef om 'n aktiewe lid van 'n plaaslike kerk wat ooreenstem met hierdie Bybelse beginsels, te wees.

Die Gawes van die Heilige Gees in die Lewe van 'n Weergebore Christen en Hul Rol in die Plaaslike Kerk

Inleiding

Die gawes van die Heilige Gees is goddelike vermoëns wat aan gelowiges gegee word om hulle toe te rus vir diens tot die liggaam van Christus.

Wanneer persone wedergebore en gedoop word, ontvang hulle die Heilige Gees, wat hulle bemagtig met geestelike gawes vir die stigting van die kerk (1 Korintheërs 12:7). Hierdie gawes stel die gelowiges in staat om doeltreffend by te dra tot die plaaslike geloofsgemeenskap, wat eenheid versterk en God se koninkryk bevorder. Hierdie hoofstuk ondersoek die verskillende gawes van die Heilige Gees soos uiteengesit in die Nuwe

Testament, asook die rol van pasgedoopte gelowiges in die Christelike geloofsgemeenskap.

Die Gawes van die Heilige Gees

Die Nuwe Testament verskaf 'n lys van geestelike gawes en beklemtoon hul goddelike oorsprong en doel. Hierdie gawes sluit in:

1. **Wysheid:** Die vermoë om God se waarheid doeltreffend toe te pas (1 Korintheërs 12:8).
2. **Kennis:** 'n Verdiepte begrip van geestelike sake (1 Korintheërs 12:8).
3. **Geloof:** Buitengewone vertroue in God se krag (1 Korintheërs 12:9).
4. **Genesing:** Die vermoë om siektes deur middel van goddelike krag te genees (1 Korintheërs 12:9).
5. **Wonderwerke:** Die vermoë om bonatuurlike dade te kan verrig (1 Korintheërs 12:10).
6. **Profesie:** Die verkondiging van God se wil en waarheid (1 Korintheërs 12:10; Romeine 12:6).
7. **Geestelike onderskeiding:** Die onderskeiding van geestelike invloede (1 Korintheërs 12:10).
8. **Tale:** Die spreek in Godgegewe tale (1 Korintheërs 12:10).
9. **Vertolking van tale:** Begrip en vertolking van geestelike tale (1 Korintheërs 12:10).
10. **Bediening (Hulp):** Om ander op praktiese maniere te ondersteun (Romeine 12:7; 1 Korintheërs 12:28).
11. **Lering:** Om God se woord duidelik oor te bring (Romeine 12:7; Efesiërs 4:11).
12. **Vermaning:** Om gelowiges te versterk en te motiveer (Romeine 12:8).
13. **Om Te Gee:** Vrygewig op alle gebiede (Romeine 12:8).
14. **Leierskap:** Om die kerk te lei en oorsig te beoefen. (Romeine 12:8).
15. **Barmhartigheid:** Om deernis te toon aan diegene in nood (Romeine 12:8).
16. **Apostelskap:** Om kerke te stig en te bearbei (Efesiërs 4:11; 1 Korintheërs 12:28).

17. **Evangeliste:** Om die evangelie doeltreffend te versprei (Efesiërs 4:11).
18. **Herder** (Pastor): Om hul gemeente te versorg en te lei (Efesiërs 4:11).

Die Rol van die Pasgedoopte Gelowige in die Christelike Geloofsgemeenskap

'n Pasgedoopte gelowige speel 'n belangrike rol in die Christelike geloofsgemeenskap. Vyf sleutelrolle sluit in:

1. Diens in die Bediening: Gebruik van hul geestelike gawes om in die behoeftes van die kerk te voorsien (1 Petrus 4:10-11).
2. Tot opbouing van die Kerk: Bemoediging en versterking van medegelowiges (1 Thessalonicense 5:11).
3. Verspreiding van die Evangelie: Deelname aan evangelisasie en uitreikings (Mattheus 28:19-20).
4. Dissipelskap en Groei: Om te leer en te groei in die geloof en ander te help om volwassenheid te bereik. (Kolossense 3:16).
5. Bevordering van Eenheid: Bydrae tot die harmonie en liefde in die kerk (Efesiërs 4:3-6)

Gevolgtrekking

Die gawes van die Heilige Gees is van uiterste belang in die lewe van 'n wedergebore Christen en in die kerk.

Dit bemagtig gelowiges om hul God-gegewe doelwitte te bereik, die geloofsgemeenskap te versterk en die evangelie te versprei. Nuutgedoopte gelowiges word verwag om hul geestelike gawes te ontdek en dit te gebruik in diens, stigting en leierskap. Hul bydrae is noodsaaklik vir die bevordering van eenheid, geloofsgroei, en die maak van dissipels. Soos elke gelowige hul gawes bydra, floreer die plaaslike kerk en word Christus se sending op aarde vervul.

Evaluerings vrae

1. Noem drie geestelike gawes wat in die Nuwe Testament voorkom, en waar verskyn hulle in die Skrif?
2. Hoe kan 'n nuutgedoopte gelowige tot die plaaslike kerk bydra, deur hul geestelike gawes te gebruik?
3. Hoekom is dit belangrik dat geestelike gawes binne die Christelike gemeenskap gebruik word? 

Persoonlike notas:

Naskrifte

Ek hoop dat jy die materiaal in hierdie handleiding nuttig gevind het. Ek het probeer om dit so prakties moontlik te hou en jou, die leser, die vryheid gegee om die materiaal te gebruik en aan te pas soos jy goeddink in jou unieke situasie.

Die vraag wat jy nou moet beantwoord, is: “Wat is die volgende stap?” Mag ek voorstel dat jy tyd neem om te bid en dit aan die Here Jesus voor te lê? Dit is my vaste oortuiging dat God wil hê jy moet hierdie materiaal gebruik om iemand anders toe te rus. Waarom neem jy nie ‘n tyd van gebed om die Heilige Gees te vra om jou te lei en vir jou iemand aan te wys na wie jy kan uitreik om te dissipel nie? Ek glo die Here het reeds iemand in jou netwerk van verhoudings geplaas wat Hy deur jou wil bereik.

Die bal is nou in jou hande om die moed bymekaar te skraap en hierdie persoon te nader. Nooi hulle vir ‘n koppie tee of koffie en deel jou hart. Jy mag dalk verbaas wees om te ontdek dat die Here reeds iemand voorberei het met ‘n behoefte om gedissipel te word.

Ek weet hierdie handleiding is geensins volledig nie, maar dit sal jou ten minste die noodsaaklike beginsels gee om te begin. Daar is ‘n magdom materiaal beskikbaar om te gebruik. Hierdie handleiding is bloot my poging om jou met die basiese toerus om hierdie opwindende reis aan te pak.

Ek moedig jou aan om in gebed die volgende stappe te oorweeg en dit dan in geloof en gehoorsaamheid te neem. Dit is ‘n maraton, nie ‘n kort naelloop nie. Daar sal baie struikelblokke wees om te oorkom, maar onthou—jy is nie alleen nie.

Die Here Jesus het vir elkeen van ons die Heilige Gees gegee om ons te lei en te help. Mag jy groei in jou geloof terwyl jy jou lewe in ander belê.





Die belangrikste besluit van jou lewe⁷

Het jy al gevoel hoe God aan jou hart trek? Om 'n Christen te word is een van die belangrikste stappe wat jy ooit in jou lewe sal neem. 'n Deel daarvan om 'n Christen te word, is om te verstaan dat almal sondig. Die Bybel sê die prys of straf vir sonde is die dood. Lees verder om te ontdek wat die Bybel leer oor om 'n Christen te word en wat dit beteken om 'n volgeling van Jesus Christus te wees.

Verlossing Begin By God

Die roeping tot verlossing begin by God. Hy neem die eerste stap deur ons na Hom toe te trek.

Johannes 6:44: *“Niemand kan na My toe kom as die Vader wat My gestuur het hom nie trek nie.”*

Openbaring 3:20: *“Kyk, Ek staan by die deur en klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan.”*

Menslike Pogings Is Vrugteloos

God verlang 'n intieme verhouding met ons, maar ons kan dit nie op eie krag bereik nie.

Deur Sonde Geskei

Ons het 'n probleem. Ons sonde skei ons van God en laat ons geestelik leeg. Romeine 3:23: *“Want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God.”*

Dit is onmoontlik vir ons om op eie krag vrede met God te vind. Enige poging wat ons aanwend om God se guns te wen of verlossing te verdien, is nutteloos en vrugteloos.

⁷ Fairchild, Mary. “What the Bible Says About Becoming a Christian.” Learn Religions. [https:// www.learnreligions.com/how-to-become-a-christian-701019](https://www.learnreligions.com/how-to-become-a-christian-701019).

'n Gawe van God

Verlossing is dus 'n gawe van God. Hy bied hierdie gawe aan deur Jesus, sy Seun. Deur sy lewe aan die kruis af te lê, het Christus ons plek ingeneem en die uiteindelijke prys betaal—die straf vir ons sonde: die dood. Jesus is ons enigste weg na God.

Johannes 14:6: *“Jesus sê vir hom: ‘Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie.’”*

Romeine 5:8: *“Maar God bewys sy liefde vir ons hierin: Christus het vir ons gesterf toe ons nog sondaars was.”*

Reageer op God se Roepstem

Die enigste ding wat ons moet doen om 'n Christen te word, is om op God se roepstem te reageer.

Wonder jy steeds hoe om 'n Christen te word?

Om God se gawe van verlossing te ontvang is nie ingewikkeld nie. Die reaksie op God se roepstem word in hierdie eenvoudige stappe in die Bybel verduidelik:

1) Erken dat jy 'n sondaar is en draai weg van jou sonde.

Handelinge 3:19 sê: *“Bekeer julle dan en draai na God, sodat julle sondes uitgewis kan word, en tye van verkwikking van die Here af kan kom.”*

Bekeer beteken letterlik “'n verandering van denke wat lei tot 'n verandering van optrede.” Om te bekeer beteken dus om te erken dat jy 'n sondaar is. Jy stem met God saam dat jy gesondig het. Die daaruit voortvloeiende “verandering van optrede” is om jou van sonde af weg te draai.

2) Glo dat Jesus Christus aan die kruis gesterf het om jou van jou sondes te red en vir jou die ewige lewe te gee.

Johannes 3:16 sê: *“God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê.”*

Om in Jesus te glo is ook deel van bekering. Jy verander jou denke van ongelooft na geloof, wat lei tot 'n verandering van optrede.

3) Kom na Hom toe in geloof.

In Johannes 14:6 sê Jesus: “*Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie.*”

Geloof in Jesus Christus is ’n verandering van denke wat lei tot ’n verandering van optrede—jy kom na Hom toe.

4) Jy kan ’n eenvoudige gebed tot God bid.

Jy mag dalk jou reaksie op God in ’n gebed wil uitdruk. Gebed is eenvoudigweg om met God te praat. Bid in jou eie woorde. Daar is geen spesiale formule nie. Praat net uit jou hart met God en glo dat Hy jou gered het. As jy verlore voel en nie weet wat om te bid nie, is hier ’n gebed van verlossing:

Liewe Here,

Ek erken dat ek ’n sondaar is. Ek het baie dinge gedoen wat U nie behaag nie. Ek het my lewe vir myself geleef. Ek is jammer en ek bekeer my. Ek vra U om my te vergewe.

Ek glo dat U aan die kruis vir my gesterf het om my te red. U het gedoen wat ek nie vir myself kon doen nie. Ek kom nou na U toe en vra U om beheer van my lewe oor te neem; ek gee dit aan U.

Vanaf vandag af help my om elke dag vir U te leef en op ’n manier wat U behaag.

Ek het U lief, Here, en ek dank U dat ek die ewigheid saam met U sal deurbring.

Amen.

5) Moenie twyfel nie.

Verlossing is uit genade, deur geloof. Daar is niks wat jy gedoen het of ooit kan doen om dit te verdien nie. Dit is ’n gratis gawe van God. Al wat jy hoef te doen, is om dit te ontvang!

Efesiërs 2:8 sê: “Want uit genade is julle gered, deur geloof—en dit is nie uit julleself nie, dit is die gawe van God.”

6) Vertel iemand van jou besluit.

Romeine 10:9-10 sê: “As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word. Want met die hart glo ’n mens en word vrygespreek, en met die mond bely ’n mens en word gered.”



Jou Rol in Wêreldsending

Operation Mobilization is 'n internasionale sendingorganisasie met bedieninge in meer as honderd-en-tien lande regoor die wêreld. Gestig in 1957, het die bediening gegroei van 'n klein groepie studente tot meer as ses duisend voltydse werkers van regoor die wêreld.

Jy mag dalk wonder waar jy, as Christen, inpas in God se plan vir die redding van die wêreld. Hier is 'n paar maniere waarop jy nou reeds betrokke kan raak!

Jy kan bid — Word ingelig oor God se wêreld. Vra vir inligting oor sendelinge in gebiede wat vir jou van besondere belang is.

Staan voor God namens jou broers en susters op die sendingveld. Bid dat meer sendelinge geroep en uitgestuur sal word om die verlore siele vir Christus te bereik. Moenie verbaas wees as God jou gebruik om jou eie gebede te beantwoord nie!

Jy kan gee — God het aan jou die voorreg gegee om verantwoordelik te wees vir 'n deel van Sy geld. Besluit hoeveel jy vir jouself mag hou, en gebruik die res om God se koninkryk uit te brei. Een manier is om buitelandse sendingwerk te ondersteun.

Jy kan stuur — Kyk rond in jou kerk of gemeenskap. Soek iemand wat 'n roeping ervaar om 'n sendeling te word, en moedig hulle dan aan om God se leiding vir hul lewe verder te soek. Neem sendelinge aan. Bied vir hulle morele ondersteuning. Bemoedig hulle deur briewe, opnames of e-posse — laat hulle weet dat jy in hulle en hul werk glo.

God het hulle geroep om hierdie werk te doen. Miskien is jy in die posisie om vir hulle verblyf aan te bied of 'n motor te leen terwyl hulle op tuisbesoek is.

Jy kan gaan — Die Groot Opdrag is ook 'n roeping vir jou! Jy kan die nood sien. Waarom wag?

Kontak ons as jy meer wil weet: www.om.org

Ander boeke deur die skrywer

Op die rand van die Paradys

Martin de Lange – Koppig, gedrewe en gefokud – is tevrede met waarheen die lewe hom neem. Getroud met Petro, die liefde van sy lewe, besig om hul jong kind groot te maak en suksesvol in sy werk as ’n forensiese fotograaf by die polisie, dink Martin hy het alles onder beheer; totdat God besluit om self ’n bietjie orde te bring. Binne ’n paar kort jare verander die lewe waarvan Martin altyd gedink het hy dit wou hê, heeltemal. Aangeraak deur ’n passie vir die geestelik verlore mense in Turkye, trek hy sy klein gesin uit hul gevestigde bestaan en begin ’n nuwe lewe in die Midde-Ooste.

Sonder om ooit te weet wat God volgende vir hulle inhou, moet Martin en Petro leer wat dit regtig beteken om *Op die rand van die Paradys te leef...*

Floreer - 7 Beginsels vir ’n Lewe met Impak

Martin se visie om Jesus na die Turkse volk te bring, het gepaard gegaan met baie innerlike onrus en uiterlike teenstand. *Floreer - 7 Beginsels vir ’n Lewe met Impak* gee insig in die begin, die ontwikkeling en die uitdagings van om ’n sendeling te word, en hoe God se trou aan hom en sy vrou Petro vreugde en oorwinnings gebring het wat hulle nooit sou kon droom of selfs verwag nie. Martin se skryfwerk is baie meesleurend, en terwyl jy lees, voel jy die werklikheid van die situasies wat hy beskryf.

Langtermyn-diens onder die minste bereiktes bring vreugde en vervulling; ons reis kan egter ook gepaard gaan met frustrasie en pyn. In hierdie praktiese, ervaringsgebaseerde en Bybels-gegronde boek wys Martin de Lange vir ons sewe beginsels wat hy en sy vrou geleer én geleef het. Praktiese toepaslike stappe in elke hoofstuk kan ons help om van bloot oorlewing na werklike floreer oor te gaan – selfs in uitdagende omgewings. Duidelik, reguit en prakties toegepas.

www.martindelange.org

